

PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR

Jacobus Paulus Fouché, Hons. B. Com.

*Verhandeling voorgelê vir die nakoming van die vereistes vir die graad
Magister Commercii
in die
Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe
aan die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys*

Leier : Prof. J.W. de Jager

POTCHEFSTROOM

1998

VOORWOORD

Die verhandeling is voorberei gedurende 'n tydperk waarin die waarde van finansiële bestuur sterk na vore gekom het, in Suid-Afrika, asook oor die hele wêreld. Die inligting gedurende hierdie tydperk ingesamel het vir myself baie beteken en die hoop word uitgespreek dat dit ook die geval vir elke leser sal wees.

My opregte dank aan die volgende persone:

- My vrou, Susan, vir haar volgehoue ondersteuning en hulp op verskeie terreine.
- Prof. Willie de Jager vir sy onbaatsugtige en waardevolle studieleiding te midde van 'n uiters bedrywige program.
- Prof. Daan Wissing vir die taalversorging.

Laastens wil ek aan God drie-enig, waarsonder niks op aarde moontlik is nie, alle eer gee.

ABSTRACT

PERSONAL FINANCIAL MANAGEMENT

The study brings to attention the lack in education and knowledge regarding personal finances. It seems that the major problems are lack of knowledge and ignorance regarding financial planning.

Quantitative and qualitative matters are investigated. From a Christian point of view, firstly, no financial goals should be accomplished if not in line with the guidelines from God. Secondly, the person performing the planning should take into account and involve the whole family to streamline the process of reaching the common goals.

The income of a person is determined by factors such as the person's qualifications and occupation. The final determining factor would however be the person's personal circumstances and his effort. A further remark regarding income is that the income should determine the living standard and not otherwise.

Household expenditure do not only exist of payments for consumables, assets or debt repayments. It does in fact also include savings for specific purposes. Income should also be used to safeguard money for uncertainties and special goals. Budgeting is the ideal way to assist a person in managing expenses and obtaining financial goals.

Assets should be managed actively. It is every person's responsibility to research and read on subjects regarding assets and asset management. If assets are managed properly it would provide the person with more value for money and satisfaction.

Debt could have one of two effects on a person's finances. It could be something embarrassing and problematic, or if managed properly be positively used in obtaining financial goals. The positive matters regarding debt, such as beating inflation, should be utilised in full.

It is evident, from various sources that most people do not have the means to retire financially independently. By doing an early analysis of a person's needs after retirement, provision can be made to rectify the problem. If the analysis is done early in life the amount needed to be set aside each month would also be less and will be easier to come by. This is however not where personal financial management should stop. The person should also include early estate planning.

Various aspects such as insurance, banking facilities, the small claims court, marital contracts, consumer matters as well as the involvement of the family are often disregarded when thinking of personal financial management. These matters should however be considered in advance to avoid last minute uninvestigated decisions.

The study concludes with a financial model that could assist persons in performing their personal financial management.

SLEUTELTERME

Personal	Persoonlike
Financial	Finansiële
Management	Bestuur
Income	Inkomste
Expenditure	Uitgawes
Assets	Bates
Debt	Skuld
Retirement	Aftrede

INHOUD

Hoofstuk		Bladsy
1.	INLEIDING, AGTERGROND EN DOELSTELLING	
1.1	Inleiding.....	1
1.2	Probleemstelling.....	1
1.3	Oorsig van vorige navorsingsvoorstelle.....	2
1.4	Doel van die studie.....	4
1.5	Afbakening van studieveld.....	4
1.6	Studiemetode.....	5
1.7	Begripsomskrywing.....	5
1.8	Ontplooiing van hoofstukke.....	11
2.	KWALITATIEWE ASPEKTE VAN PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR	
2.1	Inleiding.....	16
2.2	Die Christelike perspektief.....	16
2.2.1	Bybelse beginsels.....	16
2.2.1.1	Alles behoort aan God.....	17
2.2.1.2	Die Christen is in 'n groeiproses.....	17
2.2.1.3	Die bedrag is nie belangrik nie.....	18
2.2.1.4	Geloof het dade nodig.....	18
2.2.2	Hoeveel is genoeg?.....	19
2.2.2.1	Met hoeveel kan God sy kinders vertrou?.....	20
2.2.2.2	Aftredebeplanning.....	21
2.2.2.3	Erflating.....	21
2.2.3	Tiendes.....	22

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk		Bladsy
2.3	Doelwitstelling.....	22
2.3.1	Vastelling van finansiële doelwitte.....	22
2.3.1.1	Doelwitte verskaf rigting en betekenis.....	23
2.3.1.2	Doelwitte orden gedagtes.....	23
2.3.1.3	Doelwitte voorsien persoonlike motivering.....	23
2.3.1.4	'n Doelwit is 'n stelling dat God se wil vir 'n persoon se lewe nagevolg word.....	23
2.3.2	Struikelblokke om te oorkom by doelstellings.....	24
2.3.2.1	Vrees vir mislukking.....	24
2.3.2.2	Daar word aangeneem dat dit baie tyd in beslag neem.....	24
2.3.2.3	Die mens weet nie watter doelwitte om te stel nie.....	24
2.3.2.4	Die mens weet nie hoe om doelwitte te stel nie.....	25
2.3.3	Om doelwitte in die geloof te stel.....	25
2.3.3.1	Bring tyd saam met God deur.....	25
2.3.3.2	Skryf die gedagtes neer.....	26
2.3.3.3	Maak die doelwit meetbaar.....	26
2.3.3.4	Gaan oor tot aksie.....	26
2.4	Finansiële beplanning in die gesin.....	27
2.4.1	Betrek die gesin.....	27
2.4.2	Opvoeding van kinders.....	27
2.4.3	Jong getroudes.....	28
2.5	Byhou van rekords.....	29
2.6	Gevolgtrekking.....	30
3.	INKOMSTE	
3.1	Inleiding.....	31
3.2	Faktore wat inkomste beïnvloed.....	31

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk		Bladsy
3.2.1	Opvoedkundige kwalifikasies.....	32
3.2.2	Aard van die beroep.....	33
3.2.3	Ondervinding.....	35
3.2.4	Persoonlike bates en eienskappe.....	35
3.3	Tipes inkomstes.....	35
3.3.1	Salaris.....	35
3.3.2	Byvoordele.....	36
3.3.2.1	Behuisingsubsidie.....	36
3.3.2.2	Vervoer of motortoelaag.....	36
3.3.2.3	Rentevrye en lae rentekoers lenings.....	39
3.3.2.4	Gratis huisvesting en goedkoop behuising.....	39
3.3.2.5	Onthaaltoelaag.....	40
3.3.2.6	Reis en verblyftoelae.....	40
3.3.3	Pensioen.....	41
3.3.4	Piramideskemas en ander gou-rykword-skemas.....	41
3.3.4.1	Die mens is gierig.....	41
3.3.4.2	Hoe gaan die swendelaars te werk?.....	42
3.3.4.3	Hoe lyk 'n gevaarlike skema?.....	42
3.3.4.4	Voorbeelde van skemas.....	43
3.3.4.5	Stappe om te volg.....	44
3.3.5	Beleggingsinkomste.....	45
3.3.5.1	Rente.....	45
3.3.5.2	Dividende.....	45
3.3.5.3	Kapitaalwinste.....	45
3.3.5.4	Inkomste vanuit 'n buitelandse bron.....	45
3.3.6	Inkomste uit 'n besigheid.....	46
3.4	Aanvullende inkomste.....	46

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk		Bladsy
3.5	Uitdienstredingspakkette.....	47
3.5.1	Afgedankte werknemers.....	48
3.5.2	Enkelbedrag voordele.....	48
3.6	Inkomste teenoor kontantontvangste.....	49
3.6.1	Die begrippe.....	49
3.6.2	Toepassing by persoonlike finansies.....	49
3.7	Gevolgtrekking.....	51
4.	UITGAWES EN BEGROTINGS	
4.1	Inleiding.....	52
4.2	Klassifikasie van uitgawes.....	52
4.3	Tipes uitgawes.....	53
4.3.1	Vaste uitgawes.....	53
4.3.1.1	Belasting.....	53
4.3.1.2	Pensioenfondsbydraes en voorsorgfondbydraes.....	54
4.3.1.3	Mediesefondsbydraes en ander mediese onkoste.....	55
4.3.1.4	Werkloosheidsversekering.....	55
4.3.1.5	Lidmaatskapfooie.....	56
4.3.1.6	Behuising.....	56
4.3.1.7	Vervoer.....	56
4.3.1.8	Huishulp.....	58
4.3.1.9	Versekering.....	60
4.3.1.10	Spaarplanne.....	60
4.3.1.11	Meubels en toerusting.....	61
4.3.2	Veranderlike uitgawes.....	63
4.3.3	Vermynbare uitgawes.....	63

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk		Bladsy
4.4	Begrotings.....	63
4.5	Wat is 'n begroting ?.....	64
4.6	Waarom begrotings nodig is ?.....	64
4.4.1	Wie moet die begroting opstel ?.....	64
4.4.2	Hoe word 'n begroting opgestel en gebruik ?.....	65
4.4.4.1	Ontleed die huidige situasie.....	65
4.4.4.2	Ontwikkel finansiële doelwitte.....	65
4.4.4.3	Implimenteer die begroting.....	66
4.4.4.4	Evalueer en kontroleer die begroting.....	66
4.4.6	Wat kan gedoen word as die begroting nie uitwerk nie ?.....	66
4.5	Gevolgtrekking.....	67
5.	BATEBESTUUR	
5.1	Inleiding.....	68
5.2	Nie-Lopende Bates.....	68
5.2.1	Vaste eiendom.....	68
5.2.2	Voertuie.....	71
5.2.3	Meubels en toerusting.....	71
5.3	Beleggings.....	72
5.3.1	Eiendom.....	73
5.3.2	Besigheid.....	76
5.3.3	Aandele en effekterusts.....	77
5.3.4	Vaste en kennisgewing deposito's.....	78
5.3.5	Deelnemingsverbande.....	78
5.3.6	Ander beleggings.....	79
5.4	Lopende bates.....	81

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk	Bladsy
5.4.1	Voorraad..... 81
5.4.2	Debiteure..... 82
5.4.3	Kontant en "kontant"fasiliteite..... 82
5.4.3.1	Kontant 82
5.4.3.2	Spaarrekeninge..... 83
5.4.3.3	Tjekrekeninge..... 83
5.4.3.4	Kredietkaarte..... 84
5.4.3.5	Optimale kontant..... 84
5.5	Risiko en opbrengs..... 85
5.6	Waardasie van beleggings..... 88
5.6.1	Skuldbriewe..... 88
5.6.1.1	Oneindige of perpetuiteit skuldbriewe..... 88
5.6.1.2	Aflosbare skuldbriewe..... 89
5.6.1.3	Aflossing teen 'n premie of diskonto..... 89
5.6.2	Voorkeuraandele..... 90
5.6.2.1	Kumulatiewe voorkeuraandele..... 90
5.6.2.2	Aflosbare voorkeuraandele..... 91
5.6.2.3	Aflossing teen 'n premie of diskonto..... 92
5.6.2.4	Ander voorkeuraandele..... 92
5.6.3	Waardasie van ekwiteit..... 92
5.6.3.1	Dividendgroeimodel..... 93
5.6.3.2	Kapitaalmarkprysmodel..... 94
5.6.3.3	Netto huidige waarde..... 94
5.6.3.4	Vrye kontantvloei..... 95
5.6.3.5	Netto batewaarde..... 96
5.6.4	Waardasie van eiendom, juwele, skilderye en ander beleggings..... 96
5.7	Spaar..... 96
5.8	Ontspaar..... 97

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk		Bladsy
5.9	Gevolgtrekking.....	97
6.	SKULD- EN KREDIETBESTUUR	
6.1	Inleiding.....	98
6.2	Voordele en nadele van krediet.....	98
6.2.1	Voordele.....	98
6.2.2	Nadele.....	99
6.3	Tipes krediet.....	99
6.3.1	Langtermynkrediet.....	99
6.3.1.1	Verbande.....	100
6.3.1.2	Afbetalingsverkoopsooreenkomste(huurkoop) en bruikhuur.....	100
6.3.2	Korttermyn krediet.....	101
6.3.2.1	Persoonlike lenings.....	101
6.3.2.2	Oortrokke fasiliteit.....	101
6.3.2.3	Kredietkaart.....	102
6.3.2.4	Mikrolenings.....	102
6.4	Redes waarom mense onnodig skuld maak.....	102
6.5	Wenke vir 'n goeie kredietrekord en maklike kredietverlening.....	103
6.6	Hoe om "uit skuld te kom".....	105
6.7	Skuldbestuur.....	106
6.7.1	Gebruik goedkoop krediet.....	107
6.7.2	Bank- en kredietkaartrekonsiliasie.....	109
6.8	Gevolgtrekking.....	110

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk		Bladsy
7	AFTREDE- EN BOEDELBEPLANNING	
7.1	Inleiding.....	111
7.2	Noodsaaklikheid vir aftredebeplanning.....	111
7.3	Aftredevoorsieningsmoontlikhede	112
7.3.1	Pensioenfondse.....	113
7.3.2	Voorsieningsfondse.....	114
7.3.3	Gekoopte pensioen.....	115
7.3.4	Uitgestelde vergoeding.....	115
7.4	Belastingoorwegings.....	115
7.5	Behoeftte bepaling.....	118
7.5.1	Bepaal aftree inkomste benodig.....	119
7.5.2	Bepaal inkomste beskikbaar by aftrede.....	120
7.5.3	Bepaling van tekort.....	120
7.5.4	Kapitaal beskikbaar by aftrede.....	120
7.5.5	Tekorte en maandelikse bydraes.....	121
7.6	Bestuur ná aftrede.....	121
7.7	Boedelbeplanning.....	122
7.7.1	Die noodsaaklikheid van boedelbeplanning.....	123
7.7.2	Boedelbeplanningstegnieke.....	123
7.7.2.1	Testamentêre tegnieke.....	123
7.7.2.2	Vroegtydige tegnieke.....	127
7.7.2.3	Benut die boedel self.....	129
7.8	Gevolgtrekking.....	129

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk

Bladsy

8. DIVERSE AANGELEENTHEDE

8.1	Inleiding.....	131
8.2	Bankfasiliteite en koste.....	131
8.2.1	Sekuriteit.....	131
8.2.1.1	Tjekrekeninge.....	132
8.2.1.2	Kredietkaarte.....	132
8.2.1.3	Outomatiese tellermasjiene.....	132
8.2.2	Nuwe produkte.....	133
8.2.3	Ander.....	133
8.3	Hof vir klein eise.....	133
8.3.1	Voordele.....	133
8.3.2	Watter tipes sake kan hanteer word?.....	134
8.3.3	Wie kan eise instel en teen wie kan eise ingestel word?.....	134
8.3.4	Prosedure.....	134
8.3.5	Die hofsaak.....	135
8.4	Huweliksvoorwaardekontrakte.....	135
8.4.1	Binne gemeenskap van goedere.....	136
8.4.2	Buite gemeenskap van goedere(aanwas bedeling).....	137
8.4.3	Buite gemeenskap van goedere(afsonderlike boedels).....	138
8.5	Verbruikersake.....	138
8.6	Versekering.....	138
8.6.1	Korttermynversekering.....	139
8.6.2	Lewensversekering.....	141
8.6.3	Uitkeerversekering.....	142

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk	Bladsy
8.6.4	Ongeskiktheidsversekering..... 144
8.6.5	Mediese versekering..... 144
8.6.5.1	Die noodsaaklikheid van mediese dekking..... 144
8.6.5.2	Mediese spaarplanne..... 145
8.6.5.3	Nuwe gesondheidswetgewing..... 145
8.6.6	Professionele voorsieningsvereniging (PPS)..... 146
8.7	Gevolgtrekking..... 147
9.	'n PERSOONLIKE FINANSIËLE MODEL
9.1	Inleiding..... 148
9.2	Gebruik van die model..... 148
9.2.1	Persoonlike inligting..... 148
9.2.2	Huidige stand..... 149
9.2.2.1	Skuldeisers..... 149
9.2.2.2	Bates..... 150
9.2.2.3	Beleggings..... 153
9.2.2.4	Skuldenaars..... 154
9.2.2.5	Balansstaat..... 155
9.2.3	Begroting..... 156
9.2.4	Kasboek..... 158
9.2.5	Bankrekonsiliasie..... 162
9.2.6	Aftrede beplanning..... 163
9.2.7	Versekeringsbehoefte..... 167
9.2.7.1	Korttermynversekering..... 168
9.2.7.2	Persoonlike aanspreeklikheid..... 168
9.2.7.3	Ongeskiktheid..... 169
9.2.7.4	Lewensversekering..... 169
9.2.7.5	Mediese versekering..... 169

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk		Bladsy
9.2.7.6	Samevatting.....	169
9.3	Gevolgtrekking.....	170
10.	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS	
10.1	Inleiding.....	171
10.2	Bevindings.....	171
10.3	Die gebruikswaarde van die studie.....	173
10.4	Slot.....	175

INHOUD (Vervolg)

Hoofstuk	Bladsy
TABELLE	
Tabel 3.1 Gemiddelde inkomste van gegradueerdes.....	32
Tabel 3.2 Gemiddelde inkomste van verskillende beroepe.....	34
Tabel B.1 Voertuigkoste.....	183
Tabel B.2 Enkelbedrag voordele van Pensioen, Voorsorg en aftree annuïteitsfondse.....	184
BYLAES	
Bylae A - Tydwaarde van geld.....	176
Bylae B - Belasting.....	185
Bylae C - Formules vir finansiële model.....	192

HOOFSTUK 1

INLEIDING, AGTERGROND EN DOELSTELLING

1.1 Inleiding

Persoonlike finansiële bestuur fokus op aspekte wat 'n daaglikse invloed het op die neem van finansiële besluite binne die persoonlike verwysingsraamwerk. Bestuur dui daarop dat daar 'n aktiewe werking plaasvind en dat resultate nie bloot toevallig bereik word nie.

Met die toepassing van finansiële bestuurstechnieke kan die onsekere finansiële toekoms tot 'n sekere mate bepaal en bestuur word ten einde 'n gunstiger resultaat te lewer.

1.2 Probleemstelling

In enige vooruitstrewende besigheid is die persoon aan die stuur van die finansiële afdeling hoogs besoldig, hoogs gekwalifiseerd en 'n spesialis op sy gebied. Maatskappy finansiële state moet geaudit word en daar word op groot skaal van konsultante gebruik gemaak om die ekonomiese beginsel van maksimum uitset met minimum insette te realiseer.

Tog is die mens skepties as dit kom by sy persoonlike finansies. Volgens Edward Parker (1997:22), is daar miljoene mense wêreldwyd wat geen genot uit hul maandelikse salaris put nie, omdat plastiek- en ander skuld alles insluk.

Dit is nie net in hul persoonlike finansies waar daar 'n tekort aan belangstelling in finansiële bestuur is nie. Die deursnit eenmansaak-eienaar het baie keer nie die finansiële kennis om behoorlike finansiële rekords by te hou nie. Betroubare, verstaanbare, vergelykbare en toepaslike inligting is, volgens RE 000 (RPK, 1990:10) essensieel vir finansiële rekeningkunde en finansiële bestuur en dit is vanselfsprekend dat bestuur, daarsonder, gebrekkig sal wees.

Dit is egter nie waar die oorlewingstryd stop nie. Die aantal insolvensies in Suid-Afrika het vir die periode, Augustus 1997 tot Oktober 1997, met 6.9 % toegeneem vergeleke met die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar (SSD, 1997:1). Vir September tot November 1997 het

die hoeveelheid siviele skulddagvaardigings met 2.9 % gestyg vergeleke met dieselfde periode die vorige jaar (0.20% toename na seisoenale aanpassings) (SSD, 1997:1). Die grootste stygings is ervaar in rekening- en geldleentransaksies. Siviele skuld vonnisse het met 22.6 % toegeneem (4% toename, na seisoenale aanpassings) (SSD, 1997:1). Dit blyk hieruit dat die vinnige, kitskrediet eeu waarin daar geleef word ook meer gedissiplineerde, persoonlike finansiële bestuur gaan vra as ooit tevore.

Dit dit ook voorkom of die gemiddelde man op straat nie daarin belangstel om homself te verbind tot 'n begroting nie. Volgens Winger en Frasca (1993:7), is die rede vir die ongemaklikheid met begrotings, die feit dat dit 'n persoon forseer om sy belangrikste finansiële doelwitte te bepaal. Baie keer is hy nie seker oor die antwoorde wat hieruit voortspruit nie. 'n Begroting dwing hom egter om keuses vroegtydig te maak.

Daar word gelewe in 'n wêreld vol onsekerheid, soos gesien kan word uit die skielike veranderinge in rentekoerse, die ineenstorting van aandelebeurse in Oktober 1997, asook die herstel sedertdien en terugsakking vanaf Mei 1998 tesame met voortdurend veranderende politieke omstandighede. Die effek van die die styging in rentekoerse van ongeveer 33 % binne enkele weke in die middel van 1998 sal ook lank onthou word. Die huidige onsekere klimaat by duisende Suid-Afrikaners betreffende afdankings, rasionalisering en regstellende aksie vestig die aandag verder op die onsekerheid wat die professionele persoon in die gesig staar. Dit bewys maar net dat 'n mens in die ingewikkelde en wisselvallige finansiële klimaat waarin Suid-Afrikaners leef, persoonlike geldsake voortdurend moet monitor en moet aanpas by die heersende omstandighede.

1.3 Oorsig van vorige navorsingsvoorstelle

Twee tydskrifartikels het die noodigheid van 'n omvattende studie wat die breë aspekte van persoonlike finansiële bestuur verder uitgelig.

Volgens Nico Swart (1994:3), is een van die groot probleme in die nuwe Suid-Afrika die lae produktiwiteit van die meerderheid van die inwoners. Navorsing het getoon dat motiveringsfaktore, soos gesien deur die bestuur van maatskappye, verskil van dit wat die werker verlang. Dit is slegs in die afgelope tyd dat bestuur begin het om die behoeftes van werknemers

aan te spreek. Volgens Swart (1994:3), is die voorsiening van betekenisvolle keuses en inligting 'n sekere weg om werknemers te bemagtig.

Die behoefte aan advies aangaande persoonlike finansiële beplanning blyk duidelik daaruit deurdat slegs 6% van blanke Suid-Afrikaners, na aftrede, finansiël onafhanklik is (Swart, 1994:3). Werkgewers kan 'n wesentlike bydrae lewer in die voorsiening van die nodige advies. Werknemers sal bewus word van die erkenning van hul behoeftes en sal meer produktief word in die nastrewing van die organisasie se doelwitte (Swart, 1994:3).

Volgens Swart (1994:3), moet leiding gegee word in die volgende areas: loopbaanbeplanning, belastingbeplanning, gesinsbeplanning, huishoudelike begrotings, kredietbeplanning, gesondheidsbeplanning, aftrede- en boedelbeplanning. Die hulp aan werknemers sal dus soos afgelei uit die bogenoemde nie net tot voordeel van die werknemers wees nie, maar ook 'n positiewe invloed op die ekonomie in geheel kan hê (Swart, 1994:4).

Mnr. Lucas de Lange, adjunk-redakteur van *Finansies en Tegniek*, sê in sy rubriek, Persoonlike finansies (1997:40), dat diegene wat slegs hou by 'n paar fundamentele reëls op die ou end minder tyd aan hul geldsake hoef te bestee as diegene wat strompel van die een krisis tot die volgende. Hy het die volgende reëls voorgestel:

- 1) Weet eerstens wat jy verdien en waar dit vandaan kom. As dit te min is moet addisionele bronne van inkomste oorweeg word.
- 2) Weet presies wat jou uitgawes is, aan wie jy dit betaal en hoeveel jy betaal. Groot sondebokke kan versekering, elektrisiteit, belasting en bankkoste wees.
- 3) Bepaal presies die bedrag wat elke maand beskikbaar is om op jouself te spandeer. Belê dit om te verseker dat jy vorentoe van die goeie dinge in die lewe kan geniet.
- 4) Begin vroegtydig beplan aan jou aftrede.
- 5) Moenie dat jou skuld hand uit ruk nie. As dit nodig is verminder jou uitgawes deur te erken dat jy in die moeilikheid is.
- 6) Moenie aanhoudend terugdink aan die foute van die verlede nie.
- 7) Kry genoeg gesonde ontspanning. Dit is bewese dat in vandag se gejaagde lewe iemand wat nie ontspan nie, of hom of haar verlaat op doofpille of alkohol om stres te bestry, eerder dieper in probleme wegsink as om daaruit te kom.

8) Onthou dat die fondament van sukses nie in jou werk lê nie, maar in jou huis. So werk daaraan om 'n sukses van jou gesinslewe te maak.

1.4 Doel van die studie

Die studie word aangepak vanuit die aanname dat 'n beter ingeligte persoon beter finansiële besluite sal kan neem. Die elemente wat deel uitmaak van persoonlike finansiële bestuur sal geïdentifiseer word.

Die elemente sal ontleed en bespreek word om die leser die nodige agtergrond inligting te verskaf vir die neem van sy daaglikse finansiële besluite. Uit die inhoud sal daar gepoog word om die leser op die voordele van persoonlike finansiële beplanning te wys en indirek ook daartoe te motiveer.

Die studie sal afsluit met 'n finansiële model, in die vorm van 'n sigblad, waarin die teoretiese kennis saamgevat word in 'n praktiese toepassing. Dit sal die leser in staat stel om met behulp van die agtergrondkennis 'n raamwerk op te stel waarbinne hy sy eie persoonlike finansies kan bestuur.

Soms sal foute gemaak word, maar meestal sal die persoon beter daaraan toe wees as die persoon wat stilsit en 'n slagoffer word van die finansiële stormwinde (De Lange, 1996:34).

1.5 Afbakening van studieveld

Persoonlike finansiële bestuur sluit 'n wye veld onderwerpe in. Dit is dus te verstane dat geen studie alle aangeleenthede in dié verband in diepte sal kan aanspreek nie.

Die gebruik van die Suid-Afrikaanse belastingreg en beginsels baken die toepaslikheid van die veld af tot dié van Suid-Afrikaners.

Daar sal hoofsaaklik gefokus word op die jonger professionele persoon. Die persoon word as volg gedefinieer:

- 'n man of vrou met 'n professionele kwalifikasie
- in die begin stadium van sy of haar beroepslewe en kan reeds 'n eie praktyk begin het
- het 'n geruime tyd om aftrede te beplan
- het surplus geld vir belegging tot sy of haar beskikking
- iemand wat 'n eie woning wil besit
- iemand wat 'n gemiddelde tot bo gemiddelde inkomste verdien en lewenstandaard handhaaf

Die studie word in geheel vanuit 'n Christelike lewensbeskouing benader.

1.6 Studiemetode

Die doel van die studie is om inligting en tegnieke rondom persoonlike finansiële bestuur te verskaf. Die metode van navorsing is dus gerig op die bestudering van bestaande literatuur en toepaslike eietydse tydskrif artikels. Hieruit sal 'n breë agtergrond aangaande persoonlike finansiële aspekte verkry word.

Vervolgens sal 'n finansiële model ontwikkel word wat die leser in staat sal stel om self sekere finansiële berekenings te maak en persoonlike finansiële besluite daaropvolgens te neem.

Die studie sluit af met 'n praktiese voorbeeld van die model.

1.7 Begripsomskrywing

Die finansiële wêreld beskik oor 'n reeks terme eie aan die vakgebied. Om die elemente van persoonlike finansies te bestuur is dit noodsaaklik dat die leser 'n begrip van die belangrikste terme sal hê.

RE 000 (RPR, 1990:18,23) gee die volgende definisies:

'n Bate : dit is 'n hulpbron wat deur die onderneming beheer word as gevolg van 'n gebeurtenis van die verlede en waaruit toekomstige ekonomiese voordele na verwagting na die onderneming sal invloei. 'n Bate word egter slegs erken wanneer ekonomiese voordele ook nà die huidige rekeningkundige tydperk na die onderneming sal vloei (RPR, 1990:18).

Bates word verdeel in nie-lopende en lopende bates. 'n Nie-lopende bate is die tipe bate wat gewoonlik 'n lewensduur van langer as 'n jaar het. Dit het ook gewoonlik die vermoë om inkomste direk vir die onderneming te genereer. Voorbeelde is grond, geboue, voertuie en meubels. Lopende bates daarenteen is bates wat gewoonlik kontant is of maklik in kontant omskep kan word, gewoonlik binne twaalf maande, soos voorraad, debiteure en kontant. Bates word in die balansstaat in volgorde van likiditeit getoon.

'n Las : dit is 'n huidige verpligting van 'n onderneming wat uit vorige gebeurtenisse ontstaan het en waarvan die vereffening na verwagting tot die uitvloei van hulpbronne uit die onderneming sal lei (RPR, 1990:18).

Soos bates word laste ook in twee groepe verdeel. Nie-lopende laste is daardie laste wat oor 'n langer tydperk, gewoonlik meer as 'n jaar, terugbetaalbaar is. Die verskaffer van die lening dring soms aan dat die bate wat met die geld aangekoop word as sekuriteit gegee moet word. Dit beteken dat wanneer die persoon nie in staat is om die lening terug te betaal nie, die kredietgewer op die eiendom beslag kan lê. Voorbeelde van nie-lopende laste is verbande, lenings, afbetalingsverkoopsooreenkomste en bruikhure. Lopende laste is daardie skuld wat binne een jaar terug betaalbaar is soos bankoortrekkings en handelskrediet. Vir die individu kan dit ook klere- en ander soortgelyke rekeninge insluit.

Eienaarsbelang /ekwiteit /kapitaal : dit is die oorblywende belang in die bates van die onderneming nadat al die laste afgetrek is. Eienaarsbelang is dus gelyk aan bates minus laste (RPR, 1990:18).

Inkomste : dit is die toename in ekonomiese voordele gedurende die rekenpligtige tydperk (gewoonlik 'n jaar), in die vorm van die toevloei van of toename in bates, of afname in laste wat 'n toename in ekwiteit tot gevolg het, uitgesonderd die wat betrekking het op bydraes deur die eienaars (RPR, 1990:23).

Die bogenoemde kan soos volg verduidelik word. Wanneer 'n persoon voorraad verkoop of sy salaris ontvang, verhoog sy gunstige bankbalans, wat 'n bate is. Indien sy bankbalans ongunstig was sou 'n las verminder het met die ontvangste. In albei gevalle het die persoon se finansiële posisie verbeter. Voorbeelde van inkomste is salaris, byvoordele, rente en gelde ontvang vir dienste gelewer en goedere verkoop.

Uitgawes : dit is afnames in ekonomiese voordele gedurende die rekenpligtige tydperk (gewoonlik 'n jaar), in die vorm van die afname in bates, of toename in laste wat 'n afname in ekwiteit tot gevolg het, uitgesonderd die wat betrekking het op onttrekkings deur die eienaars(RPR, 1990:23).

Wanneer 'n persoon of instansie byvoorbeeld vir voedsel betaal uit 'n tjekrekening word die kontant minder wat 'n afname in bates beteken. Sou die voedsel op rekening gekoop word vermeerder 'n las. In beide gevalle in die persoon of instansie is 'n swakker finansiële posisie.

Daar is hoofsaaklik drie tipes finansiële state wat in 'n besigheid voorkom naamlik, die balansstaat, inkomstestaat en kontantvloeistaat.

Die volgende definisies kan vir die verskillende finansiële state gegee word :

Balanstaat : dit toon die finansiële posisie van die onderneming of persoon op 'n gegewe tydstip. Wanneer die bates meer as die laste is, sal die ekwiteit positief wees, andersins waar die laste meer as die bates is, is die persoon of besigheid bankrot of insolvent.

Voorbeeld van die balansstate van 'n individu en eenmansaak :

BALANSSTAAT VAN	PIET ELS	HOEKKAFFEE
OP 31 DESEMBER 1997	R	R
BATES		
Nie-lopende bates		
Grond en geboue	215 000	-
Voertuie	80 000	85 000
Meubels en toerusting	50 000	110 000
Beleggings	10 000	-
Belang in besigheid	60 000	-
	<u>415 000</u>	<u>195 000</u>
Lopende bates		
Vorraad	-	120 000
Debiteure	-	5 000
Deposito's	1 000	2 000
Bank	8 000	-
Kontant / kleinkas	1 000	1 000
	<u>10 000</u>	<u>128 000</u>
Totale bates	<u>425 000</u>	<u>323 000</u>
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal		
Kapitaalrekening	163 000	-
Eienaarsbelang/ Ledebehang/ Aandelekapitaal	-	60 000
Opgelophe/ behoue inkomste	-	22 000
	<u>163 000</u>	<u>82 000</u>
Nie-lopende laste		
Verbande	180 000	-
Lenings	25 000	100 000
Afbetalingsverkoopsooreenkomste / Bruikhuur	55 000	100 000
	<u>260 000</u>	<u>200 000</u>
Lopende laste		
Krediteure	2 000	25 000
Oortrokke bank	-	16 000
	<u>2 000</u>	<u>41 000</u>
Totale laste en ekwiteit	<u>425 000</u>	<u>323 000</u>

Inkomstestaat : die inkomstestaat toon die resultaat van die jaar se bedrywighede. Dit toon, met ander woorde, wat die inkomste was, watter uitgawes daar was en of 'n wins of verlies gemaak is.

Voorbeeld van die inkomstestate van 'n individu en eenmansaak :

**INKOMSTESTAAT VAN PIET NEL HOEKKAFEE
VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1997**

	R	R
Inkomste		
Salaris	5 000	-
Behuisingssubsidie	1 000	-
Vervoertoelaag	1 500	-
Oortyd	500	-
Wins uit besigheid	1 000	-
Rente verdien	-	1 000
Verkope	-	<u>9 000</u>
	9 000	10 000
Uitgawes		
Pensioenfonds betalings	500	-
Mediesefonds	500	-
Belasting	1 000	-
Gebou huur	-	3 000
Rente betaal	1 000	1 500
Bankkoste	1 000	1 000
Huishulp	1 000	-
Offergawe	500	-
Voedsel	500	-
Brandstof	-	500
Koste van verkope	-	<u>3 000</u>
	6 000	9 000
Wins/ verlies	<u>3 000</u>	<u>1 000</u>

Kontantvloeistaat : die kontantvloeistaat toon die uitwerking van alle kontanttransaksies aan. In hoofsaak toon dit die bronne van kontant asook hoe die kontant aangewend is.

Voorbeeld van die kontantvloeistate van 'n individu en eenmansaak :

**KONTANTVLOEISTAAT VAN PIET NEL HOEKKAFEE
VIR DIE JAAR GEëINDIG 31 DESEMBER 1997**

	R	R
Kontant vloei uit bedryfsaktiwiteite	100	500
	_____	_____
Kontant ontvang(van werknemer, kliënte)	7 500	10 500
Kontant betaal aan werknemers en verskaffers		
van dienste	<u>(7 000)</u>	<u>(9 000)</u>
Kontant gegenereer uit bedrywighede	500	1 500
Rente ontvang	250	1 100
Rente betaal	(450)	(2 100)
Belasting betaal	200	-
	_____	_____
Kontantvloei uit beleggings aktiwiteite	(1 000)	(1 000)
	_____	_____
Aankoop van bates		
Vervanging van bates	(1 000)	-
Toevoeging tot bates	-	(2 000)
Opbrengs met verkoop van bates		1 000
	_____	_____
Kontantvloei uit finansierings aktiwiteite	(1 000)	6 000
	_____	_____
Verandering in langtermynlenings	(1 000)	5 000
Verandering in korttermyn lenings	0	1 000
	_____	_____

Netto toename(afname) in kontant en kontant ekwivalente	(1 900)	5 500
Kontant en kontant ekwivalente aan die begin van periode	10 900	(20 500)
	_____	_____
Kontant en kontant ekwivalente aan die einde van periode	9 000	(15 000)
	_____	_____

1.8 Ontplooiing van hoofstukke

Met die oorweging van die probleme rondom persoonlike finansies sowel as die agtergrond inligting ingewin word die volgende aspekte in die studie vervat:

Hoofstuk 1

Die agtergrond, probleemstelling, motivering, studiemetode en rekeningkundige begrippe word bespreek.

Hoofstuk 2

Die uitgangspunt word gebruik dat God reeds in die begin van die wêreld die opdrag gegee het om oor die aarde en alles daarop te heers en dit te bewerk. Die mens is dus aangestel as rentmeester van God se skepping. Alhoewel die Bybel nie gesien moet word as 'n wetenskaplike handboek, waarin ons direkte antwoorde vir elke omstandigheid kan vind nie, lê die Bybel tog vir ons genoegsame riglyne neer om binne 'n Christelike raamwerk besluite te kan neem. Daar sal gelet word op die Bybel se uitsprake aangaande geld, finansies en rentmeesterskap. Jesus Christus het dan ook baie oor geld gesê, in der waarheid meer as oor baie ander onderwerpe (Burkett, 1975:9).

Hoofstuk 3

Die oogmerk van hierdie hoofstuk is om die verskillende bronne van inkomste, asook moontlike aanvullende inkomste te identifiseer en kortliks te bespreek.

Onderwerpe soos piramideskema's, aandele, effektrusts en ander word-gou-ryk-skema's kom onder die soeklig. Inkomste is in sekere opsigte die een veranderlike in persoonlike finansies waaroor persone, op die korttermyn, die minste beheer het, aangesien die salaris wat 'n persoon betaal word hoofsaaklik van sy werkgewer en onderhandelinge van vakbonde afhang. Selfs besigheidseienaars se verkope hang van die klante, vraag, markte en ander eksterne faktore af. Die uitgawes of lewenspeil behoort vasgestel te word aan die hand van die inkomste en nie omgekeerd nie. Daar sal dus aangetoon word dat dit die beginpunt van finansiële bestuur behoort te wees.

Een van die vrae wat byna daaglik gevra word, is of 'n sekere persoon 'n uitdienstredingspakket deur die werkgewer aan hom of haar gebied, moet aanvaar en indien wel, wat in die toekoms van die persoon gaan word. Alhoewel die oorwegings byna net so talryk as die aantal aanbiedinge mag wees, gaan daar tog gepoog word om sekere riglyne vir die besluitnemingsproses neer te lê, sodat die bes moontlike besluit geneem kan word.

'n Aspek wat by beide inkomste en uitgawe aansluiting vind is die verband tussen inkomste en kontantvloei. Die hoofstuk sal die verskille uitwys en terselfdertyd aantoon waarom die gebruik van kontant ontvangste en betalings in plaas van inkomste en uitgawe in sekere opsigte meer gepas is.

Hoofstuk 4

Hierdie hoofstuk word gebruik om inligting omtrent uitgawes, die komponent wat aan elke persoon die bekendste is, te verskaf. Tesame met die inkomste tot beskikking, bekend, word riglyne verskaf aangaande die opstel van 'n realistiese begroting.

Begrotings is eeue reeds 'n bestuurshulpmiddel wat met groot sukses gebruik word en geen rede word gesien waarom dit nie dieselfde diens aan die man op straat kan lewer nie. Daar word ook onderskeid gemaak tussen vaste, veranderlike en vermybare uitgawes, 'n begrip wat noodsaaklik is vir die opstel van 'n persoonlike begroting.

Hoofstuk 5

Die vyfde aspek wat aandag geniet is batebestuur. Dit sal aspekte bevat aangaande die belangrikste bate aanskaffingsoorwegings. Die kwessie van spaar en, samehangend daarmee, beleggings sal ook aandag geniet. Van kleins af word kinders geleer om te spaar vir moeilike tye. Beleggings behoort inderdaad 'n aktiewe bestanddeel van persoonlike finansiële bestuur te wees. Die verskillende soorte beleggingsprodukte sal uitgewys word, asook 'n kort beskrywing van die werking daarvan.

Fasette van risiko en opbrengs is onvermybaar wanneer beleggingsprodukte beskou word. Die begrip van risiko en opbrengs word dus ook in hierdie hoofstuk aangespreek.

Hoofstuk 6

Sedens word die element van skuld en krediet beskou. Soorte kredietverlening word ontleed met inbegrip van oortrekkingsfasiliteite, kredietkaarte, lenings, asook dienste van mikrolenings. Min mense kan deur die lewe gaan sonder om enige skuld te maak en dit is nie noodwendig nadelig nie. Skuld kan die tuig wees om jou verbruikersbesteding bestendig te versprei. Verder kan dit ook as verskansing dien teen inflasie. Die voordele verbonde aan die vermyding van oormatige skuld asook die benutting van lae koste krediet, sal ook bespreek word.

Hoofstuk 7

In 'n tyd waar al meer bejaardes nie selfonderhoudend is nie, word die voorsiening vir aftrede 'n wesenlike item in persoonlike finansiële beplanning. Dis veral 'n belangrike item om in ag te neem waar die eienaar van 'n eenmansaak nie die voordele van 'n pensioenfonds het nie, of uittredingspakkette geneem is, sonder maandelikse pensioenvoordele. Die hoofstuk word gewy aan die aspekte rondom aftredebeplanning. Dit sal dan ook ontsparing na aftrede insluit.

Die finale aspek in hierdie hoofstuk aangespreek is boedelbeplanning. Boedelbeplanningstegnieke word beskou en voordele vir vroegtydige beplanning uitgelig.

Hoofstuk 8

Buiten die hoofelemente in die vorige hoofstukke vervat, sal daar laastens sake soos versekering, bankfasiliteite, die hof vir klein eise, huweliksvoorwaardekontrakte, verbruikersake en finansiële beplanning in gesinsverband beskou word. Aangesien dié fasette meestal nie in ons dag tot dag bestaan onder die soeklig kom nie, word dit baie keer agterweë gelaat totdat 'n ondeurdagte, noodgedwonge besluit daarvoor geneem moet word.

Fasette van opbrengs en risiko sal weereens aangespreek word aangesien versekering 'n verskansing teen risiko nie. Die tipes versekering nl. korttermyn-, uitkeer-, mediese- en lewensversekering sal bespreek word. Elke persoon maak op een of ander tydstip kontak met 'n finansiële instelling. Daar word aangetoon dat banke daar is om 'n diens te lewer en dat die verskeidenheid dienste tot voordeel van die individu se finansiële sake gebruik kan word. Aangesien banke vandag so 'n wye reeks van die dienste aanbied, is dit 'n hulpbron wat nie onderskat behoort te word nie. Die kostes van hierdie dienste kan egter nie buite rekening gelaat word nie. Die onderskeid tussen verskillende huweliksvoorwaardes word ook uitgelig tesame met die invloed daarvan.

Hoofstuk 9

Hoofstuk 9 word gebruik om die praktiese toepassing van die ontwikkelde finansiële model te illustreer.

Hoofstuk 10

Hierdie hoofstuk dien as samevatting van die studie waarin die moontlikhede van persoonlike finansiële bestuur beklemtoon word.

Tydwaarde van geld, belastingaspekte en die formules van die finansiële model word as agtergrondinligting in bylaes verstrekk:

Bylae A - Tydwaarde van geld

Inflasie is 'n aspek wat in verskeie fasette van finansies na vore kom. Die begrip is egter van so 'n aard dat dit afsonderlike bespreking regverdig. Die begrip inflasie is aan geen persoon onbekend nie. 'n Aspek wat nou daarmee saamhang is die tydwaarde van geld begrip. Die begrip behels die feit dat R1 vandag nie dieselfde koopkrag of waarde het as 'n jaar gelede of oor 'n jaar in die toekoms nie. 'n Aantal jaar gelede kon 'n brood vir minder as een rand gekoop word terwyl dit vandag meer as twee rand kos. Omdat tyd en rentekoerse 'n groot invloed op geld het, bly die waarde van geld nooit staties nie. (Smal, 1991:16)

'n Gedetailleerde bespreking en berekeninge rondom die tydwaarde van geld word in Bylae A vervat. Die bylae vervat ook die tegnieke van verdiskontering waarin die tydwaarde van geld inslag vind.

Bylae B - Belasting

In Suid-Afrika met sy hoë marginale belastingkoerse kan weinig finansiële besluite geneem word sonder om die belastingimplikasies te oorweeg. Tans is daar weinig gewone salaristrekkers wat kennis dra van belastingsake. Die belangrikste en algemeenste belastingaangeleenthede sal deurgaans in die hoofstukke gestel en kortliks verduidelik word. 'n Samevatting van die belangrikste belastingaangeleenthede en verdere aanvullende inligting word in Bylae B verskaf.

Bylae C - Formules vir persoonlike finansiële model

In die betrokke bylae word 'n uiteensetting gegee aangaande die sigblad en formules gebruik in die persoonlike finansiële model

HOOFSTUK 2

KWALITATIEWE ASPEKTE VAN PERSOONLIKE FINANSIËLE BESTUUR

2.1 Inleiding

Kwalitatiewe aspekte handel oor die sake wat persoonlike finansies raak, maar nie noodwendig in monetêre terme gemeet kan word nie. Aangesien die mens nie in kompartemente gedeel kan word nie, is sy godsdienstige oortuigings, gesin en die rekeningkundige vakgebied onder andere onlosmaakbaar verbind aan hom en sy persoonlike finansies.

In die volgende paragrawe word verskeie kwalitatiewe oorwegings rakende persoonlike finansiële aspekte bespreek.

2.2 Die Christelike perspektief

2.2.1 Bybelse beginsels

William C. Cook het, (soos aangehaal deur Blue, 1986:17), gesê dat sukses is om aan te hou om jou Godgegewe doelwitte te behaal. Die vraag kan met reg gevra word of God dan ook doelwitte met persoonlike finansies het. Pastoor John MacArther het in sy kassetreeks, “ Master Materialism”, gesê dat 16 van die 38 gelykenisse wat Christus vertel het, oor geld handel het. Hy het ook opgemerk dat meer in die Nuwe Testament van die Bybel gesê word oor geld as oor die hemel en hel, en vyf keer meer as oor gebed. Daar is ongeveer 500 teksverse wat handel oor gebed en geloof terwyl meer as 2000 handel oor geld en besittings (Blue, 1986 :19).

Die gelykenis in Mat 25 :14-30 in die Bybel, handel oor die talente wat die werkgewer aan sy slawe gegee het. Hulle moes daarmee woeker en aan die einde van die tyd sou hy navraag doen oor wat hulle daarmee gemaak het. Volgens Ron Blue (1986:19) kry ons vier belangrike beginsels uit die gelykenis omtrent geld en besittings. Die vier beginsels word vervolgens bespreek:

2.2.1.1 Alles behoort aan God

Matt. 25 :14 - “Verder gaan dit soos met ‘n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaar geroep en sy besittings aan hulle toevertrou.” (Bybel, 1983)

Min Christene sou teen die stelling argumenteer. Volgens Blue (1986 :19) word dit soms uit die oog verloor dat dit drie belangrike implikasies tot gevolg het:

- a) God is daarop geregtig om te kry wat Hy wil en wanneer Hy wil. As eienaar het Hy die regte en ons as rentmeesters slegs verantwoordelikhede. Wanneer ‘n ouer sy motor vir sy kind leen, is daar geen onsekerheid oor die feit dat die ouer die motor ter eniger tyd kan terugneem nie. Waar iets dus in enige omstandighede verloor word, sal emosies wil uitroep, maar in verstand en gees sal die Christen besef dat alles eintlik aan God behoort. Die besef sal hom verlos om vryelik van God se hulpbronne vir Sy doeleindes aan te wend.
- b) Tweedens, beteken dit dat nie net om te gee ‘n geestelike besluit is nie, maar ook elke keer wanneer iets gekoop word. Die besluite word geraak omdat elke besluit die gebruik van God se hulpbronne insluit. God laat die keuses oor hoe dit wat Hy aan sy kinders toevertrou het, spandeer gaan word, aan hulle oor. Die Bybel verskaf egter baie riglyne oor hoe God wil hê Sy eiendom spandeer moet word.
- c) Ten derde is elke persoon ‘n rentmeester. Sy tjekboek vertel die verhaal van sy rentmeesterskap. Dit verklar sy doelwitte, prioriteite, oortuigings, verhoudinge en selfs hoe sy tyd spandeer word. ‘n Persoon wat nie ‘n ware Christen is nie, kan gebed, bybelstudie en ander kerksake namaak, maar hy kan nie dit wat sy tjekboek openbaar, verbloem nie. Miskien is dit die rede waarom so baie mense so geheimsinnig is oor hul persoonlike finansies.

2.2.1.2 Die Christen is in ‘n groeiproses

Matt. 25:21 - “Toe sê sy eienaar vir hom: ‘ Mooi so! Jy is ‘n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde. ’”(Bybel, 1983).

Die mens se verblyf hier op aarde is maar net tydelik. In dié tyd gebruik God die materiële as ‘n instrument, ‘n toets en getuienis in hul lewens. Aardse besittings is ‘n instrument wat God

gebruik om die mens te leer. Daarom moet elke persoon homself altyd afvra wat God wil hê dat hy moet leer uit toestande van oorvloed en ook in tye van swaarkry. Aardse besittings kan ook gesien word as 'n toetsmedium (Blue, 1986:21). Die Bybel stel dit in Matt. 6:24 dan ook duidelik dat die mens nie God en Mammon, die geldafgod, kan dien nie (Bybel, 1983) Die mens word dus voor 'n keuse gestel.

Die Christen word ook opgeroep om die lig en sout vir die wêreld te wees. Die manier waarop hy met sy persoonlike finansies omgaan, word 'n getuigenis teenoor die wêreld buite. God kan ons besittings gebruik om sy evangelie uit te dra.

2.2.1.3 Die bedrag is nie belangrik nie

Matt. 25:23 - "Sy eienaar sê toe vir hom: ' Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde. '" (Bybel, 1983)

Wanneer die woorde van Matt. 25 vers 23 en 21 vergelyk word kan daar gesien word dat die eienaar dieselfde woorde gebruik het vir die slaaf aan wie hy die vyf talente gegee het, as vir die slaaf wat hy die twee talente gegee het. Hulle is albei herinner daaraan dat hulle oor min aangestel was. Dit is dus nie die bedrag waarmee 'n persoon toevertrou is wat belangrik is nie, maar hoe dit hanteer word. God het nooit rykdom veroordeel nie, maar het terselfdertyd ook nie armoede aangemoedig nie (Blue, 1986:21). Die Bybel(1983) sê dan ook in Filippense 4:19 dat God in alle mense sal voorsien uit Sy oorvloedige rykdom.

2.2.1.4 Geloof het dade nodig

Matt. 25:24-25 - "Toe kom die een wat een goue muntstuk ontvang het, en sê ' Meneer, ek ken u en weet dat u 'n harde man is wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk wat u nie geplant het nie. Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe. Hier is u geld terug. '"(Bybel, 1983)

Die slaaf het geweet van die gevolge, maar niks gedoen nie. Baie Christene weet wat die regte ding is om te doen, maar is ongehoorsaam of stel uit. Hul neem geen aksie nie weens die vrees dat ons Bybelse of finansiële foute mag begaan. Ons doen slegs waaroor ons goed voel. Dit is

egter gevaarlik om volgens ons gevoelens te leef en nie volgens die waarheid, ons geloof in Jesus Christus, nie (Blue, 1986:22).

2.2.2 Hoeveel is genoeg ?

Die vraag of 'n persoon genoeg geld sal hê om elke maand in sy lewensbehoefte te voorsien is een waarmee die meeste persone op 'n stadium in hul lewe kennis maak. Daarop volg vrae soos die genoegsaamheid vir aftredebeplanning, die kinders se opvoeding en ander onvoorsiene uitgawes. Buiten die genoemde mag 'n persoon homself ook nog die volgende afvra: hoe sal hy weet of sy begroting balanseer?, wanneer begin hy om te veel op te gaar, wanneer begin hy vergaer in plaas van om te voorsien, hoeveel moet hy vir sy kinders nalaat en hoeveel moet hy opsy sit vir sy aftrede ?(Burkett, 1975:103).

Elke Christen behoort besorg te wees oor die voorsiening in sy of haar gesin se behoeftes. Die vraag oor wat die Christen se verpligting is ten opsigte van die voorsiening in die gesin se behoeftes, word in die vergelyking in Spreuke 6:6-8 en 10-11 uiteengesit.

“Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom. Hy het nie 'n leier nie, nie 'n opsigter of 'n regeerder nie, tog maak hy sy kosvoorraad reg in die somer, versamel hy sy voedsel in die oestyd” (Bybel, 1983)

“Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou en bly lê, en daar oorval die armoede jou soos 'n rower, daar oorrumpel die gebrek jou soos 'n inbreker.” (Bybel, 1983)

1 Timoteus 5 : 8 sê ook vir ons dat 'n persoon wat nie vir sy gesin sorg nie, sy geloof verloën en slegter is as 'n ongelowige (Bybel, 1983).

God verwag dus van die Christen om vir sy gesin te sorg, en Hy laat nie luiheid toe nie. Waar begin die Christen dan om vir sy gesin te sorg? Die antwoord lê in Lukas 12:22 en 31.

“...Moet julle nie bekommer oor julle lewe nie, oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggame, oor wat julle moet aantrek nie.”

”Beywer julle vir sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee.” (Bybel, 1983)

Die oënskynlike teenstrydigheid tussen Spreuke en Lukas kan as volg verklaar word : God verwag van sy kinders om sy wil in alle aspekte van hul lewens te soek, daarna kan hulle egter nie agteroor sit nie, maar moet hulle hard werk om Sy wil uit te voer. Elke persoon moet sy kant bring, en daarom sê Gal 6:7 :” ...wat ‘n mens saai sal hy ook oes.”(Bybel, 1983)

2.2.2.1 Met hoeveel kan God sy kinders vertrou ?

‘n Persoon se gesindheid bepaal of hy sy geld reg belê en spandeer. Hy behoort homself af te vra wat hy met die surplus wil doen (Burkett, 1975:105). Dikwels wil mense die meeste daarvan net belê sodat dit nog meer kan word. Aan die einde van die dag gaan dit slegs daarvoor dat hul nog meer wil hê. Perspektief word verloor, omdat hul slegs die begeerte na meer geld nastreef.

Die gelykenis van die talente is reeds vroeër in paragraaf 2.2.1 bespreek. Volgens Burkett (1975:105) kan die volgende verder uit die vergelyking geleer word:

1. God is die eienaar en gee aan elkeen soveel as wat Hy wil hê dat hul moet hanteer.(Matt. 5:15)
2. God gee aan elkeen volgens sy vermoë. (Matt. 5:15)
3. Wanneer persone vertrouenswaardig blyk, vertrou God hul met meer. (Matt. 5:23)
4. God neem egter weg van die wat Hy nie kan vertrou nie.(Matt. 5:28)
5. God verwag dat mense dit wat Hy hul gee sal vermeerder en nie net instand hou nie.(Matt. 6:26)

Wanneer daar na hierdie beginsels gekyk word, word gemerk dat God bepaal hoeveel elke persoon moet hê. Hy verwag dat hul daarmee tevrede sal wees en die meeste sal maak van dit wat hul het. Volgens Louis Malherbe (1997: 92) het elke persoon net soveel as waarmee God hom kan vertrou. ‘n Persoon moet hom dus afvra hoe sy rentmeesterskap is oor dit wat hy tans besit en of God hom met meer sal kan vertrou.

Volgens Malherbe (1997:86) is dit nie wat jy met jou besittings maak wat tel nie, maar wel wat dit met jou maak. As jou besittings maak dat jou gesindheid verander, het dit jou meester geword. Hy merk ook op dat geld ‘n getroue dienaar kan wees, maar dat dit ook ‘n tirannieke meester kan word.

2.2.2.2 Aftredebeplanning

Volgens Burkett (1975:106) is baie mense onder die indruk dat groot bedrae geld opsy gesit moet word vir aftrede. Hulle dink dat wanneer hulle aftree hulle baie meer geld moet spandeer as tydens hulle beroepsjare. Die werklikheid is volgens hom egter dat wanneer 'n persoon 'n lewenspatroon ontwikkel het, dit selde na aftrede sal verander. In der waarheid sal die bestedingspatroon in die meeste gevalle afneem. 'n Christen wat dus geleer het om sy lewenstandaard aan te pas in sy beroepsjare behoort nie 'n probleem te hê, om na aftrede aan te pas nie.

Die vraag ontstaan uit die bogenoemde, waarom soveel persone na aftrede dan nie selfonderhoudend is nie, terwyl baie oënskynlik weet dat hulle moet spaar. Waarskynlik is die feit dat sodanige persone nie beseft wat die invloed van inflasie op hulle spaargeld gaan wees nie. Dit kan ook wees dat uitkeerbedrae op polisse vandag aansienlik mag blyk, maar dat dit teen aftree ouderdom ongenoegsaam mag wees. Dit wys net weer daarop dat alhoewel baie persone die regte idee mag hê, bevredigende resultate nie, sonder aktiewe beplanning en bestuur bereik kan word nie.

In Lukas 12:16-20 (Bybel, 1983) word die gelykenis vertel van die ryk man wie se grond baie opgelewer het. Hy het toe sy ou skure afgebreek en groteres geboue en vir homself gesê dat hy so baie opgegaan het dat dit hom baie jare sal hou. Hy kon dus maar ophou met werk en eet, drink en vrolik wees. God het daardie nag sy lewe opgeëis.

Die man het nie God se plan vir sy surplusse gesoek nie. Daar is niks fout met beplanning vir aftrede nie, maar dit is verkeerd om vir aftrede te lewe en rykdom te vergaar omdat jy self vir jou oudag wil voorsien. Daar moet onthou word dat alles aan God behoort en net Hy alleen ook in 'n persoon se aftrede sal kan voorsien (Burkett, 1975 : 107).

2.2.2.3 Erflating

Die vraag kan afge vra word of 'n persoon vir sy kinders 'n erfposisie behoort na te laat ? Uit die Bybel blyk dit nie dat dit verkeerd is nie. Rom. 8:17 (Bybel, 1983) sê dan ook dat God se kinders Sy erfgename is. Maar ook hier gaan ouers dikwels tot die uiterstes om hul kinders met erflatings en trustfondse te oorlaai. Ongelukkig is die spreekwoord wat sê dat erfgeld, swerfgeld

is baie waar. Jesus het dit dan ook geïllustreer in die vergelyking van die verlore seun in Lukas 15:11-24 (Bybel,1983). Die jongman het sy erfposisie van sy pa gevra en dit in 'n vreemde land verkwis. In sy ellende moes hy honger na sy vader se huis teruggaan. Met so baie geld tot hul beskikking word die kinders dalk weggehou van die plan wat God met hulle lewens het (Burkette, 1982 : 108).

God gee egter aan elke Christen die troos in Ps. 37:25. "Ek was jonk en het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie." (Bybel, 1983). Die beste nalating wat 'n ouer sy kind dus kan gee is nie materieel nie, maar geestelik.

2.2.3 Tiendes

"Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie." Maleagi 3:10 (Bybel, 1983)

Die bogenoemde is seker die bekendste Bybelvers wat handel oor die offergawes wat God van sy kinders verwag. God verwag dus van sy kinders om 'n deel van wat Hy aan hulle gee terug te gee vir sy werk hier op aarde. Dit alles verwag hy nie uit dwang nie, maar uit liefde vir Hom.

Volgens Louis Malherbe (1997:97) gaan die nuwe Testament van die Bybel nog verder, deurdat dit beklemtoon dat alles aan God behoort. Deur jou blind te hou vir die oproep van God, steel jy eintlik van Hom. Die vraag kan dan met reg afgevra word of hy so 'n persoon met nog meer kan vertrou?

2.3 Doelwitstelling

2.3.1 Vastelling van finansiële doelwitte

Niemand sal 'n huis bou sonder om die bouer en argitek instruksies te gee nie. Die Bybel(1983) sê dan ook dat niemand 'n huis sal bou sonder om eers die koste te bereken nie. En tog toon statistieke dat nie eers 3% van alle Amerikaners geskrewe doelwitte het nie (Blue, 1986:100).

Ron Blue (1986:100) sê dat daar volgens hom vier redes is vir die stel van doelwitte:

2.3.1.1 Doelwitte verskaf rigting en betekenis

Net soos die atleet die wenstreep wil bereik, word daar ook vir die mens sekere wenstrepe neergelê. As hy nie weet waarna hy streef nie, sal omstandighede, ander mense, gevoelens en 'n verskeidenheid ander faktore bepaal waar hy eindig (Blue, 1986:100).

2.3.1.2 Doelwitte orden gedagtes

Daar is 'n gesegde dat mense wat na niks mik nie dit elke keer sal tref. Geskrewe doelwitte sal jou denke fokus en daar sal meer doelgerig daarna gestreef word (Blue, 1986:100).

2.3.1.3 Doelwitte voorsien persoonlike motivering

Ron Blue (1986:100) gebruik 'n voorbeeld uit sy eie lewe om die punt te illustreer. Sy punte op skool het hom net-net laat slaag. Nadat hy sy toekomstige vrou ontmoet het, het hy beroepsplanne begin maak en sy punte het na onderskeidings gestyg. Tydens werksonderhoude is hy gereeld gevra wat gebeur het. Sy antwoord was dat hy uiteindelik 'n doelwit gehad het.

2.3.1.4 'n Doelwit is 'n stelling dat God se wil, vir 'n persoon se lewe, nagevolg word

Doelwitte is almal toekomsgerig en net God leef in die toekoms. Daarom moet die mens besef dat hy dit kan bereik slegs "as dit God se wil is". Sonder hierdie gesindheid word doelwitte wat gestel word, maar as vanselfsprekende toekomstige gebeurtenisse aanvaar (Blue, 1986:101).

Paulus was seker een van die doelgeöriënteerdste persone in die Bybel. In Fil. 3:14 (Bybel, 1983) sê hy: "Ek span my in om by die wenstreep te kom sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus." Paulus het geweet waarom hy op aarde was en waarheen hy op pad was en dus was sy lewe gestuur deur hierdie doelwit.

2.3.2 Struikelblokke om te oorkom by doelwitstelling

2.3.2.1 Vrees vir mislukking

Indien doelwitte nie gestel is nie, is daar geen kans dat daar misluk kan word nie. Vir die Christen is die verskoning egter nie aanvaarbaar nie. As Christene erken ons dat ons nie daartoe in staat is om ons eie lewens te beheer nie (Blue, 1986:101). God is in beheer van die mens se lewe en wat dan ook gebeur is deel van sy wilsplan met 'n persoon se lewe.

2.3.2.2 Daar word aangeneem dat dit baie tyd in beslag neem

Die mens is baie keer onder die indruk dat dit te veel tyd neem om te beplan. Hy het reeds so min tyd. Die verhaal word vertel van die man wat 5 bome per dag moes afkap om 'n bestaan te kon maak. Aanvanklik was dit baie maklik. Gaandeweg het die byl stomper geword totdat hy nie meer 5 bome gedurende die dag kon afkap nie. Hy moes dus in die aand begin werk. Later moes hy byna deur die hele nag werk. Iemand vra hom toe waarom hy nie die byl skerp maak nie. Sy antwoord was :“Ek het nie tyd nie. Ek moet elke dag vyf bome afkap.”

Om te sit en doelwitte neer te skryf kan al die tyd spaar om later weer daarvoor na te dink en nuwe doelwitte, wat gou weer vergeet gaan word, uit te dink.

2.3.2.3 Die mens weet nie watter doelwitte om te stel nie

Louis Malherbe sê in sy video, *Maksimum Tiener*, dat daar nie 'n makliker manier is om 'n gemors van jou lewe te maak as om hard te werk aan 'n doel wat nie God se doel vir jou lewe is nie. Die stel van doelwitte is nie altyd so maklik nie en sal gepaard moet gaan met voortdurende gebed.

Blue (1986:27) sê dat daar hoofsaaklik onderskei kan word tussen korttermyn en langtermyn doelwitte.

Voorbeelde van korttermyn doelwitte is :

- Om van dit wat jy het weg te gee, onder andere jou tiende
- Om in jou lewenstyl en behoeftes te voorsien
- Om skuld terug te betaal
- Om belastingverpligtinge na te kom
- Om 'n gedeelte te spaar of te belê

Voorbeelde van langtermyn doelwitte is :

- Finansiële onafhanklikheid
- Opleiding en onderrig van kinders
- Afbetaling van skuld
- Aankoop van luukse goedere
- Groot liefdadigheidsbydraes
- Om 'n eie besigheid te besit

2.3.2.4 Die mens weet nie hoe om doelwitte te stel nie

Die vermoë om realistiese doelwitte te stel kan net met herhaalde oefening verkry word.

2.3.3 Om doelwitte in die geloof te stel

'n Geloofsdoelwit word gedefinieer as 'n doel wat God wil hê dat ons moet bereik. Volgens Blue (1986:102) is dit 'n vier fase proses.

2.3.3.1 Bring tyd saam met God deur

Een van die Christen se kritieke behoeftes is om tyd met God deur te bring en sy wil vir jou lewe te soek. Die Bybel sê dat ook duidelik dat God tot hulle sal nader wat tot Hom nader (Jakobus 4:8, Bybel, 1983).

Daar is twee Bybelverse (Bybel , 1983) wat ons veral hier leiding verskaf:

Rom. 12:2 - "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God toe om julle denke te vernuwe."

Matt 7:7 tot 8 - “Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.”

Om tyd saam met God deur te bring is essensieel. Daarsonder word doelwitstelling bloot die nastrewing van die verbeelding en drome.

2.3.3.2 Skryf die gedagtes neer

Soos wat tyd saam met God deurgebring word, kan die gedagtes van Hom ontvang, neergeskryf word. Soos wat dit gedoen word, sal daar oor ‘n tyd versekering en oortuiging ontvang word. Dit is belangrik dat die leiding neergeskryf word. In baie gevalle kan persone so getoets word. God se doelstelling is om ‘n persoon se geloof te versterk en baie keer sal die toetse juis dit doen.

2.3.3.3 Maak die doelwit meetbaar

Nadat ‘n persoon seker is van wat God se wil is, is hy gereed om die doelwit daar te stel. Dit wat hy glo God wil hê dat hy moet bereik, moet meetbaar wees. Vir ‘n persoon om te sê dat hy ‘n goeie pa vir sy kinders wil wees is nie ‘n doelwit nie, dit is bloot ‘n voorneme. Om egter te sê dat hy elke dag 15 minute saam met sy kinders wil deurbring is ‘n doelwit. Omdat doelwitte meetbaar is kan bepaal word wanneer dit bereik is en in hoe ‘n mate.

2.3.3.4 Gaan oor tot aksie

Geloof is om te reageer op wat God wil hê gedoen moet word. Geloof is dus ‘n werkwoord. ‘n Doelwit wat in die geloof gestel is sal gewoonlik drie eienskappe hê (Blue, 1986:104).

Eerstens sal die manier waarop dit bereik gaan word moontlik nie altyd duidelik wees nie. So het Noag begin om die ark te bou sonder dat hy geweet het presies wat sou gebeur. Dit was sekerlik nie vir Noag moontlik om hom in te dink wat ‘n vloed oor die ganse wêreld sou wees nie. Tog het hy dit gedoen omdat hy op God vertrou het.

‘n Geloofsdoelwit kan tweedens ook gestel word sonder dat die nodige hulpbronne beskikbaar is. Net so het Abraham en Sara ‘n kind in die wêreld gebring nadat hul albei al baie oud was. Al het

ons miskien nie die hulpbronne nie, is God by magte om in alle behoeftes te voorsien. Die hulpbronne speel met ander woorde in werklikheid geen rol indien dit 'n doelwit is, wat in lyn is met God se plan vir sy kinders se lewe nie.

Derdens word doelwitte soms gestel wat nog nie ten volle verstaan word nie. In Heb 11:8 in die Bybel(1983) is Abraham beveel om na 'n nuwe land te vertrek wat God beloof het hy as erfdeel sou ontvang. Hy het nie presies geweet waarheen hy oppad was nie, en ook nie wat daar op hom wag nie. Hy het egter sy vertroue in God gestel.

2.4 Finansiële beplanning in die gesin

2.4.1 Betrek die gesin

Dit is belangrik dat die gesin in geheel betrek word by die finansiële bestuur van die gesin. Dit gebeur dikwels dat vroue weduwees word en indien die vroue nie blootstelling gehad het aan die finansies van die gesin nie, kan dit katastrofiese gevolge hê. Dit sal nie alleen aansienlike spanning meebring nie, maar ook finansiële verliese tot gevolg hê.

Selfs die kinders kan 'n rol speel. Die kinders kan geleer word om met 'n spesifieke bedrag sakgeld per maand klaar te kom. Hulle kan ook teenwoordig wees waar die gesin se begroting opgestel word. Sodoende kan hul sien waarop die gesin se geld spandeer word en sal hulle meer begrip vir hul ouers se finansiële besluite toon.

2.4.2 Opvoeding van kinders

Volgens De Lange (1996:45) bied 'n ouerhuis waarin verstandige geldwaardes heers 'n groot voorsprong aan kinders in hul latere lewe. Dit is belangrik dat hulle 'n begrip sal hê van rente, kapitaal, skuld en besparing. Die voorbeeld van Warren Buffet, een van die VSA se rykste mense, word gemeld. Die volgende praktiese aspekte kan uit die opvoeding geleer word :

- Hy het uit 'n welgestelde ouerhuis gekom het, maar moes egter self werk om kapitaal te bou. Gevolglik het hy dit wat hy verdien het, waardeer.
- Hy is toegelaat om sy eie besigheid te begin. Sodoende kon hy leer wat kosteberekening is en teen hoeveel hy sy produk moes verkoop om 'n wins te maak.
- Hy het geleer om na te lees oor beleggingsmoontlikhede en veral die aandelemerk.

Dit word gestel dat kinders verder geleer moet word hoe om 'n begroting te gebruik en wat die voordele en moontlikhede verbonde aan besparing is (De Lange, 1996:45).

2.4.3 Jong getroudes

In 'n ander artikel maak De Lange (1996:41) die opmerking dat geld een van die grootste vernietigers van huwelike in Suid-Afrika is. Volgens hom is die beste wat gedoen kan word om dit reg in die begin van die emosionele aspekte in die huwelik te skei. Deur vooraf te sit en die saak te bespreek kan die verloofdes sien hoeveel hulle verskillend oor geldsake dink. Deur dit te doen kan frustrasie as gevolg van onvervulde begeertes grootliks uitgeskakel kan word. De Lange (1996:41) stel ook voor dat jong paartjies die volgende beginsels volg:

- Vermy skuld
- Respekteer mekaar se privaatheid wat geldsake betref. Sorg dat elkeen 'n maandelikse bedrag het wat hy of sy volgens eie diskresie kan aanwend.
- Lê reëls neer oor hoe geldgeskille besleg gaan word.
- Beplan versekering deur seker te maak dat verskillende risiko's soos afsterwe, ongeskiktheid, medies, diefstal en brand, gedek is.
- Begin vroeg voorsiening maak vir die opleiding van die kinders.

Harry Laurie (1991:36) gee aan jong volwassenes die volgende raad :

- Hulle moet leer om te wag en te spaar. Alles wat hul graag wil hê hoef nie dadelik gekoop te word en met skuld gefinansier te word nie.
- Elke jongmens moet probeer om sy "markwaarde" te verbeter deur hom voortdurend beter te bekwaam.
- Mense moet ook bou aan hul vermoë om te onderhandel en te beplan.
- Laastens stel hy dat die jeug die tyd is om kontakte op te bou.

Nog 'n aspek wat maklik buite rekening gelaat word in die gesin se finansiële beplanning is gesinsbeplanning. Die beplanning van die gesinsgrootte is egter nie waar die betrokkenheid van die gesin behoort te eindig nie.

2.5 Byhou van rekords

Om beplanning te doen en finansiële state te kan voorberei, moet sekere rekords bygehou word. Dit het betrekking op al die inligting wat nodig is om besluite aangaande 'n persoon se finansies te neem en ook sy finansiële posisie te bepaal.

Kapoor et. al (1994:59) stel voor dat hierdie rekords in die volgende kategorieë verdeel word:

- Finansiële bestuurrekords : begrotings, persoonlike finansiële state
- Belastingrekords : afskrifte van opgawes, aanslae, belastingsertifikate en kwitansie van betalings
- Finansiële rekords : tjekboek, gekanselleerde tjeks, bankstate vir tjekrekeninge, spaarrekeninge en kredietkaarte, deposito en debietorder bewyse
- Baterekords : aktes, registrasie dokumente, kwitansie en fakture van aankope, handleidings en waarborge, beleggingsbewyse en sertifikate
- Persoonlike inligting : Curriculum Vitae en salarisbesonderhede, sertifikate en kwalifikasies
- Kredietrekords : ooreenkomste, state
- Versekering : polisse, premie inligting, mediese bewyse
- Aftrede en boedelbeplanning : testament, pensioenskema, uitredingsannuïteit dokumentasie

Buiten die bogenoemde is dit ook noodsaaklik dat afskrifte van belangrike korrespondensie ook bygehou word. Dit gebeur dat dokumentasie in die pos verlore raak, of dat verwysingsdatums later nodig mag wees.

Die bogenoemde rekordhouding kan gemaklik hanteer word wanneer 'n afsonderlike lêer vir elke afdeling bygehou word.

2.6 Gevolgtrekking

Vir die Christen behoort alles nie net te wentel om rand en sent nie. Daar word dus van hom of haar verwag om twee dinge te doen. Eerstens moet hy op God vertrou en tweedens moet hy die eerste stappe in persoonlike finansiële bestuur in die geloof neem. Abraham, Noag en nog vele ander geloofshelde van die Bybel het die eerste stap in volle afhanklikheid van God geneem.

Nadat die vorige stappe deurgewerk is behoort die leser te weet waar hy is betreffende die kwalitatiewe aspekte van sy persoonlike finansies, asook waarheen hy oppad is. Vervolgens kan hy begin stappe neem om die doelwitte, kwantitatief so wel as kwalitatief te bereik. Die mens weet dalk nog nie hoe, of waar die hulpbronne vandaan sal kom nie, maar hy kan weet dat God in beheer is. En as hy dit weet sal hy:

- sy die doelwitte bereik
- geestelik groei
- God verheerlik

HOOFSTUK 3

INKOMSTE

3.1 Inleiding

Dié hoofstuk is die eerste waarin die finansiële elemente direk aangespreek word in. Hierin word gelet op die eerste gedeelte van die inkomstestaat soos in hoofstuk 1 na verwys is.

Daar word van die standpunt uitgegaan dat 'n persoon se lewenstyl gevorm moet word aan die hand van sy of haar inkomste. Sodoende sal die persoon nie in finansiële moeilikheid beland as gevolg van lewenswyse bo sy of haar vermoë nie. Sake wat inkomste beïnvloed word aangespreek. Wanneer die persoon ingelig is aangaande faktore wat sy inkomste beïnvloed, kan die inligting positief aangewend word in loopbaanbeplanning.

Die bestuur van persoonlike finansies begin normaalweg met die verdien van inkomste in die vorm van 'n salaris. “ 'n Werk ” beteken dat gereelde ure gewerk word, betaling ontvang en slegs beperkte bevrediging daaruit verkry word. “ 'n Loopbaan” daarenteen is die verbintenis tot opleiding en groei in 'n betrokke veld. 'n Loopbaan verskaf dan gewoonlik ook beter ekonomiese en persoonlike vervulling. Dit is ook die rede waarom loopbaanbeplanning 'n integrale deel van finansiële beplanning is. (Kapoor et. al, 1994:29)

Verder word tipes inkomste, aanvullende inkomste en die onderskeie belastinggevolge daarvan bespreek. Laastens word die konsep van inkomste teenoor kontantinvloei (of ontvangste) bespreek. 'n Kennis van dié begrippe is belangrik aangesien 'n kontantvloeibenadering gebruik gaan word in die finansiële model in hoofstuk 9 vervat.

3.2 Faktore wat inkomste beïnvloed

Inkomste kan slegs bestuur word, indien dit wel verdien is. Daar is volgens Mathur (1989:8) vier faktore wat inkomste beïnvloed, naamlik : opvoedkundige kwalifikasies, die aard van die beroep, ondervinding en persoonlike bates of eienskappe.

3.2.1 Opvoedkundige kwalifikasies

'n Persoon se formele opleiding speel 'n deurslaggewende rol in sy besoldiging soos gesien kan word uit die volgende tabel van gemiddelde inkomste:

TABEL 3.1 MEDIAAN INKOMSTE VAN GEGRADUEERDES WAT VOLTYDS WERK VOLGENS STUDIERIGTING, KWALIFIKASIEVLAK EN WERKGEWERSSEKTOR

Natuurwetenskaplik

Kwalifikasie	Salaris R : Publieke sektor	Salaris R : Privaat sektor	Salaris R : Eie praktyk
B - graad	71 300	114 600	120 000
Honn. - graad	82 000	113 500	110 000
M - graad	95 200	138 000	150 000
D - graad	119 800	166 500	133 500

Mediese wetenskappe

Kwalifikasie	Salaris R : Publieke sektor	Salaris R : Privaat sektor	Salaris R : Eie praktyk
B - graad	132 000	120 000	169 000
Honn. - graad	61 400	71 600	100 000
M - graad	188 500	190 000	250 000
D - graad	176 600	-	-

Regte

Kwalifikasie	Salaris R : Publieke sektor	Salaris R : Privaat sektor	Salaris R : Eie praktyk
B - graad	140 100	60 500	150 000
Honn. - graad	145 000	81 200	180 000
M - graad	147 500	162 500	215 000
D - graad	170 100	-	-

Bestuur, ekonomie, handel en administrasie

Kwalifikasie	Salaris R	:	Salaris R	:	Salaris R	:	Eie
	Publieke sektor		Privaat sektor		praktik		

B - graad	97 900		105 800		130 000		
Honn. - graad	114 900		108 400		144 000		
M - graad	136 000		160 000		179 000		
D - graad	169 600		156 000		145 000		

(Jacobs, 1998 : 125-127)

Die bogenoemde beteken nie dat 'n persoon meer sal verdien indien sy kwalifikasies beter is nie, maar eerder dat kwalifikasies sy verdienvermoë verhoog. Dit kan ook wees dat persone in tegniese beroepe soos loodgieters, tegnisi en mediese tegnoloë net soveel kan verdien as persone met formele tersiëre opleiding en selfs nog meer.

Persone met kwalifikasies in gebiede soos geskiedenis, sosiologie, tale en drama mag dit moeilik vind om 'n toepaslike, goedbesoldigde beroep te beoefen. Die rede is dat soos met alle markkragte, die besoldiging en geleentheid bepaal word deur vraag en aanbod. Hoe meer gesog die beroep is, en hoe meer funksioneel, hoe groter die vraag en hoe groter dan die prys wat werkgewers bereid is om te betaal vir 'n persoon met sodanige kwalifikasies en ondervinding.

3.2.2 Aard van die beroep

Alhoewel baie faktore daaglikse lewensgewoontes beïnvloed asook finansiële besluite, is die werksituasie seker die grootste veranderlike. Inkomste, kennis en beskikbare vrytyd is 'n direkte gevolg van die werk wat gedoen word. Soos alle besluite het die loopbaankeuse ook risiko's en geleentheidskoste tot gevolg (Kapoor et. al, 1994:29).

Risiko's bestaan uit die moontlikheid dat die doel wat gestel is nie bereik word nie. Geleentheidskoste daarenteen is die kostes wat aangegaan moet word, of inkomste en ander aspekte soos vrytyd wat verloor mag word om die spesifieke loopbaan te volg. Waardes, behoeftes en doelwitte sal die deurslaggewende rol speel in die bepaling van 'n persoon se geleentheidskoste.(Kapoor et. al, 1994:30)

Sommige beroepe het hoë risiko's aan verbonde, soos die van 'n sekuriteitswag. Die persoon moet dan addisioneel hiervoor vergoed word. Dan is daar ook beroepe wat verwag dat die persoon oortyd of selfs naweke moet werk. In so 'n geval moet die voordeel van die addisionele inkomste teenoor die verlies aan vryetyd en gesinstyd gemeet word.

Sommige beroepe het hoogs gekwalifiseerde persone nodig of is fisies baie inspannend en sal daarom 'n groter besoldiging aanbied. Daarteenoor sal beroepe wat min of geen opleiding of vaardighede nodig het nie, laer lone betaal.

Soos gesien uit die volgende tabel is daar ook 'n verskil in die inkomste verdien in verskillende beroepe.

TABEL 3.2 MEDIAAN JAARLIKSE INKOMSTE VAN GEGRADUEERDES IN 1997 VOLGENS BEROEP EN WERKSEKTOR

Beroep	Inkomste R :		
	Openbare sektor	Privaat sektor	Eie besigheid
Advokaat	180 000		238 000
Apteker	96 000	100 000	120 000
Boer	-	93 000	100 000
Ekoonom	158 000	158 000	205 000
Maatskaplike werk	61 000	47 000	-
Mediese praktisyn	161 000	200 000	180 000
Onderwyser	73 000	66 000	35 000
Prokureur	153 000	97 000	185 000
Rekenmeester(GR)	223 000	222 000	250 000
Rekenmeester	114 000	151 000	120 000
(Ander)			
Siviele Ingenieur	197 000	204 000	260 000

(Jacobs, 1998:9)

3.2.3 Ondervinding

Die feit van die saak is dat persone wat reeds oor die nodige ondervinding beskik, van die begin af dus meer produktief sal kan wees. Dit is dan ook waarom werkgewers bereid is om beter salarisse aan sodanige kandidate aan te bied. Dit is dan ook 'n direkte gevolg dat die persone wat hul internskap of klerkskap doen in beroepe soos ouditeure, prokureurs en medici 'n aansienlik hoër salaris aangebied word nà afhandeling van die opleidingstydperk.

3.2.4 Persoonlike bates en eienskappe

Talente, belangstellings, opvoeding, liggaamsbou en persoonlikheid is almal deel van 'n persoon se persoonlike bates. Die bates kan 'n persoon se inkomstepotensiaal, die vermoë om inkomste te verdien, positief of negatief beïnvloed.

Iemand wat graag 'n professionele rygbyspeler wil word, maar baie lomp is, sal nie maklik 'n sukses daarvan kan maak nie. Net so sal iemand wat daarvan hou om daaglik nuwe mense te ontmoet en terselfdertyd spontaan is met 'n goeie kommunikasievermoë, 'n baie suksesvolle verkoops persoon wees. Om dus werksbevreëdiging te ervaar moet 'n persoon in sy beroep, sy persoonlike bates optimaal kan benut.

3.3 Tipes inkomste

Dit is vir die professionele persoon belangrik om te weet watter tipes inkomste daar bestaan. Agtergrond insake tipes inkomste kan nuttig gebruik word waar die persoon toegelaat word om self sy salaris pakket te struktureer. Pakket struktureering sal hoofsaaklik pensioenbydraes en belasting beïnvloed. Dit is dus belangrik dat die persoon sal weet hoe die veranderlike beïnvloed sal word deur sy keuses.

3.3.1 Salaris

Salaris is die vaste inkomste wat 'n persoon maandeliks van sy werkgewer ontvang vir dienste verrig. In Suid-Afrika word salarisse op 'n glyskaal belas. Die tabelle is vervat in Bylae B.

3.3.2 Byvoordele

Byvoordele is daardie vergoeding wat addisioneel tot 'n werknemer se basiese salaris is. Dit vorm gewoonlik nie deel van die bedrag waarop sy oorbetaling aan die pensioenfonds bereken word nie. Verder is daar gewoonlik een of ander spesiale belasting bepaling by betrokke.

3.3.2.1 Behuisingsubsidie

Behuisingsubsidie word gewoonlik deur 'n werkgever aan 'n werknemer betaal om hom in staat te stel om 'n eie woning te besit. Die werkgever kan egter onvoorwaardelike subsidies betaal ongeag van waar die werknemer woon en hoeveel dit kos. Behalwe dat die subsidie meestal nie pensioendraend is nie, wat beteken dat dit nie ingesluit word in die berekening van die bedrag waarop die oorbetaling aan die pensioenfonds bereken word nie, is die subsidie nie veel verskillend van die normale salaris nie aangesien dit ten volle belas word.

3.3.2.2 Vervoer of motortoelaag

'n Vervoertoelaag kan op basies twee wyses betaal word. Die werkgever kan die werknemer van 'n voertuig voorsien of die werknemer kan maandeliks of per kilometer gereis, vergoed word vir die gebruik van sy privaat voertuig.

Ampsmotor

Met ingang van 1 Julie 1997 word die werknemer belas op 1,8% (voorheen 1,2%) per maand op die vasgestelde waarde van die motorvoertuig met die hoogste waarde, en 4% (voorheen 2%) per maand op die vasgestelde waarde vir enige tweede voertuig wat primêr aangewend word vir privaatgebruik. Waar die werkgever die werknemer van 'n voertuig voorsien, is die vasgestelde waarde van die voertuig vir die byvoordeel die kontantkoste uitsluitende BTW, finansieringskoste en rente:

Kosprys / Waarde van voertuig X 1.8% per maand van die jaar wat die voordeel toegestaan was

Sou 'n persoon dus 'n voertuig van R 100 000 ontvang sal die belasbare voordeel R 1 800 per maand wees. Die belasbare voordeel word egter per maand verminder in die volgende gevalle:

- Werknemer dra koste van brandstof vir privaatgebruik R 120
- Werknemer dra koste van alle instandhouding R 85

Motor / vervoertoelaag

1) Vergoedende toelaag

Waar 'n werknemer 'n vergoedende toelaag ontvang wat gebaseer word op die werklike besigheidskilometers gereis en die kostes is bereken in oorleg met die voorgestelde koers (huidiglik 130 sent / kilometer), hoef geen werknemersbelasting (LBS) afgetrek te word nie. Die vergoedende toelaag moet slegs aangetoon word op die IRP 5 sertifikaat indien besigheidsreise 8000 kilometer per jaar oorskry.

2) Vaste reistoelae

Met ingang 1 April 1998, is 50% (voorheen 40%) van die vaste reistoelae onderhewig aan LBS en die toelae word getoon op die werknemer se IRP 5 sertifikaat, ongeag die omvang van besigheidsreise.

3) Reistoelae met beide vaste en vergoedende dele

Die hantering van belasting ten opsigte van die vaste reistoelae geskied op die wyse soos reeds vermeld en beide die vaste en vergoedende toelae moet op die IRP 5 aangetoon word, ongeag die omvang van besigheidskilometers gereis. LBS moet slegs afgetrek word van die vergoedende toelae as dit teen 'n koers hoër as die voorgeskrewe koers (130 sent) is.

Aftrekking

Die aftrekbare gedeelte bestaan uit drie komponente, naamlik totale koste en aantal kilometer gereis in totaal en amptelike kilometer gereis. Die aftrekking word beperk tot die toelaag ontvang.

1) Totale koste

Die totale koste kan op een van twee maniere bereken word:

a) Deur die werklike koste gedurende die jaar aangegaan by te hou - dit sluit die volgende in :

- Brandstof
- Instandhouding
- Rente betaal
- Slytasie teen 20 % op die verminderde saldo van die voertuig
- Versekering en ander direkte koste

b) Indien akkurate rekords vir die bogenoemde nie bygehou is nie, kan die koste bereken word aan die hand van tabelle deur die ontvanger verskaf. Verwys na Bylae B vir die bepaling van die vastekoste, brandstof koste en instandhoudingskoste.

$$\text{Totale koste} = \frac{(\text{Vastekoste} \times \text{Besigheidskilometer}) + \text{Brandstofkoste} + \text{Instandhoudingskoste}}{\text{Werklike kilometer gereis}}$$

2) Totale kilometer

Net soos die koste, kan die kilometers gereis in totaal en vir amptelike doeleindes ook op twee maniere bereken word :

a) Deur die byhou van 'n volledige logboek

b) Tensy akkurate reisrekords gehou word deur die werknemer, sal dit aanvaar word dat:

- die eerste 14 000 km wat gereis is per jaar, private vervoer is; en
- maksimum besigheids kilometers wat geëis mag word beperk word tot 18000 km.

Die beperkings word proporsioneel aangepas waar die voertuig vir minder as een jaar in gebruik was.

3) Aftrekbare deel

Die koste aangegaan vir amptelike reise is aftrekbaar vanaf die reistoelaag ontvang.

$$\frac{\text{Totale koste}}{\text{Totale kilometer}} \times \text{Amptelike kilometer gereis}$$

3.3.2.3 Rentevrye en lae rentekoers lenings

Die bedrag waarop die persoon belas word is die verskil tussen rente betaalbaar op die lening deur die werknemer en die amptelike rente koers (16% sedert 1 September 1995). Korttermynlenings, wat nie gereeld toegestaan word nie, en nie R 3 000 oorskry nie, is nie 'n belasbare voordeel nie. 'n Lening aan die werknemer om hom in staat stel om sy eie studies voort te sit, is ook nie 'n belasbare voordeel nie.

Voorbeeld :

Mnr A leen R 10 000 by sy werkgewer teen 10 % per jaar

Rente betaal	R 1 000
Standaard koers teen 16 %	<u>R 1 600</u>
Belasbare byvoordeel	<u>R 600</u>

3.2.3.4 Gratis huisvesting en goedkoop behuising

Die bedrag onderhewig aan belasting, waar sodanige voordeel ontvang is, word bepaal deur die volgende formule:

$$(A - B) \times C / 100 \times D / 12$$

waar: A = vergoeding in die vorige belastingjaar (uitsluitende die gebruik van 'n voertuig, onthaaltoelaag en reistoelae)

B = R20,000 afslag

C = 16 (voorheen 15), of

C = 17 (voorheen 16), in die geval waar akkommodasie bestaan uit 4 kamers en gemeubileer of krag voorsien word deur werkgewer, of

C = 18 (voorheen 17), in die geval waar akkommodasie bestaan uit ten minste 4 kamers, gemeubileer en krag deur werkgewer voorsien word.

D = getal maande se verblyf.

Die R 20 000 afslag is nie beskikbaar aan:

- enige persoon wat 'n verbintenis met die werkgewer het
- 'n aandeelhouer van 'n private maatskappy
- lid van 'n beslote korporasie of
- die begunstigde van 'n trust nie.

Enige huur aan die werkgewer betaal deur die werknemer verminder die belasbare bedrag bereken volgens die formule. As die werknemer, sy vrou of kind die akkommodasie besit of 'n belang daarin het (direk of indirek) en, met ingang van 1 Maart 1997, waar die behuising nie aan die werkgewer of persone deur wetgewing aan die werkgewer gekoppel behoort nie, word die bedrag deur die werkgewer betaal (huur betaal en ander uitgawes) beskou as die kontant gelykstaande aan die byvoordeel.

3.3.2.5 Onthaaltoelaag

Die belastingaftrekbaarheid van die onthaaltoelaag word vir belastingdoeleindes beperk tot die kleinste van:

- R 2 500 of
- R 300 plus 5% van belasbare inkomste wat R 6 000 oorskry.

Persone wat 'n besigheid bedryf of kommissie ontvang (nie 'n salaris as vergoeding ontvang nie), kan die volle onthaalkoste aftrek op voorwaarde dat dit aangegaan is in die voortbring van inkomste.

3.3.2.6 Reis en verblyftoelae

Die onbestede gedeelte van enige toelaag wat aan 'n werknemer toegestaan word wanneer afwesig van sy/haar huis vir besigheidsdoeleindes, ten opsigte van uitgawes vir persoonlike onderhoud (bv. akkommodasie en etes), is belasbaar.

Die volgende bedrae word geag bestee te wees om die proses te vereenvoudig en word nie op die IRP 5 sertifikaat aangetoon nie:

1) Plaaslike reise

- R 150 per dag of deel daarvan waar die werknemer alle kostes dra, of
- R 65 per dag of deel daarvan in alle ander gevalle.

2) Oorsese reise

Werklike verblyfkostes plus US\$ 120 per dag vir maaltye en onvoorsiene uitgawes. Dit is die bedrag wat tans deur die kommissaris toegelaat word en geld net vir aaneenlopende periodes buite die Republiek wat nie 6 weke oorskry nie. Waar die tydperk oorskry word, moet die toelae ten volle aangedui word op die IRP 5 sertifikaat en die werknemer moet die werklike uitgawes aangegaan as 'n aftrekking eis.

Indien die toelaag bogenoemde bedrae oorskry, moet dit op die IRP 5 sertifikaat aangedui word. Die aftrekbaarheid van sulke toelae moet dan gemotiveer word.

3.3.3 Pensioen

Pensioen is die vaste maandelikse bedrag wat 'n persoon na sy aftrede vanaf 'n pensioenfonds ontvang, waartoe hy bygedra het. Die pensioen word net soos salarisse belas.

Die knelpunt betreffende pensioene is die feit dat dit gewoonlik aansienlik laer is as die persoon se salaris voor aftrede (Sien ook hoofstuk 7). Die bedrag aan pensioen wat ontvang word, word ook beïnvloed deur die aantal jaar diens by die betrokke onderneming. Die presiese berekening sal egter verskil van pensioenfonds tot pensioenfonds.

3.3.4 Piramide en ander gou-rykword-skemas

3.3.4.1 Die mens is gierig

Daar is tans en sal seker altyd 'n reeks van hierdie gevaarlike en selfs onwettige skemas wees wat bemark word. Die onderliggende tema is byna altyd dat dit jou gou ryk sal maak. "Deur 'n paar eenvoudige reëls te volg kan jy egter gou vasstel of dit 'n onaanneemlike skema of selfs 'n skelmstreek is waarmee jy te doen het."(De Lange, 1996:48).

Volgens De Lange (1997:46) is die skemas net op een ding gemik, naamlik die gierigheid van die mens. Die verkopers weet dat alle mense daartoe geneig is en dat dit eenvoudig net geprikkel moet word. Dit is net jammer dat dit by sommige mense so erg is dat hulle as te ware met blindheid geslaan word en dan met hul swaarverdiende geld agter die swendelaars aanloop.

3.3.4.2 Hoe gaan die swendelaars te werk ?

Dr. van Zyl, hoof van navorsing by die Raad op Finansiële Dienste, het die volgende werkwyse genoem waarvolgens swendelaars te werk gaan (De Lange,1997:46):

- Hulle sal die slagoffer sommer uit die bloute skakel.
- Soms word posadreslyste in die hande gekry. Aanbiedinge word dan gedoen wat oënskynlik wettig lyk en versier word met beloftes van buitengewone opbrengste.
- Ander kere mag advertensies geplaas word. Sodoende kan soveel moontlik mense in 'n kort tydjie betrek word waarna die organiseerders verdwyn voordat ondersoek na die skema ingestel kan word.
- Die gebruik van verwysings is 'n verdere nuttige taktiek. Goeie opbrengste word aan die eerste deelnemers betaal. Hulle vertel familie en vriende daarvan en sommer gou stroom die geld na die swendelaars sonder enige verdere moeite.
- Druk word gewoonlik op die potensiele slagoffer geplaas. "Nee", word nie as antwoord aanvaar nie en persone wat die aanbod durf afwys kan dikwels beledig word as synde dom om die fantastiese aanbod nie te gebruik nie.
- Daar word ook dringendheid aan die transaksie verleen. Die slagoffer moet sonder om die skema verder te ondersoek, sy besluit maak.

'n Wye reeks tegnieke word gebruik. Die gemene faktor is egter dat die verkopers baie oortuigend kan klink.

3.3.4.3 Hoe lyk 'n gevaarlike skema ?

Lucas de Lange (1996:48)(1997:46) het die volgende kenmerke van die skemas uitgelig:

- Daar word nooit iets konkreefs geproduseer of enige fisiese diens gelewer nie.
- Die opbrengs is baie beter as wat in die normale gang van besigheid beskikbaar is.
- Die slagoffers word dan ook wys gemaak dat hy of sy een van die gelukkigste is met wie die skema gedeel word.
- Daar word dikwels melding daarvan gemaak dat die maatskappy op die aandelebeurs genoteer gaan word en dat die aandeelprys 'n paar keer hoër gaan open as wat die koper nou daarvoor betaal.
- Daar word van persone wat genader word verwag om net te glo wat hulle op wit en swart kan sien en nie oor beloftes wat die toekoms inhou nie.
- Soms is die hoofbrein agter die hele skema nie eens aan die verkoopsagent bekend nie. Dit is dan ook so dat die verkopers nie sommer hul adresse sal bekend maak nie.

Die produk wat aangebied word is dikwels nie goed genoeg om dit self te verkoop nie. Dit word dan gekoppel aan 'n piramide skema wat die voornemende koper laat vasstaar teen die geldelike opbrengste. Die swendelaars fokus hulle dan ook op bejaardes en ander mense wat finansiële onkundig is.

3.3.4.4 Voorbeelde van skemas

Masterbond en Rainbow is net twee van die groot skemas wat reeds in Suid-Afrika ontbloot is. In albei die gevalle was daar die belofte van notering op die aandelebeurs.

Die eenvoudigste piramideskemas werk gewoonlik almal op die selfde beginsel. 'n Persoon moet 'n bedrag belê van bv R 1 000. Hy word dan 'n 25 % opbrengs per maand beloof. Wanneer persoon twee dan sy R 1 000 belê word R 250 daarvan aan persoon een betaal as sy beloofde 25% opbrengs. Wanneer loop dinge dan skeef? Dit gebeur wanneer daar nie meer so baie nuwe beleggers is dat die bestaande beleggers se opbrengs betaal kan word nie. Die mees onlangse beleggers verloor dus alles terwyl die eerstes selfs 'n wins kan maak. Soos wat 'n piramide egter van bo af wyer uit loop is die persone wat wen, aan die bo punt, maar min in vergelyking met die aan die onder punt van die piramide.

Ander kere kan daar van die belegger verwag word om bv. R 1 000 te belê. Hy moet dan verdere beleggers werf en sy beloning kan dan bv. R 200 vir elke nuwe belegger wees. Ook hier kry ons dan die piramideskema.

Soms word die belegging gekoppel aan 'n produk of diens wat gekoop word. Die beleggers kan dan bv. 'n tyddeel of soortgelyke vakansiefasiliteit koop. Hy moet dan nuwe beleggers werf waarvoor hy 'n kommissie sal ontvang. Van die produkte kan baie eksoties wees, soos oorsese vakansies. Kenmerkend is dat die produk nie die hoofpunt van die verkoopspraatjie is nie, maar eerder die geld wat uit die piramide skema voortvloei.

Die addisionele koste verbonde aan die produk soos die reiskoste verbonde aan die neem van sodanige vakansies word dan uit die oog verloor en kan dit soms nie eens benut word nie. Dan kan daar ook verskuilde koste verbonde wees aan die belegging. Wanneer die koper nuwe beleggers wil werf is dit soms nodig om 'n fooi te betaal vir elke persoon aan wie die organiseerder die produk moet bekend stel, ongeag of die persoon koop of nie.

Die gevaarlikste is seker wanneer die organiseerders 'n koper wat duidelik nie die kontant het om so 'n belegging te maak nie oorreed om 'n lening daarvoor op te neem. Hulle kry hulle geld en wanneer die persoon nie in staat is om enige nuwe beleggers te werf nie sit hy met die skuld. In hoofstuk 5 word dan ook daarop gewys dat dit nie raadsaam is om beleggings met skuld te finansier nie.

Daar is ook kettingbriewe. Volgens die briewe moet jy byvoorbeeld R10 in 'n koevert plaas en aan drie persone bo-aan die poslys stuur. Daarna kan jy jou eie naam onder aan die lys voeg en die eerste naam weglaat.

3.3.4.5 Stappe om te volg

Uit twee van die artikels wat Lucas de Lange oor die onderwerp geskryf het kan die volgende riglyne neergelê word wat gevolg kan word om so 'n skema te ondersoek:

- Stel deeglik ondersoek in na die persone en organisasie wat die belegging verkoop (1997:46).
- Beskou die belegging noukeurig (1997:46) en win deskundige advies in na gelang van die grootte van die belegging.
- Daar kan navraag gedoen word oor die eiendom (1996:48) en produkte wat aangebied word.
- Die belegging moet noukeurig gemonitor word(1997:46).
- Die koper moet sorg dra dat hy 'n wettige kwitansie verkry (1996:48).

Die mens moet in gedagte hou dat daar net soveel geld in die wêreld is. As sommiges dan ryk word sonder om daarvoor te werk, sal ander noodwendig geld verloor waarvoor hulle niks in ruil ontvang nie.

3.3.5 Beleggingsinkomste

Beleggingsinkomste kan 'n belangrike deel van persoonlike finansiële bestuur uitmaak, veral in die latere jare en aftreejare.

3.3.5.1 Rente

Rente is die geld wat ontvang word op 'n kontantbelegging en word gewoonlik as 'n persentasie uitgedruk. Die eerste R 2 000 rente inkomste wat ontvang word is belasting vry. Dit geld egter net vir individue. Beleggingsinkomste word in die persoon wat die inkomste ontvang se hande belas. Rente en dividend inkomste word egter gelykop tussen die man en vrou verdeel waar twee persone binne gemeenskap van goedere getroud is.

3.3.5.2 Dividende

Dividende is die inkomste wat ontvang word uit aandelebeleggings. Dividende ontvang is nie belasbaar nie.

3.3.5.3 Kapitaalwinste

Winste met die verkoop van vaste eiendom, aandele en ander beleggings of bates is nie belasbaar nie tensy die verkoper daarmee handeldryf of spekulêer. As algemene riglyn kan 'n termyn van 5 jaar geneem word. Indien die persoon die belegging dus langer as 5 jaar hou sal winste uit die verkoop daarvan as kapitaalwinste gesien word.

3.3.5.4 Inkomste vanuit 'n buitelandse bron

Sekere bepaling is deur die Ontvanger van Inkomste ingestel met die verslapping van die valuta beheermaatreëls. 'n Persoon word belas op inkomste verdien op kapitaal in die buiteland belê

wat toeval vanaf 1 Julie 1997. Waar belastingooreenkomste bestaan kan die persoon egter buitelandse belasting betaal aftrek.

3.3.6 Inkomste uit 'n besigheid

In Suid-Afrika word die inkomste uit 'n besigheid wat in die vorm van 'n vennootskap en eenmansaak bedryf word, nie afsonderlik belas nie. Die totale winste van die onderneming word egter in die hande van die eienaars belas, ongeag die trekkings uit die besigheid.

3.4 Aanvullende inkomste

Die maniere om aanvullende inkomste te verdien is sekerlik net so talryk as die aantal beroepe self.

Aanvullende inkomste kan bestaan uit :

- privaat werk, mits die werkgever dit toe laat
- tuisnywerheid of stokperdjie waarvan die produkte op vlooiemarkte verkoop kan word
- beleggings in besighede
- beleggings in aandele en effektetrusts

Daar moet is ag geneem word dat die inkomste ook belasbaar is. Die uitgawes aangeaan om die inkomste te genereer is egter aftrekbaar vir belastingdoeleindes. Uitgawebewysstukke soos fakture moet egter bewaar word om die geldigheid van die uitgawe op navraag aan die ontvanger te kan bewys.

Soos met enige besluit wat ooit geneem word moet 'n belegging ook nie in 'n tuisnywerheid of besigheid gemaak word sonder die nodige navorsing nie. Beleggings word meer breedvoerig in hoofstuk 5 bespreek.

3.5 Uitdienstredingspakkette

Volgens Lucas de Lange (1995:40) het 'n peiling in Britanje getoon dat 77% van werkende mense graag vroeg wil aftree. In Suid-Afrika het ander faktore, soos regstellende optrede egter 'n verdere invloed.

Gewoonlik is 55 die vroegste ouderdom waarop 'n persoon kan aftree. Die feit van die saak is egter dat so 'n persoon baie gaan prysgee vir die vroeë aftrede. De Lange (1995:40) illustreer dit met 'n voorbeeld. Gestel dat 'n pensioenfonds 1/60ste van jou maandelikse salaris voor aftrede betaal, vir elke 1 jaar diens. Indien die persoon dus op ouderdom 65 aftree met 40 jaar diens en 'n salaris van R 15 000, sal die persoon se pensioen R 10 000 beloop. Indien dieselfde persoon egter op 55 jarige ouderdom aftree sal hy slegs 30 sestigstes of die helfte van sy salaris as pensioen ontvang. 'n Prysgeawe van R 2 500 per maand kom dus vir die 10 jaar voor. Hieruit blyk dit dat die reëls van die betrokke fondse deeglik bestudeer moet word en die voordele en nadele van sodanige prysgeawe oorweeg moet word.

Die besluit is soveel meer van belang waar die persoon nie 'n maandelikse pensioen gaan ontvang nie. In so 'n geval moet die persoon oorweeg of hy in sy lewensbehoefte sal kan voorsien uit die enkelbedrag ontvang en of dit vir hom miskien moontlik sal wees om 'n eie besigheid te begin. Daar moet in gedagte gehou word dat die geld die persoon se voorsiening vir sy oudag is. Deur die kapitaal uit te leef sal die laaste lewensjare belaaie wees met finansiële probleme, veral waar die voordeel van 'n mediese fonds ook prysgegee is. Die geld sal ook nie in riskante beleggings gewaag kan word indien dit die enigste voorsiening vir die persoon se aftrede is nie.

Die uitdienstredingspakket moet dus nie as inkomste gesien word nie, maar behoort onmiddellik belê te word asof dit deel van 'n pensioenskema is. Daar is verskeie maniere waarop die belegging kan plaasvind : die begin van 'n eie besigheid, afbetaling van verbande en ander skuld, aankoop van vaste eiendom, aandele en ander beleggings. Dit is belangrik dat deskundige advies ingewin word, aangesien baie makelaars en verkoops persone die uitgetrede werknemer sal nader omdat groot kommissies betrokke is by die beleggings, terwyl die bankbestuurder en selfs ouditeur nie oor die nodige kennis mag beskik om beleggingsadvies te gee nie. Dit mag selfs raadsaam wees om meer as een kundige se advies in te win. Die inwin van advies is ook

noodsaaklik ten opsigte van die voltooiing van die belastingopgawe, sodat daar verseker kan word dat die aftrekkings en kortings wel geëis word.

Die Ontvanger het spesifieke reëls wat geld by uittredes en aftredes :

3.5.1 Afgedankte werknemers (pakkette)

Die R 30 000 belastingvrystelling op enkelbedrag-uitbetalings aan sekere werknemers word ook toegestaan aan werknemers wat werkloos word as gevolg van afdankings of inkortings (ongeachter ouderdom van werknemers), hetsy omdat die werkgewer aktiwiteite gestaak het of omdat personeel afgeskaal word. Dit geld egter nie vir direkteure van maatskappye indien hulle ter enige stadium ten minste 5% van die ondernemingskapitaal van daardie maatskappy besit het nie.

3.5.2 Enkelbedragvoordele

Die belasbare gedeelte van die enkelbedragvoordeel sal belasbaar wees teen die gemiddelde belastingkoers bereken vir die jaar van toevalling of die voorafgaande jaar, welke die hoogste is. Waar die belastingpligtige 'n aangeslane verlies het tydens die jaar van toevalling, word alle inkomste belas op die gemiddelde belastingkoers wat van toepassing was op die vorige jaar se aanslag, onderhewig aan 'n minimum belastingkoers van 19%.

Na die ontvangs van die enkelbedrag soos hierbo beskryf, word alle annuïteite belas as inkomste. Werknemers (met betrekking tot pensioen- en voorsorgfondse), sluit in vennote van professionele of ander firmas wat by die fonds aangesluit het terwyl hulle werknemers was.

Vir gedetailleerde belastingberekeninge verwys ook na Hoofstuk 7 en Bylae B.

Om mee af te sluit kan dit gestel word dat die persoon wat so 'n pakket oorweeg onder andere die volgende in ag moet neem :

- verlies aan voordele soos mediese en pensioen fondsvoordele
- belasting op die enkelbedrag
- huidige skuld
- beleggingsmoontlikhede
- of die bedrag wat oorbly nadat die bogenoemde in ag geneem is, voldoende sal wees om aan die persoon se minimum lewensstandaard te voldoen

3.6 Inkomste teenoor kontantontvangste

3.6.1 Die begrippe

Die verskil tussen inkomste en ontvangstes aan die een kant en uitgawes en betalings aan die ander kant, word nie altyd verstaan nie. Aangesien die verskil deurslaggewend is vir die opstel van finansiële state is dit nodig om aandag te gee aan die omskrywing van die begrippe.

Inkomste en uitgawes word op die toevallingsgrondslag bereken wat beteken dat dit erken word ongeag of geld fisies ontvang of betaal is. Die volledige definisie daarvan is gegee in hoofstuk 1. Daar word dan ook voorsiening gemaak vir debiteure, persone wat geld aan iemand skuld en krediteure aan wie geld geskuld word. Inkomste en uitgawe is dan ook die begrippe algemeen in die rekeningkundige wêreld gebruik by die opstel van finansiële state.

Ontvangste en betalings het te make met die fisiese ontvangste en betaling deur middel van kontant. Die aangaan van skuld of die verkoop op skuld word dus nie erken nie, maar transaksies slegs te boek gestel indien 'n fisiese kontantvloei plaasgevind het

3.6.2 Toepassing by persoonlike finansies

Wanneer 'n mens sy persoonlike finansies bestuur sal daar altyd vroeë waarskuwingstekens wees as iets verkeerd loop (De Lange, 1997:72). Indien daar vroegtydig aandag daaraan geskenk word kan die skade aansienlik verminder word. Volgens De Lange (1997:72) is kontantvloei die grootste aspek wat dopgehou moet word. Die eenvoudige rede is dat waar geld bestee word, wat nog nie ontvang is nie, dit koste meebring. Verder bestaan die risiko dat die skuld waarmee die besteding intussen gefinansier is, nie terugbetaal kan word, indien die beplande inkomste nie realiseer nie. Dit is dus belangrik om te besef dat geld 'n prys het, wat in die vorm van rente gemeet kan word.

Vanuit hierdie oogpunt word daar voorgestel dat die persoonlike begroting volgens kontantvloei en nie inkomste en uitgawes nie opgestel word. Op dié manier kan daar bepaal word op watter tydstip kontantvloei probleme ondervind gaan word. Voorkomende maatreëls kan getref word, hetsy deur vermindering van besteding of die leen van geld. Dit is dan ook moontlik om die koste aspek in berekening te bring. Verder het die berekening van persoonlike inkomste en

uitgawe nie in alle gevalle noodwendig belastingimplikasies nie en dien dit nie werklik 'n doel om streng volgens die rekeningkundige begrippe te werk nie.

Die bestuur van kontant word meer breedvoerig in hoofstuk 5 bespreek.

Deur die begroting volgens die kontantvloei metode op te stel, het meriete, maar die kwessie van 'n oormatige skuld las soos bespreek in hoofstuk 1 en hoofstuk 6 vereis dat oorweging ook aan die toevallingsbeginsel gegee word. 'n Rede vir oormatige skuld mag wees dat persone wat slegs volgens die kontantvloei metode te werk gaan, graag oormatige skuld mag aangaan aangesien betaling nie dadelik hoof plaas te vind nie en die effek van die aankoop nie dadelik aangevoel word nie. Terselfdertyd vereis banke, sowel as die Ontvanger van Inkomste, finansiële state opgestel op die toevallingsgrondslag.

Met die bogenoemde in ag geneem is dit duidelik dat 'n suiwer kontantvloei benadering nie die verlangde bestuursresultate sal lewer nie. In die finansiële model soos in hoofstuk 9 vervat is 'n kombinasie van die toevallings- en kontantvloei benadering gebruik. Die begroting word volgens kontantvloei voorberei. Dit beteken dat byvoorbeeld motorpaaie in geheel as uitvloei getoon word en nie waardevermindering en rente uitgawes nie. Wanneer 'n item egter op skuld gekoop word, word die skuld erken in die balansstaat en as onmiddellike uitvloei in die inkomstestaat getoon. Vir groot aankope is die maand waarin dit gedoen is se kontantbegroting oorskry. Die oorskryding sal egter weggewerk word soos wat geld weer op die begroting van komende maande beskikbaar raak. In kort gestel, word vir kontant in- en uitvloei begroot terwyl inkomste en uitgawes te boek gestel word, met die uitsondering van langtermynskuld, nie-lopende bates en beleggings.

Op dié wyse word die balansstaat akkuraat bygehou en is die totale skuldaanspreeklikheid op datum. Skuld aangegaan word dan ook teen die volle bedrag verskuldig, rente en kapitaal, te boek gestel. Die paaie word daarteen afgespeel terwyl die model outomaties die finansieringskoste uitkanselleer.

Die benadering word verder vervat in hoofstuk 9. In verdere hoofstukke sal egter eenvoudigheidshalwe slegs die terme inkomste en uitgawes gebruik word.

3.7 Gevolgtrekking

Dit is nodig om te beseef dat 'n persoon se agtergrond, ondervinding, kwalifikasies en belangstellings sy inkomste gaan beïnvloed. Hy sal slegs sy optimale inkomste potensiaal kan bereik as hy dit doen waarmee hy vertrouwd is en in belangstel. Daarsonder sal hy of sy nooit werksbevreëdiging kan verkry nie en gevolglik onvervuld en ongelukkig wees.

Normale rekeningkundige begrippe is nie noodwendig net so van toepassing op persoonlike finansies nie. In meeste gevalle moet aanpassings gemaak word sodat die begrippe die doelstellings van persoonlike finansiële bestuur die beste dien.

HOOFSTUK 4

UITGAWES EN BEGROTINGS

4.1 Inleiding

Uitgawes is afnames in ekonomiese voordele gedurende die rekenpligtige tydperk (gewoonlik 'n jaar), in die vorm van die afname in bates, of toename in laste wat 'n afname in ekwiteit tot gevolg het, uitgesonderd die wat betrekking het op onttrekkings deur die eienaars (RPK, 1990:23). In hierdie hoofstuk word daar eerstens gekyk na die klassifikasie van uitgawes. Vervolgens word die tipes uitgawes bespreek.

Inligting ingewin gedurende die indentifikasie van tipes inkomste en uitgawes kan aangewend word in die praktiese deel van persoonlike finansiële bestuur, naamlik begrotings. Begrotings is noodsaaklike instrumente in die basiese bestuur van 'n persoon of gesin se finansies en is 'n hulpmiddel om finansiële doelwitte te bereik. Die laaste deel van die hoofstuk word gewy aan die bespreking van die opstel en gebruik van 'n begroting. Die praktiese toepassing daarvan word geïllustreer in hoofstuk 9.

4.2 Klassifikasie van uitgawes

Kapoor et. al (1994:72) klassifiseer uitgawes as vas of veranderlik. Vaste uitgawes is uitgawes wat elke maand konstant bly, byvoorbeeld huishuur en motorpaaielemente. Veranderlike uitgawes is daardie uitgawes wat van maand tot maand wissel, byvoorbeeld voedsel en kleding.

Die indeling kan egter verfyn word deur die toevoeging van 'n derde kategorie, naamlik vermybare uitgawes. Vir die doel van die verhandeling word die volgende definisies aan die uitgaweklasse toegewys:

- Vaste uitgawes : daardie uitgawes wat van maand tot maand konstant bly. Dit is verder onvermybaar en noodsaaklik om 'n bepaalde lewenstandaard te handhaaf.

- Veranderlike uitgawes : die uitgawes wat noodsaaklik is, maar van maand tot maand kan wissel. Dit kan verder maklik beheer of verminder word deur besparingsmaatreëls of aanpassing in kooppatrone.
- Vermybare uitgawes : dit is daardie uitgawes wat van maand tot maand kan wissel en nie werklik noodsaaklik is vir oorlewing nie. Dit kan dus ook gesien word as luukses. In 'n veranderlike begroting sal hierdie uitgawes dan ook eerste besnoei word indien sodanige stappe noodsaaklik is.

Die indeling in hierdie kategorieë sal egter afhang van elke gesin se unieke behoeftes.

4.3 Tipes uitgawes

4.3.1 Vaste uitgawes

4.3.1.1 Belasting

Die vraag word dikwels afgevra waarom dit nodig is om belasting te betaal. Die rede is eenvoudig - daar is sekere dienste wat nie deur die privaatsektor uitgevoer wil word nie en waarskynlik ook nie op 'n winsgewende basis bedryf kan word nie. Dit is dan die sentrale regering, provinsiale regerings en plaaslike owerhede se funksies om dienste soos die weermag, polisie, staatshospitale, klinieke, infrastruktuur, skole, welsyn en ander verbandhoudende dienste te lewer.

Om die dienste te lewer is egter duur en aangesien dit gewoonlik nie dienste is wat self 'n inkomste genereer nie, moet die geld van elders kom - die belastingbetaler.

In Suid-Afrika word individue en trusts volgens 'n glyskaal aangeslaan, wat beteken dat hoe meer die persoon verdien, hoe groter die persentasie belasting is wat betaal word. Maatskappye en beslote korporasies word op 'n vaste koers aangeslaan. Die belastingskale van individue word uiteengesit in bylae B.

'n Natuurlike persoon, iemand wat in sy persoon regs aanspreeklik is, is ook geregtig op 'n primêre belasting korting. Persone ouer as 65 is ook geregtig op addisionele kortings.

Bedrae aftrekbaar van die belasting betaalbaar is :

- Alle persone R 3 515
- Persone bo 65, addisioneel R 2 660

Persone wat 'n belasbare inkomste van minder as R 60 000 per jaar verdien, wat slegs in die vorm van 'n salaris, hoef nie 'n belastingopgawe in te dien nie. Vir sodanige persone is dit die werkgewer se verantwoordelikheid om te verseker dat die korrekte bedrag aan die Ontvanger van Inkomste oorbetaal word. Die persone is dan slegs verantwoordelik vir die betaling van SIBW (Standaard inkomste belasting op werknemers).

Persone wat meer as die R 60 000 per jaar verdien moet jaarliks 'n opgawe by die Ontvanger van Inkomste indien. Die belastingjaar waaroor die opgawe strek is 1 Maart tot 28 Februarie. Die gedeelte belasting betaal op inkomste bo R 60 000 staan bekend as LBS (Lopende betaal stelsel).

'n Volgende kategorie belasting betaler is die voorlopige belastingpligtige. 'n Persoon moet registreer as voorlopige belastingpligtige indien hy of sy inkomste uit enige ander bron, uitsluitend salaris, verdien en die inkomste R 1 000 te bowe gaan. Dit sluit ook direkteure van privaat maatskappye en lede van beslote korporasies is. Van so 'n persoon sal daar dan verwag word om voorlopige belasting berekeninge te maak en voorlopige betasting te betaal indien nodig. Die eerste voorlopige belasting betaling geskied in Augustus en die tweede in Februarie. Indien 'n persoon se belasbare inkomste R 50 000 oorskry kan hy ook vrywillig 'n derde betaling in September maak indien die tweede betaling na jaarafsluiting onvoldoende blyk te gewees het.

4.3.1.2 Pensioenfondsbydraes en Voorsorgfondsbydraes

Meeste werkgewers beskik oor 'n pensioenfonds of voorsorgfonds vir hul permanente werknemers. Die doel van die fondse is dat werknemers en werkgewer gesamentlik hiertoe bydrae om 'n bedrag geld op sy te plaas vir die persoon se aftrede.

Pensioenfondse betaal 'n gedeelte in kontant uit terwyl die persoon normaalweg die keuse het om die res in die fonds te laat om 'n maandelikse pensioen aan die persoon beskikbaar te stel. Die bedrag van die pensioen word gewoonlik per formule bepaal en word meestal beïnvloed deur die grootte van die salaris voor aftrede en die aantal jare diens by die betrokke instansie. Die pensioen is in meeste gevalle dan ook heelwat minder as die persoon se salaris voor aftrede.

Pensioenfondsbydraes is aftrekbaar vir belasting. Die volgende beperkings geld egter :

- Aftrekkings is beperk tot die grootste van 7,5% van pensioenfunderingsinkomste of R1 750
- Aftrekkings ten opsigte van agterstallige bydraes is beperk tot R1 800.

4.3.1.3 Mediese fondsbydraes en ander mediese onkoste

Mediese uitgawes bestaan normaalweg uit twee komponente naamlik, mediese fondsbydraes en mediese uitgawes self betaal. Die Ontvanger laat sekere aftrekkings toe vir belastingdoeleindes:

- Indien die persoon 65 jaar en ouer is kan alle mediese uitgawes geëis word.
- Indien die persoon jonger as 65 jaar is kan mediese uitgawes geëis word tot so 'n mate dat die grootste gedeelte van R1000 of 5% van die belasbare inkomste oorskry word. Daar is geen beperking op die aftrekking nie.
- Waar die belastingbetaler, sy eggenote of kind (aangenome / stief), gestremd is, is die aftrekking wat toegelaat word alle uitgawes minus R500.

Mediese strokies moet bewaar om op aanvraag aan die Ontvanger van Inkomste te kan verskaf. Die rol van mediese fondse en mediese versekering word meer breedvoerig in hoofstuk 8 behandel.

4.3.1.4 Werkloosheidsversekering

Alle persone wat 'n salaris van minder as R 82 992 per jaar verdien moet werkloosheidsversekering betaal (WVF, 1997:4). Daar word maandeliks 1% van die persoon se bruto besoldiging afgetrek, terwyl die werkgever 'n gelyke bydrae maak.

Indien 'n persoon wat bygedra het tot die werkloosheidsversekeringsfonds, sy werk sou verloor kan hy dan aansoek doen om vir 'n tydperk besoldiging vanuit die fonds te ontvang.

Werkloosheidsversekeringbydraes is nie aftrekbaar vir belasting nie.

4.3.1.5 Lidmaatskapfooie

Die lidmaatskapfooie tot 'n professionele liggaam is aftrekbaar vir belasting. Sertifikate van die bydraes moet egter die belastingopgawe vergesel.

4.3.1.6 Behuising

Die grootste besluit wat seker ten opsigte van behuising geneem moet word is of die woning gehuur of gekoop gaan word. Die besluit kan deur die volgende faktore beïnvloed word :

- Die koste daaraan verbonde
- Beskikbaarheid van eiendom
- Die tydsduur waarvoor verblyf benodig word en samehangend hiermee,
- Die persoon se toekomsplanne

Die maksimum lening waarvoor 'n persoon kan kwalifiseer is afhanklik van die gesin se gesamentlike inkomste. Die maandelikse paaiement mag nie 25 % van die gesin se gesamentlike inkomste voor aftrekkings, plus enige addisionele behuisingssubsidie oorskry nie.

Die bedrag van die lening kan dan bepaal word deur die gebruikmaking van die huidige waarde van 'n annuïteit formule in bylae A.

Behuisingskoste is nie aftrekbaar vir belasting nie, behalwe waar 'n studeerkamer tuis ingerig is en uitsluitlik vir besigheidsdoeleindes gebruik word. Die huishoudelike uitgawes soos rente op die verband, instandhouding en water en elektrisiteit kan dan proporsioneel in verhouding tot die totale vloeroppervlakte toegedeel word. Die kostedeel van die studeerkamer is dan aftrekbaar vir belastingdoeleindes.

4.3.1.7 Vervoer

'n Motor is naas 'n woning sekerlik die grootste uitgawe wat die gesin sal aangaan. Tesame met die feit dat die motor se waarde 'n rol speel by die berekening van die bedrag aftrekbaar vanaf 'n motortoelaag, vir belastingdoeleindes, is die keuse by die aankoop van die voertuig 'n belangrike een. Voertuie kan op basies drie maniere bekom word, deur dit kontant te koop, of deur die aangaan van 'n afbetalingsverkoopsooreenkoms òf bruikhuur.

By 'n afbetalingsverkoopsooreenkoms word normaalweg 'n deposito van 10 % vereis. Die res van die bedrag word dan oor 'n maksimum van 54 maande afbetaal. By 'n voertuig wat op 'n afbetalingsverkoopsooreenkoms gekoop is, kan die persoon wat 'n vervoertoelaag kry, die rente betaal, waardevermindering, instandhoudingskoste en brandstofkoste as werklike kostes eis.

By 'n bruikhuur word die voertuig basies van die finansieringsinstansie gehuur. Geen deposito word verlang nie en die paaieimente word oor 'n maksimum van 60 maand betaal. 'n Persoon wat 'n vervoertoelaag ontvang kan die volle paaieimente, instandhoudings- en brandstofkoste as aftrekking eis.

'n Ander aspek wat ook 'n rol speel is die reswaarde wat aan die finansieringssooreenkoms gekoppel word. Dit kan gebeur dat die verskaffer 'n reswaarde van 30 % waarborg. Dit beteken dat die voertuig vir minstens 30% van die oorspronklike waarde ingeruil sal kan word. Die finansieringssooreenkoms word dan so uitgewerk dat die persoon oor die 54 of 60 maande slegs soos in die voorbeeld, die 70% van die voertuig afbetaal. Die persoon skuld dan aan die einde van die tydperk die 30% en moet dit dan kontant inbetaal of dit word afgetrek vanaf die inruilwaarde, indien die voertuig op 'n ander ingeruil word. Die vraag wat dus afgevera word is watter opsie die voordeligste sal wees. Dit sal ahang van die persoon se persoonlike omstandighede, maar deur gebruikmaking van die tydwaarde-van-geld formules kan 'n vergelyking tog getref word.

Voorbeeld:

Gestel mnr A wil 'n nuwe voertuig ten bedrae van R 100 000 koop. Hy kan die voertuig op 'n afbetalingsverkoopsooreenkoms koop teen 'n 10% deposito en 20% rente oor 54 maande. Hy kan ook die voertuig bruikhuur teen 20% rente vir 60 maande. Mnr A verdien gemiddeld 15% rente op sy beskikbare kontant. Die totale huidige koste van die onderskeie opsies is:

(Verduideling van die formules is vervat in bylae A)

Afbetalingsverkoopsooreenkoms

$$\begin{aligned}\text{Paaieiment} &= HWA/(1-(1/(1+r)^n))/r \\ &= (100\,000 - 10\,000)/(1-(1/(1+(0.20/12))^54))/(0.20/12) \\ &= R\,2541\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
\text{Huidige koste} &= b(1-(1/(1+r)^n))/r \\
&= 2541(1-(1/(1+(0.15/12))^54))/(0.15/12) \\
&= R 99 331
\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
\text{Plus R 10000 deposito} \\
&= R 109 331
\end{aligned}$$

Bruikhuur

$$\begin{aligned}
\text{Paaieiment} &= HWA/(1-(1/(1+r)^n))/r \\
&= (100\ 000)/(1-(1/(1+(0.20/12))^60))/(0.20/12) \\
&= R 2\ 649
\end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
\text{Huidige koste} &= b(1-(1/(1+r)^n))/r \\
&= 2649(1-(1/(1+(0.15/12))^60))/(0.15/12) \\
&= R 111\ 366
\end{aligned}$$

In die bogenoemde geval sal die afbetalingsverkoopsooreenkoms dus die goedkoopste opsie wees aangesien die huidige koste van die paaieimente en deposito minder is as die koste van die bruikhuurpaaieimente.

4.3.1.8 Huishulp

Met nuwe arbeidswetgewing op die tafel sal die werkgewers van huishulpe deeglike agtergrondkennis van die toepaslike wetgewing moet verkry. Versuim om dit te doen kan hulle nie alleen in die verleentheid stel nie, maar ook geldelike verliese tot gevolg hê. Dit is dan ook heel toepaslik dat die onderwerp bespreek word as deel van persoonlike finansiële bestuur. In 'n besigheid is lone en salarisse een van die aktiwiteite wat deurgaans bestuur word en het heelwat besighede selfs 'n menslike hulpbronne departement.

Die volgende samevatting kan gemaak word uit die departement van Mannekrag se boekie *Huiswerkers : Wet op basiese diensvoorwaardes 1983 (soos gewysig)*.

- Die persoon behoort nie meer as 46 uur per week te werk nie
- Etenstyd van 'n uur moet toegestaan word, tensy daar met die werker anders ooreengekom is. In so 'n geval kan die etenstyd verkort word tot 'n minimum van 30 minute.
- Daar kan nie van 'n werker verwag word om oortyd te werk nie tensy daar sodanig ooreengekom is. Die oortyd mag nie 3 ure per dag of 10 ure per week oorskry nie. Die huiswerker wat oortyd werk moet minstens een en 'n derde maal sy of haar uurloon (wat ook die waarde insluit van gratis verblyf en etes) betaal word. Waar 'n werknemer op 'n Sondag werk vir minder as vier ure moet vir ten minste een dag vergoed word. Waar die persoon vir langer as vier ure gewerk het moet die persoon twee dae se loon of dubbeld vergoed word vir elke uur gewerk. Waar die persoon op 'n openbare vakansie dag werk, behoort die persoon ekstra vergoed te word vir die dag se werk teen 'n bedrag wat nie kleiner is as een dag se loon nie of een derde van 'n dag se loon plus een dag betaalde verlof.
- Die huiswerker is geregtig op 14 dae aaneenlopende verlof jaarliks. Waar die persoon vir minder as een jaar gewerk het of bedank, moet verlof proporsioneel toegestaan of uitbetaal word.
- Die werknemer is geregtig op 30 werksdae siekverlof as hy of sy vyf dae 'n week werk, andersins 36 dae. In die eerste 12 maande is die werker nie geregtig op die volle siekverlof nie maar wel op 1 dag vir elke 5 weke gewerk as die werker 5 dae 'n week werk, andersins 1 dag vir elke maand gewerk.
- By diensbeëindiging behoort een maand skriftelike kennis gegee te word.
- Geen bedrag mag van die loon afgetrek word sonder die skriftelike magtiging van die werknemer of 'n hofbevel nie.
- 'n Loon en presensie register behoort bygehou te word.

Die nuwe wet op basiese diensvoorwaardes sal veral klem lê op prosedures by afdankings. Verder sal dit aan die huiswerkers ook die reg gee om soos ander arbeiders aan 'n vakbond te behoort.

Met die verandering is dit duidelik dat 'n geskrewe ooreenkoms tussen werkgever en werknemer sal moet bestaan. 'n Voorbeeld van so 'n ooreenkoms kan verkry word by die departement van Mannekrag.

4.3.1.9 Versekering

Versekering is nie aftrekbaar vir belastingdoeleindes nie. Indien dit nie bestuur word nie, kan versekering 'n wesenlike uitgawe-item word, wat onnodige uitgawes tot gevolg het. Versekering word meer breedvoering in hoofstuk 8 bespreek.

4.3.1.10 Spaarplanne

Daar is basies drie redes waarom mense geld spaar. Ten eerste om voorsiening te maak vir maontlike toekomstige gebeure, om geld weg te sit vir spesifieke projekte of uitgawes en ten laaste om geld gereed te hê vir spekulasiedoeleindes.

Voorsiening vir toekomstige gebeure

Daar is verskeie gebeure wat gereeld in huishoudings druk plaas op die finansies omdat dit so onvoorsiens plaasvind. Gebeure soos die breek van 'n motorvoertuig, waterverwarmer, yskas, die onverwagse afsterwe van die broodwinner, groot mediese uitgawes en die verlies aan inkomste weens afdanking of siekte kan 'n gesin finansiëel ruïneer indien daar nie genoegsame spaarfondse is nie.

Voorsorg kan egter getref word om die risiko's hieraan verbode aansienlik te verminder. Die wyse wat die beste aan ons bekend is, is sekerlik versekering. Versekering kan vir meeste van die omstandighede hierbo genoem uitgeneem word. Versekering word meer breedvoerig in hoofstuk agt bespreek. Daar is egter aspekte wat nie deur versekering gedek word nie, soos gewone slytasie aan motors en elektriese toerusting. Daarom behoort die individu self hiervoor voorsiening te maak.

'n Persoon kan byvoorbeeld voorsiening maak vir die vervanging van sy meubels en toerusting soos in paragraaf 4.3.1.11 bespreek word. Kapoor et. al (1994:72) stel voor dat drie tot ses maande noodfonds opgebou moet word. Dit beteken dat die gesin in staat moet wees om in hulle lewensbehoefte te voorsien al is daar geen inkomste vir drie maande tot ses maande lank nie. Die aantal maande waarvoor voorsiening gemaak word sal afhang van die standvastigheid van die persoon se beroep. Hoe meer standvastig dit is, hoe minder voorsiening hoef gemaak te

word. Die bedrag moet egter gereeld hersien word om te verseker dat die fonds nog voldoende is.

So kan die persoon na gelang van sy persoonlike omstandighede vir verskillende doeleindes sulke noodfondse of spaarfondse stig.

Spesifieke projekfondse

Daar is altyd sekere dinge waarvoor 'n mens graag geld wil spaar. So byvoorbeeld wil die gesin graag een keer per jaar met vakansie gaan of wil die ouers voorsiening maak vir die kinders se studies. Wanneer die koste beraam is, kan die maandelikse bedrag wat gespaar moet word, met behulp van die tydwaarde van geld formules bereken word. Die formules word bespreek en verduidelik in Bylae A.

Byvoorbeeld:

Die gesin beplan 'n vakansie oor tien maande. Die koste hieraan beloop R 4 000.

Indien die gesin R 4000 na 10 maande wil hê moet hulle RX per maand teen 10% per jaar belê

$$X=4000((1+(0.10/12))^{10 \cdot 12}-1)/(0.10/12)$$
$$= R 385.28$$

Hulle moet dus R 385 per maand spaar.

Spekulasie doeleindes

Op een of ander stadium in 'n persoon se lewe mag hy op die winskoop van sy lewe afkom. Baie keer het die persoon dan nie die kontant om van die geleentheid gebruik te maak nie. Die bedrag as spekulasiefondse gespaar, sal afhang van die beskikbaarheid van surplus geld.

4.3.1.11 Meubels en toerusting

Met in agneming van die koste verbonde aan die koop van meubels en ander elektriese toebehore verg die aankoop deeglike oorweging. Die artikels word ook gewoonlik vir lang tydperke gebruik en dit is dus noodsaaklik dat die regte besluit vanuit die staanspoor geneem moet word.

Winger en Frasca(1993:227) stel voor dat aan die volgende aspekte oorweging geskenk word by die aankoop van nuwe meublement en toebehore:

- Pryse van verskillende fabrikate by verskillende winkels
- Addisionele bybehore en funksies
- Die verskaffer se diensrekord en beskikbaarheid van dienspunte
- Die koste van gebruik en instandhouding
- Waarborgdekking

Dit is belangrik om in ag te neem dat die toebehore en meubels nie vir altyd sal hou nie. Verder gebeur dit ook dikwels dat persone graag van hul meubels en toebehore op 'n stadium wil vervang. Die uitgawe kan soms onverwags kom en heelwat druk op die gesin se finansies plaas. Die probleem kan aangespreek word deur eenvoudig maandeliks 'n klein bedraggie te spaar sodat alle toebehore aan die einde van hul bruikbare lewensduur vervang kan word.

Om die vervangingskoste te kan bereken is inligting soos die huidige koste, verwagte inflasiekoers, rentekoerse en die beraamde lewensduur nodig. Die berekening kan dan met eenvoudige tydwaarde-van-geld formules (soos vervat in bylae A) gemaak word en die bedrag wat maandeliks te opsigte van elke items gespaar moet word, bereken word.

Voorbeeld:

'n Persoon koop 'n nuwe wasmasjien vir R 2000 en verwag dat dit 11 jaar diens sal lewer. Die huidige inflasiekoers is 8 % en die persoon kan spaargeld teen 10 % belê.

Oor 11 jaar sal die wasmasjien R X kos:

$$X=2000 \times (1.08)^{11}$$

$$=R4660$$

Indien die persoon R 4660 na 11 jaar wil hê moet hy RX per maand teen 10% belê

$$X=4660 \left(\frac{(1+0.0083)^{132}-1}{0.0083} \right)$$

$$= R 19.56$$

Om die wasmasjien te vervang moet hy R 19.56 per maand spaar.

Winger en Frasca (1993:225) stel die volgende beraamde lewensdure voor soos aangehaal uit *Family Economics Review, Summer 1978*.

Item	Beraamde lewensduur
Lugversorger	7 Jaar
Skottergoedwasser	11 Jaar
Outomatiese wasmasjien	11 Jaar
Kleur TV	12 Jaar
Elektriese toebehore	12 Jaar
Yskas	15 Jaar
Vrieskas	20 Jaar

4.3.2 Veranderlike uitgawes

Veranderlike uitgawes wissel na gelang van die gebruik van 'n diens, byvoorbeeld elektrisiteit. Dit het tot gevolg dat veranderlike uitgawes bestuur en beheer kan word om dit tot die noodsaaklike minimum te beperk.

Daar behoort nie gewag te word totdat 'n finansiële krisis opduik, voordat sodanige besparingsmaatreëls ingestel word nie. Deur dit vanuit die staanspoor in te stel kan heelwat geld bespaar word en finansiële probleme, moontlik, in geheel vermy word.

4.3.3 Vermybare uitgawes

Vermybare uitgawes kan ook as die luukshede in die lewe van 'n persoon gesien word. Daar behoort slegs geld hierop gespandeer te word indien daar genoeg fondse is om alle ander uitgawes te kan betaal.

4.4 Begrotings

Inligting ingewin gedurende die indentifikasie van tipes inkomste en uitgawes kan aangewend word in die praktiese deel van persoonlike finansiële bestuur, naamlik begrotings. Begroting is noodsaaklike instrumente in die basiese bestuur van 'n persoon of gesin se finansies en is 'n

hulpmiddel om finansiële doelwitte te bereik. In die volgende aantal paragrawe word die mees algemene vrae wat betrekking het op begrotings bespreek:

4.4.1 Wat is 'n begroting?

Die HAT (1988:73) beskryf 'n begroting as 'n berekening van verwagte inkomste en uitgawe. Ike Mathur (1989:132) beskryf 'n begroting verder as 'n proses van rekordhouding. Moontlike inkomstebronne word geïdentifiseer en uitgawes so beplan dat die inkomste al die uitgawes sal dek. Dit hou verder 'n wakende oog oor werklike uitgawes.

4.4.2 Waarom begrotings nodig is?

Drie belangrike doelwitte kan aangespreek word deur begrotings, naamlik:

- Die handhawing van 'n sekere lewensstandaard
- Voorsiening vir aftrede
- Om die meeste uit die beskikbare geldbronne te verkry (Mathur, 1989:134)

'n Begroting ondersteun beheer oor uitgawes sodat meer geld spandeer kan word op meer gewenste aktiwiteite. So kan die lewenstandaard wat die persoon vir homself daarstel maklik bereik en gehandhaaf word. Verder laat 'n begroting toe dat geld ook gespaar word. Waar daar suiwer gewerk word op die beskikbare kontant sal daar weinig gespaar word. Die besparing kan dan ook sistematies geskied. Deur te begroot sal impulsiewe aankope beperk word en sal die persoon nie meer spandeer as wat hy kan bekostig nie. Die beskikbare fondse sal ook optimaal benut kan word en die beplanning kan so wees dat dit die beste in die persoon se behoeftes voorsien.

4.4.3 Wie moet die begroting opstel?

Volgens Mathur (1989:135) behoort die hele gesin betrek te word by die begrotingsproses. Baie gesinne het vandag twee werkende ouers. Daar behoort nie iets soos sy inkomste en haar inkomste te wees nie, maar wel die gesin se inkomste. Albei die persone behoort betrokke te wees in die bestuur van die gesin se begroting. Alhoewel die ouers die bestuurders is, behoort die res van die gesin ook betrek te word by sake wat hulle gaan raak. Nie alleen sal dit hulle op hoogte plaas met die finansiële besluite in die gesin nie, maar hulle sal die besluite ook beter

verstaan en dit sal hulle leerskool wees om self eendag gesonder finansiële bestuurders van hul gesinne se finansies te wees.

4.4.4 Hoe word 'n begroting opgestel en gebruik?

Kapoor et. al (1994:68) stel die volgende vyf stappe vir die proses voor:

- Ontleed die huidige situasie
- Ontwikkel finansiële doelwitte
- Stel 'n finansiële plan van aksie op
- Neem die finansiële plan in gebruik
- Evalueer en hersien die begroting

4.4.4.1 Ontleed die huidige situasie

Daar kan begin word om die huidige finansiële posisie vas te stel deur 'n persoonlike balansstaat op te stel. Verder moet die persoonlike behoeftes en voorkeure bepaal word. Dit sal sake insluit soos waar gewoon gaan word, met watter voertuig gereis sal word, watter voedselvoorkeure, klerasie en ontspanning wat by die persoon se lewenstyl pas.

4.4.4.2 Ontwikkel finansiële doelwitte

Die persoon moet vervolgens sy finansiële doelwitte neerskryf. Dit sal insluit wat hy of sy graag wil bereik en wanneer. Vervolgens moet die doelwitte in die vorm van 'n maandelikse begroting gekwantifiseer word. 'n Voorbeeld hiervan word in hoofstuk 9 bespreek.

Die begroting fokus op die maandelikse kontantinvloei en -uitvloei en nie noodwendig op die rekeningkundige beginsels nie. So byvoorbeeld word die paalement betaalbaar op 'n voertuig maandeliks wel volledig as uitbetaling getoon en nie net die rente betaal tesame met 'n waardevermindingskomponent nie. Soos reeds in die vorige hoofstuk vervat word dit gedoen omdat die kontantgevolge vir die individu belangriker is as die wins of verlies. Verder kan die individu nie enige van die uitgawes vir belastingdoeleindes eis nie, behalwe waar werklike koste by die berekening van die vervoertoelaag in ag geneem word.

4.4.4.3 Implimenteer die begroting

Wanneer uitgawes aangegaan word, moet dit aangeteken word sodat die werklike bedrag uitgegee vergelyk kan word met die bedrag volgens die begroting toegelaat. Dit moet gereeld geskied sodat begrotingsbeheer moontlik is. Dit sal geen doel dien indien 'n persoon eers na 'n paar weke of maande agterkom dat daar te veel geld, byvoorbeeld aan ontspanning en vermaak, spandeer is nie.

4.4.4.4 Evalueer en kontroleer die begroting

Die werklike uitgawes en uitgawes volgens die begroting moet gereeld vergelyk word. Indien daar meer geld op een uitgawe-item uitgee word as wat begroot is, behoort daar 'n besparing op 'n ander uitgawe-item te wees. Indien die gesin byvoorbeeld wil gaan uiteet en daar is nie voor begroot nie, sal hulle dalk nie die maand enige nuwe klere kan koop nie.

4.4.5 Wat kan gedoen word as die begroting nie uitwerk nie?

Indien die begrotingsproses soos hierbo uiteengesit reg gebruik is, behoort probleme van 'n begroting wat nie balanseer nie vroegtydig geïdentifiseer word. Die voordeel daaraan verbonde om die probleme betyds te identifiseer, is dat stappe vroegtydig geneem kan word om die probleem reg te stel.

Die volgende stappe kan gevolg word waar dit duidelik is dat die uitgawes (betalings) die inkomste (ontvangste) oorskry:

- Bepaal met watter bedrag die uitgawes verminder moet word.
- Begin deur te oorweeg watter van die vermybare uitgawes uitgelaat kan word. Indien die indeling akkuraat was behoort almal weglaatbaar te wees.
- Indien daar steeds 'n tekort is, word oorbeweeg na die veranderlike uitgawes. Bepaal op watter uitgawes bespaar kan word.
- Indien die besparings steeds nie die gewenste uitwerking het nie, behoort daar in geheel na die oorblywende veranderlike uitgawes en vaste uitgawes gekyk te word. Die uitgawes behoort in volgorde van lewensnoodsaaklik tot die mins noodsaaklike gerangskik te word. Die uitgawes word dan vanaf die mins noodsaaklike uitgeskakel totdat die verlangde resultaat bereik is.

- Waar die tekort nie 'n maandelikse probleem is nie, kan die bogenoemde stap geïgnoreer word indien finansiering vir die tekort beskikbaar is en daar in die daaropvolgende maande voldoende surplusse sal wees om die tekort, asook die rente op die finansiering betaal, te kan finansier.

Beheer word versterk deur slegs 'n oorskryding van die begroting op 'n uitgawe toe te laat indien geld gespaar kan word op ander uitgawes. Die begroting word dan aangepas.

4.5 Gevolgtrekking

Elke persoon se uitgawes verteenwoordig sy lewenstyl. Die lewenstyl behoort egter aan te pas by die persoon se inkomste. Indien dit die geval is sal die begroting balanseer en sal die persoon nie sommer finansiële probleme ondervind nie. Deur sekere spaarfondse op te bou, kan die risiko's verbonde aan die onsekere wêreld waarin daar geleef word, beperk word tot die minimum. Die begroting speel 'n belangrike rol in die proses om die lewenstyl in te pas by die inkomste asook die proses van toekenning van geld aan die spaarfondse.

Aangesien persone baie beheer oor uitgawes kan uitvoer, deurdat hyself bepaal hoeveel bestee word op welke uitgawe is beheer oor uitgawes 'n wesenlike item in die persoonlike finansiële bestuursproses.

HOOFSTUK 5

BATEBESTUUR

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die eerste helfte van die balansstaat aangespreek. Dit handel dus oor daardie besittings wat elke persoon met sy swaarverdiende geld aankoop. Uit die gelykenis van die talente wat in hoofstuk 2 bespreek is, het dit geblyk dat dit nie saak maak wat 'n persoon besit nie, maar hoe hy dit aanwend. Batebestuur handel dan juis oor die aanwending van die beskikbare hulpbronne asook die bewaring van bates.

In die tydskrif, *Finansies en tegniek* (Anon, 1997:31), word dit gestel dat persoonlike batebestuur al ingewikkelder word weens snelle veranderinge op ekonomiese en finansiële gebied, veranderinge in die politieke klimaat en nuwe finansiële produkte. Dit kom dan weer aan die lig dat deskundige advies noodsaaklik is. Die beleggingsveld het so gespesialiseerd geraak dat die gemiddelde bankbestuurder en selfs ouditeur, nie meer self al die nodige beleggingsadvies kan gee nie.

In die volgende aantal paragrawe word die verskillende tipes bates en beleggings kortliks bespreek. Die basiese agtergrond behoort die jong professionele persoon aan die verskillende moontlikhede bekend te stel, sodat beter besluite geneem kan word.

5.2 Nie-Lopende bates

5.2.1 Vaste eiendom

Die uitslag van 'n opname in die VSA gemaak, het getoon dat, naas die behoefte aan 'n betrekking, die gemiddelde mens se grootste behoefte dié van 'n eie woning was (Winger & Frasca, 1993 : 253). Die woonhuis of woonstel is dan ook seker die grootste bate wat baie gesinne sal besit. Buiten die feit dat dit verblyf verskaf, kan die kapitaalgroei ook 'n neseier vir die aftreejare vorm.

Aangesien almal êrens moet woon, is die besluit ten opsigte van 'n woning eenvoudig of dit gehuur of gekoop gaan word. Volgens Winger en Frasca (1993:256) sal die keuse deur, onder andere, die volgende faktore beïnvloed word :

- Lewenstylkeuse - soos byvoorbeeld : wil die gesin troeteldiere aanhou en watter bepalings geld ten opsigte hiervan by die huureiendom ?
- Privaatheid - byvoorbeeld : die huurder se privaatheid mag minder wees as dié van 'n huiseienaar.
- Instandhouding - byvoorbeeld : die huurder het gewoonlik nie instandhoudingskoste nie terwyl die eienaar fondse daarvoor sal moet begroot.
- Aanpasbaarheid en buigbaarheid - byvoorbeeld : dit is makliker om na 'n nuwe woning te verhuis wanneer gehuur word. Indien die persoon die eienaar is moet daar eers 'n koper gevind word.
- Finansiële risiko - byvoorbeeld : aangesien die maandelikse verbandpaaieimente aansienlik hoër is as die huur betaalbaar, speel die vermoë om die betaling in moeiliker omstandighede te maak 'n groot rol. Dit kan dus gebeur dat waar die persoon sy werk verloor, hy sy eiendom teen 'n verlies moet verkoop. Indien alles egter in orde verloop sal die persoon 'n bate aan die einde van die tydperk hê.
- Beskikbare fondse - die tipe behuising wat persone kies word, buiten die bogenoemde faktore grotendeels beïnvloed deur beskikbaarheid van fondse. Ongeag die gesin se behoeftes sal daar aangepas moet word by hul finansiële vermoë.
- Inflasie - Waar eiendom gehuur word, word die huur gereeld met min of meer die inflasiekoers aangepas. Waar eiendom egter gekoop is sal die paaieiment meer konstant wees indien groot rentekoersveranderinge nie plaasvind nie.

'n Kostevergelyking kan soos volg gemaak word met die gebruik van die tydwaarde-van-geld formules in Bylae A bespreek :

Voorbeeld:

Mnr A kan een van die volgende opsies kies :

Koop 'n woonhuis vir R 100 000 met 10 % deposito; rentekoers 20 %; termyn 20 jaar. Instandhouding sal ongeveer R 1 000 per jaar beloop en as gevolg van inflasie sal die woning se waarde en instandhoudingskoste jaarliks met 7.5% toeneem.

Huur 'n woonhuis teen R 1 000 per maand, waarvan die paaieiment met die inflasiekoers sal toeneem, en ontvang 12 % rente op die geld wat nie as deposito aangewend is nie.

Verdiskonteerde kontantvloei	Koop		Huur	
	Jaar 1	Oor twintig jaar verdiskonteer	Jaar 1	Oor twintig jaar verdiskonteer
Betalings				
Verband paaielemente	18 347(1)	187 038(2)		
Deposito		10 000		
Huur betaal			12 000	240 000(4)
Instandhouding	1 000	20 000(3)		
Totale koste	19 347	217 038	12 000	240 000
Min bate (woonhuis)		100 000		
Min belegging met gekapitaliseerde rente (indien deposito nie gemaak is nie)				22 708
Netto huidige koste		117 038		217 292

Berekening(Sharp EL-735)

- 1) $(PV = 90\ 000, I = 20/12, N = 20 \times 12,) \times 12$
- 2) $PMT = 18\ 347, I = 7.5, N = 20$
- 3) $PMT = 1000, I = (7.5-7.5), N = 20$
- 4) $PMT = 1000, I = (7.5-7.5), N = 20 \times 12$
- 5) $FV = (PV = 10\ 000, I = 12, N = 20), I = 7.5, N = 20$

Daar kan dus gesien word dat om die huis te koop in dié geval oor die termyn van twintig jaar, meer voordelig sou wees. Indien die huis se waarde met 'n persentasie hoër as die inflasiekoers presteer het, byvoorbeeld omdat dit in 'n goeie buurt geleë was, sou die voordeel nog hoër gewees het.

In die veranderende politieke omstandighede word armes nie meer weg van die sentrale stads- en dorpsgebiede gehuisves nie. Dit bring mee dat mense die ligging van hul belangrikste bate, naamlik 'n woonhuis, met veel meer oorleg sal moet doen (Anon. 1997:31).

Soos met enige ander bate is die instandhouding van die eiendom baie belangrik. Deurlopende instandhouding sal nie alleen die bate sy waarde laat behou nie, maar versprei ook die instandhoudingskoste eweredig oor die termyn.

5.2.2 Voertuie

Op enkele uitsonderings na, sal die meeste voertuie nooit 'n werklike standhoudende bate wees nie, aangesien dit 'n bate is wat waarde verloor van die oomblik dat dit gekoop is. Wanneer 'n nuwe voertuig dus aangekoop word, is dit belangrik om te kyk in watter mate die voertuig sy waarde behou. Verder is instandhouding hier ook van uiterste belang. Vir 'n goeie inruilprys vereis meeste agente 'n diensrekord en kan dit die voertuig se waarde met duisende rande beïnvloed. 'n Voertuig wat behoorlik in stand gehou word en gereeld gediens word sal oor die algemeen baie meer jare sorgelose diens lewer. Aangesien voertuie deurlopend in waarde afneem sal dit enige persoon dus baat indien dit nie nodig sou wees om die voertuig te gereeld te vervang nie.

In hoofstuk 6 word die verskillende finansieringsopsies geïllustreer. Vir 'n vergelyking tussen bruikhuur en afbetalingsverkoopsooreenkomste kan paragraaf 4.3.1.7 ook bestudeer word.

5.2.3 Meubels en toerusting

Soos met voertuie verloor meubels ook byna sonder uitsondering waarde. Die hoofrede is weens slytasie en beskadiging deur gebruik. 'n Ander faktor wat miskien minder bekend is, is die feit dat modes ook ten opsigte van meubels wysig en die verandering dan ook 'n positiewe of in meeste gevalle 'n negatiewe invloed op die meubels se waarde sal hê. Indien hoë kwaliteit meubels aangekoop is sal die meubels egter baie langer in 'n goeie toestand bly en dus hul waarde langer behou.

Elektriese toerusting kan vinniger waarde verloor. Elektriese motors het meganiese dele wat moet werk en daarom is hulle tweedehands minder gewild aangesien geen waarborg gegee kan word hoe lank dit nog sal funksioneer nie. Om dié rede moet 'n deel van die waarde ingeboet word. Dit is belangrik om die waarborg, wat elke item bevat, noukeurig te lees om te bepaal wat in die waarborg ingesluit is. Verder verwag baie vervaardigers dat sekere instruksies nagekom moet word, anders sou die waarborg nie meer geldig wees nie. Soos met meubels sal dit weereens betaal om aanvanklik gehalte elektriese toerusting te koop wat ook oor die langtermyn steeds in die gesin se behoeftes sal kan voorsien.

5.3 Beleggings

Daar kan gevra word waarom mense belê. Die rede volgens Mathur (1989:477) is dat mense graag hul welvaart wil verhoog. Hulle belê dus omdat hulle 'n opbrengs verwag. Dit hoef egter nie die enigste oorweging te wees nie. Persone kan ook geld belê weens die hoë risiko verbonde daaraan om groot somme geld kontant by die huis te hou. Verder kan dit ook die werktuig wees waardeur persone vir hul aftrede voorsien en ook om te spaar vir verskeie opsies soos in paragraaf 5.7 vervat.

Volgens Harry Laurie (1991:29) kan daar onderskei word tussen geld- en waardebeleggings. Geldbeleggings is beleggings waar die opbrengs en kapitaal in geldterme gewaarborg word. Dit sluit beleggings soos deelnemingsverbande, vaste en kennisgewing deposito's en effekte in. 'n Kenmerk van hierdie beleggings is dat dit geredelik in kontant omskep kan word. Waardebeleggings daarenteen is beleggings waar die persoon 'n eienaarsbelang verkry en die opbrengs hang af van die huur of wins met verkoop van die belegging. Die kapitaal word nie gewaarborg nie, maar hang af van die markwaarde op die datum van verkoop. Aspekte om in ag te neem by die keuse van die beleggingstipe is onder andere :

- Geldbeleggings hou hul waarde in kontant, maar die kapitaal en rente verwater weens inflasie.
- Die risiko aan waardebeleggings is groter, maar die kapitaal behoort meer met inflasie tred te hou.
- Rente en ander inkomste is belasbaar terwyl kapitaalwinste en dividend nie belasbaar is nie.

Laurie (1991:29) raai persone aan om 75% van hul portefeulje in aandele en eiendom te belê en die res in geldbeleggings. Die verhouding sal egter van persoon tot persoon wissel, na gelang van die persoon se aanvaarbare risikovlak. Ook die verspreiding binne die voorgestelde 75% sal van persoon tot persoon wissel. 'n Jonger persoon mag besluit dat 50 % van sy beleggings in aandele sal wees, terwyl die persoon nader aan aftrede en wat aan minder risiko blootgestel wil wees proporsioneel meer in eiendom sal belê. Dit kan ook gebeur dat die persoon wat pas begin het met 'n eie portefeuljee nog nie oor die vermoë mag beskik om in eiendom te belê nie en dan die volle 75% in aandele belê. 'n Verdere voorstel is dat die verhouding na aftrede verander word na 60% effekte, 30% aandele in top maatskappye en 10 % kontant (De Lange, 1997:72). Die portefeulje samestelling van De Lange laat egter eiendom in geheel buite rekening. Dit kan moontlik afgelei word dat die effekte as voorbeeld van laer risiko beleggings gesien kan word en

kan eiendomsbeleggings moontlik hier onder val. Dit kan egter ook aandui dat hy aanbeveel dat eiendom, moontlik weens die bestuurswerk daaraan verbonde, nie na aftrede aanbevole in nie.

5.3.1 Eiendom

Beleggings in eiendom kan op basies vier maniere gedoen word. Daar kan aandele gekoop word in eiendomsmaatskappye, onderaandele in effektetrusts of eiendomsleningseffekte en deur direk in eiendom te belê. Die eintlike eiendomsbelegger sal egter self die eiendom besit (Laurie,1992:32).

Die kleiner beleggers sal meestal in wonings in hul omgewing spesialiseer. Persone wat meer kapitaal het sal ook in woonstelgeboue, deeltitelskemas en sakepersele belê. Wat nie uit die oog verloor behoort te word nie, is dat die inkomste op die belegging meer is as net die huurinkomste. Die gebou se waarde vermeerder ook deur die jare en kan 'n aansienlike verskil aan die opbrengs maak. Dit kan met die volgende voorbeeld geïllustreer word:

Voorbeeld:

Gestel 'n persoon koop 'n huis teen R 100 000 aan. Hy verhuur die huis en nadat die nodige erfbelasting en instandhouding gedoen is, het hy die volgende bedrae vir die eerste vyf jaar oor: (Neem aan dat alle uitgawes en inkomste jaarliks met 10 % toeneem as gevolg van inflasie.)

	Jaar 1	Jaar 2	Jaar 3	Jaar 4	Jaar 5
Huur ontvang	13 000	14 300(1)	15 730(2)	17 303(3)	19 033(4)
Erfbelasting	1 000	1 100	1 210	1 331	1 464
Herstelwerk	2 000	2 200	2 420	2 662	2 928
Wins	10 000	11 000	12 100	13 310	14 641

Indien die persoon teen 'n marginale(maksimum) koers van 35 % belas word, sal sy na-belaste wins as volg wees:

Wins na

belasting	6 500(5)	7 150	7 865	8 652	9 517
Opbrengs %	6.5 %(6)	7.15%	7.87%	8.65%	9.52%

Indien die huis se waarde egter ook met 10 % per jaar toegeneem het, sou dit na 5 jaar R 161 051 (7) werd gewees het. Dit gee 'n addisionele opbrengs van 61 % in jaar vyf, indien die huis vir R 161 051 verkoop sou word.

Dit gee vir ons 'n gemiddelde na- belaste opbrengs, oor die tydperk, van 16.5 %.(8)

Berekeninge (Sharp EL-735)

- 1) 13 000 x 1.10
- 2) 14 300 x 1.10
- 3) 15 730 x 1.10
- 4) 17 303 x 1.10
- 5) 10 000 - (10 000 x 0.35)
- 6) 6 500 / 10 000
- 7) PV = 100 000, I = 10, N = 5
- 8) CFi0 = -100 000, CFi1 = 6 500, CFi2 = 7 150, CFi3 = 7865, CFi4 = 8 652, CFi5 = (9 517 + 161 051)

'n Verdere voordeel van 'n belegging in eiendom is dat dit maklik is om finansiering te bekom indien die persoon nie self die kapitaal het nie. Die aftrekbaarheid van die rente vir belasting het 'n verdere positiewe uitwerking op die opbrengspersentasie. Gestel ons het dieselfde voorbeeld as hierbo, maar dat die persoon slegs R 50 000 van sy eie kapitaal gebruik en die res leen.

Voorbeeld

	Jaar 1	Jaar 2	Jaar 3	Jaar 4	Jaar 5
Huur ontvang	13 000	14 300	15 730	17 303	19 033
Erfbelasting	1 000	1 100	1 210	1 331	1 464
Herstelwerk	2 000	2 200	2 420	2 662	2 928
Rente betaal	9 980	9 930	9 880	9 810	9 725
Wins	20	1 070	2 220	3 500	4 916

Indien die persoon teen 'n marginale(maksimum) koers van 35 % belas word sal sy na-belaste wins as volg wees:

Wins na belasting	13	685	1 443	2 275	3 196
-------------------	----	-----	-------	-------	-------

Opbrengs % 0.13% 0.69% 1.44% 2.28% 3.20%

Na vyf jaar skuld hy nog R 48 364. Indien hy nou die huis vir R 161 051 verkoop en sy skuld terugbetaal het hy 'n gemiddelde opbrengs van 19.5 % behaal.

Dit kan dus selfs voordelig wees om 'n bestaande verband oor 'n eiendom af te betaal aangesien die verband later weer opgeneem kan word om ander eiendom te finansier. By 'n eie woning is die voordeel van belasting nie ter sprake nie, maar die besparing in huur en appresiasie van die eiendom behoort meer as te vergoed hiervoor en vorm 'n goeie bron van sekuriteit.

Beleggings in huureiendom het egter sekere nadele. Mense het gewoonlik nie soveel kapitaal dat hulle in verskeie eiendom nie kan belê, om so hulle risiko te versprei nie. Verder is eiendom minder likied en kan dit 'n paar maande neem om te verkoop. Daar is altyd ook die risiko dat huurders die eiendom kan beskadig.

Een van die belangrikste aspekte wanneer daar oor die aankoop van eiendom besluit moet word, is sekerlik die ligging. Dit help nie om 'n winskoop te koop in 'n buurt wat agteruit gaan nie, aangesien die eiendom dan nie in waarde sal groei nie. Dit sal dus beteken dat die eiendom dan ook later weer teen 'n winskoopprys verkoop sal moet word. Volgens Lucas de Lange (1997,58) moet opkomende buurtes opgesoek word. Hy stel dit dat die buurt waarde aan eiendom sal toevoeg sonder dat die eienaar veel hoef te doen en dat sulke buurtes meeste baat uit oplewing in die mark.

Verbeteringe sal ook waarde toevoeg tot die eiendom, in teenstelling met swak buurtes, waar oorkapitalisering, die risiko dat die eiendom se waarde met minder styg as wat die verbeteringe gekos het, kan plaasvind. Daar kan ook altyd in ag geneem word vir watter ander doeleindes die eiendom gebruik kan word, byvoorbeeld kantore, wat addisionele waarde kan toevoeg.

Die nadeel daaraan verbonde om 'n verhuurder te wees is dat die persoon opsigter, invorderaar, instandhouer en versierder moet wees.

5.3.2 Besigheid

Volgens Lucas de Lange (1998:32) is die afgelope paar jaar se belastingveranderinge daarop gemik om die bedryf van kleinsake aan te moedig. Die strop word al nouer getrek vir die salaristrekker, terwyl die kleinsakepersoon nog aansienlike ruimte vir aftrekkings het (De Lange,1998:32).

Persone word dus aangemoedig om 'n eie besigheid te begin en so ook werk te skep. De Lange sê dan ook dat dit 'n wêreldwye neiging is dat mense een of ander kundigheid van die huis af bemark.

Volgens Mphachoe (1997:14) wil baie mense ook graag 'n eie besigheid begin omdat hulle onder andere meer onafhanklik wil wees, ekstra of beter inkomste wil verdien of 'n uitdienstredingspakket ontvang het. Hy stel dit egter dat die sukses van die besigheid sal afhang van die persoon se persoonlike eienskappe en vaardighede.

Die prentjie omtrent 'n eie besigheid is egter nie net rooskleurig nie. Lambris skryf dat syfers vir die Verenigde State van Amerika en die Verenigde Koningryk toon dat slegs twee uit elke tien besighede langer as tien jaar in bedryf bly (1997:3). Hy maak enkele aanbevelings betreffende 'n eie besigheid :

- 'n Persoon wat 'n eie besigheid begin moet aggressief, innoverend en verbeeldingryk wees.
- Hy moet sy voorraad gedurig dophou. Daar moet nie onnodig baie wees nie, maar terselfdertyd nie so min dat verkope verloor word nie.
- Kontantvloei moet gereeld gemonitor word, sodat begrotings nie oorskry word nie.
- Skuld moet verminder word en kapitaalreserwes opgebou word.
- Daar behoort met verskaffers onderhandel te word vir beter pryse.
- Onnodige uitgawes moet vermy word.
- Klante se kredietwaardigheid moet gemonitor word.
- Kapitaalbesteding moet behoorlik bestuur word.
- 'n Goeie verhouding met die bank behoort opgebou te word.
- Die waarde van diens en kwaliteit moet nie onderskat word nie.
- Daar behoort nie in moeilike tye op advertensiekoste besnoei te word nie.
- Werknemers moet betrokke gemaak word by die onderneming.

5.3.3 Aandele en effektetrusts

Wanneer 'n persoon aandele koop, koop hy effektief 'n direkte belang in die maatskappy. Wanneer 'n persoon effekte trusts koop, gee hy in der waarheid geld aan die bestuurders om in 'n aantal aandele te belê. Die keuse van die aandele berus by die effektetrust bestuurder. By die keuse van die trust kan die belegger egter bepaal of die aandele in 'n spesifieke sektor, soos goud of nywerhede, of groep aandele, soos aandele met hoë inkomste, of dalk huur en rente verdienende bates moet wees.

Volgens Laurie (1991:36) sal die waarde van maatskappye wat goed bestuur word, altyd oor die jare styg. Die groei is ook as gevolg van die feit dat maatskappye net 'n gedeelte van hul winste as dividende uitkeer. Die grootste deel van die na-belaste winste word weer in die maatskappy belê.

Mense wat op 'n gereelde basis aandele of effektetrusts koop behoort nie hul koopprogramme te wysig wanneer die mark hoog of laag is nie. Die rede is dat daar soms teen laer en ander kere teen hoër pryse gekoop word en so 'n gemiddeld ontstaan solank as wat daar min of meer op 'n gereelde grondslag dieselfde bedrag bestee word.

Buiten aandele wat op die Johannesburgse effektebeurs geregistreer is, is daar ook die beleggings wat as ongenoteerde beleggings bekend staan. Basson (1991:31) meld dat ongenoteerde beleggings, veral indien dit nie in aandele is nie, hoogs riskant is, aangesien die belegger nie die beskerming van die maatskappywet geniet nie. Die verkoopsmanne sal glansryke brosjures uitreik en soms word bekende mense, met min of geen blootstelling aan die sakewêreld aangestel in die direksie om voornemende beleggers te beïndruk.

Basson (1991:31) stel voor dat daar na 'n paar belangrike aspekte opgelet behoort te word. Daar moet gelet word op die aandeelkapitaal van die maatskappy. Daar moet vasgestel word aan wie aandele al uitgereik is, hoeveel, en wat die prys was. Dit het al dikwels gebeur dat aandele goedkoop aan direkteure uitgereik is, terwyl ander aandeelhouers belaglike pryse betaal het. Daar kan ook gelet word op die netto batewaarde van die aandeel. Verder kan die belegger vra watter gedeelte van die belegging aan kommissies betaal gaan word en watter deel tot voordeel van die maatskappy aangewend gaan word. Waar die maatskappy al 'n geruime tyd bestaan kan op die geouditeerde finansiële state aanspraak gemaak word. Wesenlike probleme behoort uit

die ouditeure se verslag te blyk. Indien die state lank na jaareinde nog nie beskikbaar is nie, kan dit op bestuursprobleme dui. Basson (1991:31) raai persone aan om nie meer as 5% van hul portefeulje in so 'n belegging te plaas nie en dit liefste te vermy.

5.3.4 Vaste en kennisgewing deposito's en skuldbriewe

Daar is verskeie kontantbeleggingsprodukte beskikbaar. Die bekendste daarvan is seker die vaste en kennisgewing deposito's. Die verskil tussen die twee deposito's kan as volg beskryf word:

- vaste deposito - die geld word vir 'n spesifieke termyn byvoorbeeld, 1 maand, 3 maande of 'n jaar teen 'n vooraf vasgestelde rentekoers belê oor die termyn.
- kennisgewing deposito - die geld word belê vir 'n onbeperkte termyn. Soos die naam aandui sal die persoon wat die belegging gemaak het die bank kennis gee, byvoorbeeld 32 dae, wanneer sodanige beleggings moet verval. Die rentekoers is nie vas vir die termyn nie en wissel na gelang van die normale depositokoerse.

Dit is altyd goed om 'n deel van die beleggingsportefeulje in kontantbeleggings te hou, aangesien die belegging maklik in kontant omskep kan word, dit goeie sekuriteit is en die waarde by aflossing met redelike sekerheid bepaal kan word. Dit is veral geskik waar daar vir 'n spesifieke projek byvoorbeeld 'n vakansie, gespaar word.

Skuldbriewe (effekte) kan met vaste deposito's vergelyk word. Die belegger ontvang 'n sertifikaat wat die bedrag verskuld, datum terugbetaalbaar asook die rentekoers toon. Die tipe belegging het normaalweg hoër minimum beleggingsvereistes.

5.3.5 Deelnemingsverbande

'n Deelnemingsverband word geregistreer met die doel om eiendom te finansier. Die bestuurder van so 'n verband tree as agent op tussen die persone wat finansiering nodig het en die persoon wat bereid is om finansiering te verskaf. By 'n deelnemingsverband sal 'n aantal persone dus deel in die verband wat aan die eienaar van die eiendom toegestaan is. Die persoon het egter nie soos 'n direkte belegging in eiendom, 'n belang in die eiendom nie, maar dit word hanteer soos 'n vaste deposito.

Die geld is gewoonlik vas vir 'n bepaalde termyn, byvoorbeeld vyf jaar. Die agent kan nie enige waarborge vir die geld lewer nie, maar die waarborg lê in die verband oor die eiendom. Wet 5 van 1981 bepaal dat die minimum belegging R 1000 is. Dit kan egter wissel van skema tot skema. Rentekoerse wissel gewoonlik na gelang van die markomstandighede (Badenhorst, 1991:26).

'n Persoon wat in 'n deelnemingsverband wil belê moet behoorlike navraag doen oor die skema. Dit sluit navrae oor die kredietwaardigheid van die lener, die soort projek wat aangepak gaan word en wie die geld leen, in.

5.3.6 Ander beleggings

Meeste ander tipe beleggings soos metale, edelgesteentes, seëls, oudhede en kunswerke is meer spekulatief van aard. Die beleggings behoort vermy te word tensy die persoon 'n bewese kennis van die onderwerp het en bereid is om die item vir 'n aantal jaar te hou.

Daar is seker min mense wat die aflossing van skuld sal sien as vorm van belegging. Volgens Harrie Laurie (1989:29) is die aflossing van skuld een van die beste beleggings. Hy het sy stelling aan die hand van die volgende voorbeeld verduidelik :

Voorbeeld:

Die aflostabel (tabel wat die terugbetaling op 'n lening toon) is as volg :

Lening : R 100 000

Rente koers : 20 % per jaar, maandeliks saamgestel

Tydperk : 20 jaar

Jaar	Paaiement	Rente betaal	Kapitaal gedelg	Saldo uitstaande
1	20 386(1)	19 963(2)	423(3)	99 577 (4)
2	20 386	19 870	516	99 061
3	20 386	19 757	629	98 432
4	20 386	19 618	768	97 664
5	20 386	19 450	936	96 728
6	20 386	19 245	1 141	95 587
7	20 386	18 995	1 391	95 196
8	20 386	18 689	1 697	92 499

Jaar	Paalement	Rente betaal	Kapitaal gedelg	Saldo uitstaande
9	20 386	18 317	2 069	90 430
10	20 386	17 863	2 523	87 907
11	20 386	17 310	3 076	84 831
12	20 386	16 563	3 823	81 008
13	20 386	15 713	4 573	76 435
14	20 386	14 808	5 578	70 857
15	20 386	13 584	6 802	64 055
16	20 386	12 093	8 293	55 762
17	20 386	10 272	10 114	45 648
18	20 386	8 054	12 332	33 316
19	20 386	5 348	15 038	18 278
20	20 386	2 038	18 348	0

Berekeninge (Sharp EL-735)

- 1) $(PV = 100\ 000, I = 20/12, N = 20 \times 12) \times 12$
- 2) $P1 = 1, P2 = 12, ACC$
- 3) $P1 = 1, P2 = 12, ACC$
- 4) $100\ 000 - 423$

Uit die bogenoemde kan gesien word dat ongeveer 50 % van die skuld in die laaste 5 jaar gedelg word. Die rede is dat die saamgestelde rente in die eerste aantal jaar die hele paalement opneem. In jaar een byvoorbeeld word slegs R 423 uit die paalement van R 20 386 gedelg.

Verder is rentekoerse wat betaal word op skuld byna altyd hoër as die rente wat op beleggings verdien kan word. Indien 'n persoon dus nie sy skuld vir belastingdoeleindes kan aftrek nie, sal hy of sy sukkel om 'n gewaarborgde belegging te kry met 'n beter opbrengs as die rentekoers op skuld. Ten afsluiting kan die effektiewe opbrengskoers van skuld as volg verduidelik word:

Voorbeeld :

Nominale rentekoers in voorbeeld hierbo = 20 %

Effektiewe koers op skulddelging = 21.94 %(1)

Indien 'n soortgelyke effektiewe opbrengskoers op 'n rentedraende belegging wat belasbaar is teen die marginale koers van 45 % verdien wil word, is 'n effektiewe koers van 39.89 %(2)

nodig. Laasgenoemde koers is onder die huidige omstandighede geheel en al onmoontlik. Die aflossing van skuld bly dus 'n baie goeie belegging.

Berekeninge

- 1) (PV = 1, I = 20/12, N = 1x12, PMT = 0, COMP FV) - 1
- 2) 21.93 / 0.55

5.4 Lopende bates

Lopende bates is nodig aangesien mense daaglikse betalings vir kos, klere en ander verbruikbare items moet maak. Alhoewel dit meestal op krediet kan geskied, is dit duur en is kontant of ander lopende bates verkieslik.

5.4.1 Voorraad

Voorraad speel nie 'n groot rol vir die individu nie. Voorraad van produsente bestaan gewoonlik uit grondstowwe, werk in proses en klaarprodukte. Verder kan dit ook uit onverbruikte verbruiksvoorraad bestaan.

'n Aspek van voorraadbestuur wat egter ook op die individu van toepassing is, is dat onnodige hoeveelhede van items soos voedsel en skoonmaakmiddels nie aangehou moet word nie. Die optimale hoeveelheid moet vasgestel word aangesien:

- die items kan verouder en sodoende hul waarde verloor,
- dit geld kos om die items in voorraad te hou - dit word die drawaarde genoem. Indien ek skoonmaakmiddels ten bedra van R 500 op rekening koop en dit nie gebruik nie is die drakoste daarvan, indien rente op 'n bankoortrekking byvoorbeeld 25 % beloop :

$$R\ 500 \times (25\%/12) \text{ rente vir een maand} = R\ 10.40$$

- Verder moet daar ook gelet word op die gereeldheid waarmee aankope gedoen word. Gereelde onnodige aankope het ook 'n koste aspek aangesien brandstof en tyd benut word om dit te doen.
- Wanneer 'n item egter nie in voorraad is nie kan dit ook koste-implikasies hê, aangesien dit dan miskien na ure ten duurste by 'n kafee aangekoop moet word.

Dit is dus nodig dat aankope van voedsel en skoonmaakmiddels met omsigtigheid gedoen moet word.

5.4.2 Debiteure

Debiteure, persone wat geld aan persone skuld, kan 'n groot rol speel in finansiële bestuur. Die rede is dat debiteure, die persoon vir wie die geld geskuld word, geld kos. Dit kan soos volg verduidelik word :

Mnr. Malan verkoop sy motor aan mnr. Nel vir R 20 000. Mnr. Nel bied aan om die motor in gelyke paaiemente van R 5000 oor vier maande terug te betaal. Met die tydwaarde-van-geld formules kan gesien word dat die huidige waarde van R 5000 oor vier maande , indien in ag geneem word dat mnr. Malan die geld teen 12 % kon belê het, R 19 510 is. Mnr. Malan verloor dus effektief R 490 rand. Dit is dan ook waarom dit noodsaaklik is om, waar moontlik, geld so gou moontlik in te vorder.

Buiten die risiko dat debiteure hulle skuld laat mag terugbetaal, is daar die verdere risiko dat die gelde glad nie gevorder mag word nie. Dit is dus noodsaaklik dat emosies nie die oorwegende rol behoort te speel waar geld of krediet aan 'n persoon gegee word nie. Die persoon behoort eerder 'n evaluasie van die lener se kredietwaardigheid te maak om sodoende die risiko verbonde aan laat betalings en slegte skuld te verminder.

5.4.3 Kontant en "kontant"fasiliteite

5.4.3.1 Kontant

Kontant is fondse wat te eniger tyd beskikbaar moet wees, of benodig word, kan in die vorm van kontant (note en munte) of "kontant"fasiliteite by finansiële instellings wees, soos kredietkaartrekeninge. Kontant is die mees likiede bate of belegging wat 'n persoon kan hê. Daar is egter 'n koste daaraan verbonde om kontant voorhande te hê, naamlik dat dit geen of 'n baie lae opbrengs verdien. Kontant bestuur gaan dus daarvoor om kontant vlakke so laag moontlik te hou, terwyl daar steeds voldoende kontant is om alle nodige betalings te maak.

Die hoeveelheid kontant wat 'n persoon by hom hou kan hoofsaaklik van die volgende faktore afhang :

- die kontant wat benodig word om daaglikse uitgawes te betaal. Winger en Frasca (1993:146) sê dat persone gewoonlik een week se kontant hou. Indien 'n persoon dus R 10 'n dag spandeer sal hy een keer 'n week R 60 tot R 70 onttrek.
- Die gemak waarmee kontant bekom kan word. Indien 'n persoon maklike toegang tot 'n outomatiese tellermasjien het sal hy noodwendig minder kontant hou as 'n persoon wat kontant moeiliker kan bekom.
- Die bankfasiliteite waarvoor die persoon beskik sal ook 'n rol speel. 'n Persoon wat 'n tjekrekening het sal minder kontant hou omdat groter uitgawes per tjek betaal kan word.

5.4.3.2 Spaarrekeninge

Spaarrekeninge word gewoonlik gebruik vir kleiner deposito's. Die geld word nie dadelik benodig nie, maar moet ook geredelik beskikbaar wees. Die rentekoerse is aansienlik laer as ander termyn- of kennisgewing deposito's, maar meestal hoër as op 'n tjekrekening. 'n Outomatiese tellerkaart kan ook daaraan gekoppel word. Die kostes verbonde aan 'n spaarrekening is gewoonlik relatief laag.

5.4.3.3 Tjekrekeninge

Tjekrekeninge kan ook gebruik word as geldspaarinstrumente. Gewoonlik is die rentekoers op positiewe balans egter so laag dat dit nie die moeite werd is nie. Die grootste voordeel verbonde aan tjekrekeninge is dat groot betalings gemaklik en redelik veilig gemaak kan word. Verder kan die tjek wat die persoon van die bank terugontvang dien as bewys dat die betaling wel gemaak is. Die teenbladjes in die tjekboek kan ook as nuttige verwysing dien. Die koste aspek van tjekrekeninge moet egter nie uit die oog verloor word nie. Gewoonlik word 'n bedrag per R 100 van die tjek se waarde gevra.

Die tjekrekening bied ook die geleentheid vir 'n oortrokke fasiliteit, wat beteken dat meer geld uit die rekening onttrek kan word as die bedrag waarvoor die persoon beskik. Die fasiliteit kos egter geld, aangesien die rente daaraan verbonde, hoog is. Die behoort slegs as korttermyn en noodfinansiering te dien.

5.4.3.4 Kredietkaarte

Die kredietkaart kombineer basies die spaarrekening, tjekrekening en outomatiese teller. Die rentekoerse wat ontvang word op 'n kredietkaart se positiewe saldo is redelik voordelig en is in baie gevalle hoër as dié van 'n spaarrekening. Verder is die koste daaraan verbonde heelwat laer as 'n tjekrekening, aangesien die koste deur die persoon by wie gekoop word, gedra word. Dit bied verder die toeganklikheid tot veiliger betalings en die strokies kan as bewys en verwysing van betalings dien. Die enigste nadeel is dat alle winkels nie noodwendig oor kredietkaartfasiliteite beskik nie, of dat hulle nie kortings toestaan indien met 'n kredietkaart betaal word nie.

Die kredietkaart bied egter primêr 'n oortrekkingsfasiliteit. Die verdere voordeel is dat betalings per kredietkaart nie dadelik van die saldo afgetrek word nie. Dit word eers na 'n tydperk, maksimum 55 dae bygewerk, wat beteken dat die persoon intussen rentevrye krediet geniet. Die kredietkaart se oortrekkingsfasiliteit kan ook opgedeel word in die gewone fasiliteit en die begrotingsfasiliteit. Die rentekoers op die begrotingsfasiliteit kan effens hoër wees, maar dit bied aan die persoon die geleentheid om die geld oor 'n aantal maande terug te betaal. Dit werk dus byna soos 'n korttermyn lening.

5.4.3.5 Optimale kontant

Soos in paragraaf 5.4.3.1 gemeld, moet kontant wat nie rente dra nie, so min as moontlik gehou word, terwyl geld wat nie onmiddellik beskikbaar is nie, teen die beste koerse gedeponeer behoort te word. Die proses kan met die volgende voorbeeld verduidelik word :

Mnr Nel se salaris, van R 5000 word op die 25ste van elke maand in sy spaarrekening inbetaal. Mnr. Nel moet die volgende betalings maak:

Datum	Rede	Bedrag	Wyse
30ste	Voedsel	R 1000	Kontant
	Sakgeld	R 200	Kontant
3de	Motor paaieiment	R 1000	Debietorder uit tjek
	Huis paaieiment	R 2000	Debietorder uit tjek
10de	Munisipaliteit	R 300	Uit tjek

Mnr. Nel verdien die volgende rente :

Spaar	5 %
Tjek	2.5%
Kredietkaart	10 %

Hy kan dus op die 25ste al sy kontant oorplaas na die kredietkaart. Op die dertigste van die maand onttrek hy dan R 1200 in kontant uit die kredietkaart. Op die derde plaas hy R 3000 oor na die tjekrekening en op die tiende 'n verdere R 300. Op die wyse optimaliseer hy sy renteverdienste deur die kontant solank moontlik in die rekening wat die hoogste opbrengs bied, te hou. Die koste vir die oorplasings moet egter nie hoër wees as die addisionele rente wat verdien word nie. Omgekeerd kan die kontant ook waar die persoon 'n oortrokke rekening het in die rekening waarop die hoogste rente betaal word, gestort word.

5.5 Risiko en opbrengs

Risiko bestaan daaruit dat daar byvoorbeeld iets met 'n belegging verkeerd kan loop en die persoon 'n gedeelte of sy hele belegging kan verloor. Opbrengs daarenteen is die geld wat verdien kan word op die belegging. Dit word gewoonlik uitgedruk in monetêre terme of as 'n persentasie van die aanvanklike belegging.

Opbrengs en risiko het 'n noue verband. Die verband is eintlik voor die hand liggend. Hoe groter die risiko of kans is wat 'n persoon moet waag, hoe groter sal die opbrengs moet wees uit die belegging en omgekeerd. Die opbrengs op 'n hoër risiko belegging moet dus van so 'n aard wees dat die persoon bereid sal wees om die kans te waag.

Die finansiële wêreld het sekere formules en terme ontwikkel om risiko te kan bereken en uit te druk. Aangesien risiko egter met toekomstige sake werk kan akkurate berekeninge egter nie gedoen word nie maar met sekere aannames kan 'n aanduiding tog verkry word. Die volgende dien as voorbeeld :

Voorbeeld:

Mnr. Nel oorweeg 'n belegging van R 10 000 waarop die volgende opbrengste verwag word na gelang van die ekonomiese omstandighede :

Ekonomiese toestand	Kans dat ekonomiese toestand sal heers	Moontlike opbrengs op belegging
Vooruitstrewend	10%	50%
Goeie groei	20%	40 %
Gemiddelde groei	50%	25 %
Negatiewe groei	10%	10 %
Resessie	10%	-10%

Die verwagte gemiddelde opbrengs kan dan as volg bereken word :

Ekonomiese toestand	Kans dat ekonomiese toestand sal heers(1)	Moontlike opbrengs(2)	1x2
Vooruitstrewend	10%	50%	0.050
Goeie groei	20%	40 %	0.080
Gemiddelde groei	50%	25 %	0.125
Negatiewe groei	10%	10 %	0.010
Resessie	10%	-10%	<u>-0.010</u>
			0.255

Die verwagte gemiddelde opbrengs is dan 25.5%

Vervolgens, in die proses om die risiko te kwantifiseer, kan die variansie bereken word:

Ekonomiese toestand	Kans dat ekonomiese Toestand sal heers(1)	Afwyking vanaf gemiddeld(2)	Afwyking kwadraat(3)	(1)x(3)
Vooruitstrewend	10%	24.5%	0.06	0.006
Goeie groei	20%	14.5 %	0.02	0.004
Gemiddelde groei	50%	-0.5 %	0.00	0.000
Negatiewe groei	10%	-15.5 %	0.02	0.002
Resessie	10%	-35.5 %	0.126	<u>0.013</u>
		Variansie		0.025

Risiko word uitgedruk in standaardafwykings . Die standaardafwyking gee 'n aanduiding van die grense waarbinne 'n sekere persentasie van die uitkoms verwag word. Die standaardafwyking is die vierkantswortel van die variansie : Vierkantswortel van $0.025 = 0.158$ of 15.8%

Indien die verspreiding van die opbrengs op die belegging as 'n normaalverdeling geneem kan word kan sekere statistiese afleidings gemaak word. Volgens Correia et al.(1987:96) word 'n normaalverdeling gevind waar resultate neig om semetries rondom 'n sentrale waarde te wees, met afnemende voorkoms soos wat verder van die sentrale of gemiddelde waarde beweeg word. Die volgende standaardafwykingverspreiding kom ten opsigte van normale verdelings voor:

Tussen 1 standaardafwyking en -1 standaardafwyking is 68.3% van die moontlikhede

Tussen 2 standaardafwykings en -2 standaardafwykings is 95.5% van die moontlikhede

Tussen 3 standaardafwykings en -3 standaardafwykings is 99.7% van die moontlikhede

Dit beteken dat indien hierdie 'n normaal verdeling is daar 'n 68.3% kans is dat die opbrengs tussen (die gemiddeld van $25.5\% +$ een standaardafwyking van 15.8%) en (die gemiddeld $25.5\% -$ een standaardafwyking van 15.8%) sal wees. Net so sal daar 'n 95.5% kans wees dat die opbrengs tussen ($25.5\%+2 \times 15.8\%$) en ($25.5\%-2 \times 15.8\%$) sal wees en 'n 99.7% kans dat die opbrengs tussen ($25.5\%+3 \times 15.8\%$) en ($25.5\%-3 \times 15.8\%$) sal wees (Correia et al, 1987:96)

Hoe kleiner die standaard afwyking is hoe kleiner is die risiko dat die werklike opbrengs van die gemiddelde opbrengs sal verskil.

'n Verdere berekening wat handig is om risikovergelykings tussen beleggings te vergemaklik is die berekening van die kovariansie wat die standaardafwyking gedeel deur die gemiddelde opbrengs is.

Voorbeeld :

Mnr. Nel moet tussen die volgende beleggings kies :

	Belegging A	Belegging B
Standaardafwyking	10%	15%
Gemiddelde opbrengs	20%	45%
Kovariansie	0.5	0.333

Die kovarisansie beteken dat ten opsigte van Belegging A mnr Nel 0.5 eenhede risiko vir elke eenheid opbrengs het en met belegging B 0.333 eenhede risiko vir elke eenheid opbrengs. Dit sal dus risiko gewys beter wees op belegging B te kies.

Hoe jonger 'n persoon is, hoe groter sal risiko's wees wat hy kan neem, aangesien verliese en swak besluite gemaklik oor 'n tydperk opgemaak kan word. 'n Ouer persoon sal egter meer konserwatiewe besluite moet neem sodat geld wat deur die jare opgebou is nie maklik verloor sal word nie.

5.6 Waardasie van beleggings

Die waardasie van beleggings het om basies twee redes vir die individu waarde. Eerstens stel dit hom in staat om die grootte van sy boedel te bepaal. Tweedens kan dit ook gebruik word waar nuwe beleggings oorweeg word of bestaande beleggings verkoop word. Deur self waardasies uit te voer kan die persoon tot 'n mate bepaal of hy die bate teen 'n redelike waarde verkoop en dat waar hy 'n belegging koop, dit teen of onder die waarde daarvan is.

Soos uit die definisie van bates afgelei is dit iets wat waarde het. Daar is egter sekere riglyne by die bepaling van waarde. Vervolgens word die wyses waarop die waarde van sekere beleggings bereken kan word bespreek, soos verduidelik in Correia et al. (1987:256). Die volgende is slegs enkele metodes en riglyne en vir substansiële beleggings behoort kundige advies ingewin te word.

5.6.1 Skuldbriewe

Skuldbriewe is 'n bewys vir geld aan 'n persoon of instansie geleen en waarop aangetoon word wanneer die geld terugbetaal word en watter rente betaal gaan word. Skuldbriewe is net soos aandele ook verhandelbaar.

5.6.1.1 Oneindige (of perpetuïteits) skuldbriewe

Voorbeeld

Die skuldbriewe het 'n sigwaarde (waarde op die skuldbriefsertifikaat gedruk, wat by aflossing betaalbaar is) van R 100 en dra rente teen 15 %. 'n Markverwante rentekoers vir soortgelyke skuldbriewe is 16%.

$$\begin{array}{l} \text{Waarde : } \underline{\text{rente ontvang}} \\ \text{mark rentekoers} \end{array} = \frac{\text{R } 15}{0.16} = \text{R } 93.75$$

Die skuldbrief is minder as die sigwaarde werd aangesien dit 'n laer as markverwante rente betaal.

5.6.1.2 Aflosbare skuldbriewe

Voorbeeld:

Die skuldbrief het 'n sigwaarde van R 100 en dra rente teen 15 %. 'n Markverwante rentekoers vir soortgelyke skuldbriewe is 16%. Dit is aflosbaar oor vyf jaar.

Die waarde bestaan uit 2 komponente, naamlik die waarde van die rente en die waarde van die skuldbrief.

$$\begin{array}{l} \text{Waarde van rente} \\ \\ \\ \end{array} = \begin{array}{l} \text{R15 per jaar verdiskonteer teen 16 \% om huidige waarde te kry} \\ \text{= R } 15 \text{ X } 3.274 \text{ (Tabelle van tydwaarde van geld)} \\ \text{= R } 49.11 \end{array}$$

$$\begin{array}{l} \text{Waarde van skuldbrief} \\ \\ \\ \end{array} = \begin{array}{l} \text{R } 100 \text{ verdiskonteer teen 16 \% oor vyf jaar} \\ \text{= R } 100 \text{ X } 0.476 \\ \text{= R } 47.60 \end{array}$$

$$\begin{array}{l} \text{Totale waarde} \\ \\ \end{array} = \begin{array}{l} \text{R } 49.11 + \text{R } 47.6 \\ \text{= R } 96.71 \end{array}$$

Die skuldbrief is minder as die sigwaarde werd aangesien dit 'n laer as markverwante rente betaal.

5.6.1.3 Aflossing teen 'n premie of diskonto

Voorbeeld:

Die skuldbriewe het 'n sigwaarde(waarde op die skuldbriefsertifikaat gedruk, wat by aflossing betaalbaar is) van R 100 en dra rente teen 15 %. 'n Markverwante rente koers vir soortgelyke

skuldbriewe is 16%. Die skuldbrief word uitgereik teen 1 % diskonto(afslag) en 'n premie (addisionele betaling) van 5% sal by aflossing gemaak word.

Waarde van rente = R15 per jaar verdiskonteer teen 16 % om huidige waarde te kry
= R 15 X 3.274 (Tabelle van tydwaarde van geld)
= R 49.11

Waarde van skuldbrief = (R 100 + R 5) verdiskonteer teen 16 % oor vyf jaar
= R 105 X 0.476
= R 49.98

Totale waarde = R 49.11+ R 49.98
= R 99.09

Die skuldbrief kos net R99 (R100- R1 diskonto) en is dit dus die moeite werd om te koop.

5.6.2 Voorkeuraandele

Met voorkeuraandele verkry die houer ook soos by gewone aandele 'n belang in die maatskappy. Die verskil is egter dat die voorkeuraandeelhouer 'n voorkeur het by die uitbetaling van voordele, byvoorbeeld dividende. Dit is verder praktyk dat 'n sekere pesentasie aan die dividend koers gekoppel word. Behalwe vir die feit dat die houer 'n belang in die maatskappy het, en die geld wat ontvang word dividende is, geskied die waardasie op soortgelyke wyse as skuldbriewe.

5.6.2.1 Kumulatiewe voorkeuraandele

Dié tipe voorkeuraandeel se dividende loop op indien dit nie uitbetaal word nie. Die houer is dus geregtig op 'n dividend van byvoorbeeld 10 % per jaar. Indien dit dus nie in 'n jaar uitbetaal is nie, moet hierdie aandeelhouders eers hul agterstallige voorkeurd dividende ontvang, voordat gewone dividend verklaar kan word. Aangesien aandele nie 'n aflosdatum het nie word dit as 'n perpetuïteit gesien.

Voorbeeld:

Die aandeel het 'n pariwaarde (waarde op die aandefsertifikaat gedruk, wat by aflossing betaalbaar is) van R 100 en dra rente teen 15 %. 'n Markverwante rente koers vir soortgelyke beleggings is 16%.

$$\begin{array}{l} \text{Waarde : } \underline{\text{rente ontvang}} \\ \text{mark rentekoers} \end{array} = \frac{\text{R 15}}{0.16} = \text{R 93.75}$$

Die aandeel is minder as die sigwaarde werd aangesien dit 'n laer as markverwante rente betaal.

Agterstallige dividende

Die huidige waarde word bereken vir die jaar waarin die dividend ontvang sal word. Dan word die agterstallige dividende vir daardie jaar bygetel en die totaal verdiskonteer na die huidige jaar om die waarde te kry.

5.6.2.2 Aflosbare voorkeuraandele

Voorbeeld

Die aandeel het 'n pariwaarde van R 100 en dra rente teen 15 %. 'n Markverwante rente koers vir soortgelyke beleggings is 16%. Dit is aflosbaar oor vyf jaar.

Die waarde bestaan uit 2 komponente, naamlik die waarde van die rente en die waarde van die aandeel.

$$\begin{array}{l} \text{Waarde van rente} \\ \text{Waarde van aandeel} \end{array} = \begin{array}{l} = \text{R15 per jaar verdiskonteer teen 16 \% om huidige waarde te kry} \\ = \text{R 15 X 3.274 (Tabelle van tydwaarde van geld)} \\ = \text{R 49.11} \end{array}$$

$$\begin{array}{l} \text{Waarde van aandeel} \\ \text{Totale waarde} \end{array} = \begin{array}{l} = \text{R 100 verdiskonteer teen 16 \% oor vyf jaar} \\ = \text{R 100 X 0.476} \\ = \text{R 47.60} \end{array}$$

$$\begin{array}{l} \text{Totale waarde} \\ \text{Totale waarde} \end{array} = \begin{array}{l} = \text{R 49.11+ R 47.6} \\ = \text{R 96.71} \end{array}$$

Die aandeel is minder as die sigwaarde werk aangesien dit 'n laer as markverwante rente betaal. Die waarde van aflosbare voorkeuraandele word dus op die selfde wyse as skuldbriewe bereken.

5.6.2.3 Aflossing teen 'n premie of diskonto

Voorbeeld:

Die aandeel het 'n pariwaarde (waarde op die aandeelsertifikaat gedruk) van R 100 en dra dividende teen 10 %. 'n Markverwante opbrengskoers vir soortgelyke aandeel is 8%.

$$\text{Waarde} : \frac{\text{dividende ontvang}}{\text{opbrengskoers}} = \frac{\text{R 10}}{0.08} = \text{R 125.00}$$

Die aandeel is meer werd omdat dit 'n hoër as verwagte opbrengs lewer.

5.6.2.4 Ander voorkeuraandele

Nie- kumulatiewe voorkeuraandele

Dieselfde proses sal gevolg word as hierbo by agterstallige dividende beskryf, behalwe dat die jare waarvoor dividende nie ontvang is nie, nie bygetel word nie.

Deelnemende voorkeuraandele

Die voorkeuraandeelgedeelte word dieselfde as voorkeuraandele, hierbo behandel, bepaal en die deelnemende deel soos 'n gewone aandeel se deel.

Omskepbare voorkeuraandele

Die waarde van die aandeel bestaan uit die waarde van die dividende tot en met omskepping en die waarde van die aandeel ontvang met omskepping verdiskonteer teen die verwagte opbrengskoers na 'n huidige waarde.

5.6.3 Waardasie van ekwiteit

In persoonlike finansiële bestuur sal die waarde van ekwiteit vir die individu geleë wees in die inkomste wat verdien kan word, byvoorbeeld dividende, asook die herverkoopswaarde van die

belegging. Die benadering sal afhang van die doelstelling met die belegging. Indien dit die persoon se oogmerk is om inkomste te verdien, mag sekere waardasiemetodes meer geskik wees, en mag ander beleggings voorkeur geniet wanneer die persoon ingestel is op kapitaalgroei.

Vervolgens word enkele metodes by die waardasie van ekwiteit bespreek. Verskeie van die metodes kan gebruik word om aandele te waardeer terwyl ander gebruik kan word om aandele sowel as besighede te waardeer.

5.6.3.1 Dividendgroeimodel

Dié model is deur Gordon ontwikkel (Correia et al., 1987:264). Dit is gebaseer op die konsep dat die eintlike inkomste van die belegger sy dividende is. Meeste maatskappye betaal 'n deel van hul verdienste as dividende uit terwyl die res gebruik word om uit te brei. Die uitbreidings lei tot verhoogde inkomste wat weer tot verhoogde dividende lei.

Die model verdiskonteer dus in der waarheid hierdie verwagte dividende.

Voorbeeld:

$$V_0 = D_1 / (K - g)$$

waar

V_0 = Waarde

D_1 = Dividende vir die komende jaar

K = Groei wat deur die belegger verlang word

g = Verwagte groei in die maatskappy se dividende/verdienste

Maatskappy A se dividend vir die komende jaar word beraam op 50c. Uit die afgelope 5 jaar se resultate blyk dit dat die maatskappy jaarliks teen 15 % groei. Die belegger verwag 'n opbrengs van 20 % op sy belegging.

$$\begin{aligned} V_0 &= 0.50 / (0.20 - 0.15) \\ &= R 10.00 \end{aligned}$$

Elke aandeel is dus R10 werd.

Die model het egter 2 belangrike aannames naamlik :

- Die groei is konstant
- g is kleiner as K

5.6.3.2 Kapitaalmarkprysmodel

In die bogenoemde model is 'n verwagte opbrengskoers gebruik. Die bepaling van die koers kan baie subjektief wees. Die kapitaalmarkprysmodel kan behulpsaam wees om die koers te bepaal. Die berekening is soos volg deur Correia et al(1987:271) verduidelik.

Voorbeeld:

$$K = R_f + B(R_m - R_f)$$

waar

K = verwagte opbrengs

R_f = risikovrye opbrengskoers

B = Beta

R_m = Mark opbrengs

Die beta (korrelasie tussen aandeel A en die mark) is 0.9. Die risikovrye koers (koers wat op staatseffekte betaal word) is 15%. Die gemiddelde opbrengs op die mark is 25 %.

$$\begin{aligned} K &= 0.15 + 0.9(0.25-0.15) \\ &= 0.24 \end{aligned}$$

Die verwagte opbrengs vir aandeel A is dus 24 %

Indien Aandeel A se werklike opbrengs 30 % was en die aandeel se markprys R 1 sou die aandeel dus eintlik $0.3/0.24 \times R1 = R1.25$ werd wees.

5.6.3.3 Netto huidige waarde

Beleggings ander dan ekwiteit kan op die manier gewaardeer word. Dit behels basies dat die kontantvloei, insluitend enige verhalings, verdiskonteer word tot 'n huidige waarde .

goeie toets wees om te bepaal wat die fisiese waarde, die waarde gekoppel aan bates, van die besigheid is. Die bepaling van die netto batewaarde sal in meer verfynde berekeninge, verliese wanneer bates as gevolg van skielike verkope en verliese as gevolg van die aard van spesialiteits bates, insluit. Daar moet egter in ag geneem word dat 'n diensonderneming 'n baie kleiner batewaarde as 'n eiendomsmaatskappy sal hê.

5.6.4 Waardasie van eiendom, juwele, skilderye en ander beleggings

Die tipe belegging vereis gewoonlik deskundige advies en slegs uitgebreide en intensiewe navorsing sal 'n persoon in staat stel om sy eie, voorlopige, evaluasie te doen. 'n Kundige behoort dus altyd geraadpleeg te word in dié verband.

5.7 Spaar

Volgens Pieter Schoombie (1997:20) spaar Suid-Afrikaners jare lank reeds minder as wat die ekonomie nodig het. Die hoë inflasiekoers en negatiewe reële rentekoerse het 'n groot deel van die skuld hiervoor gekry. Verder is die Suid-Afrikaanse belastingkoerse so hoog dat dit R1 uit elke R4 van die bruto binnelandse produk opeis. Aanduidings is ook dat die grootste ontvangers van spaargeld in Suid-Afrika, naamlik versekeraars, ook maar die afgelope tyd gesukkel het (Schoombie,1997:20). Die individu word egter nie aangemoedig om te spaar nie, aangesien die regering self besig is met ontsparing (Schoombie,1997:20).

Spaar is niks anders as om huidige besteding prys te gee in ruil vir toekomstige besteding nie (Mathur, 1989:475). Volgens Mathur (1989:475) is daar onder andere drie metodes wat vir spaardoeleindes gebruik kan word. Eerstens kan persone gereelde beleggings maak, byvoorbeeld versekeringspolisse of by wyse van 'n debietorder vir effeketrusts. Dan kan persone ook gereelde uitgawes, byvoorbeeld uiteet elke twee weke, soms onderbreek en die geld dan spaar. Laastens stel hy voor dat geld wat 'n persoon periodiek toeval, byvoorbeeld, ekstra inkomste of ontvangste uit die verkoop van bates gespaar word.

Die beskikbaarheid en toepaslikheid van die verskillende spaarinstrumente wissel normaalweg na gelang van die bedrag betrokke en die tydperk voordat die fondse benodig word. Kapitaalmark instrumente vereis normaalweg hoë insette. Aandele daarteen is weens die makelaarskoste daaraan verbonde ook nie baie geskik vir klein beleggings nie. Vir die kleiner

belegger sal effektetrust en kapitaalmarktrusts dus meer geskik wees. Die tydperk todat die geld benodig word sal ook 'n rol speel aangesien aandele en effektetrust belegging langer termyn beleggings is. Vir korttermynbeleggings sal vaste deposit's en kennisgewing deposito's meer geskik wees.

5.8 Ontspaar

Die omgekeerde van spaar is ontspaar. Dit kan gesê word dat ontsparing die motivering vir spaar is. Tydens ontsparing word spaargeld gebruik om besteding aan te gaan wat nie uit die normale inkomstebronne gefinansier kan word nie. Dit kan gebeur waar geld gespaar is vir 'n vakansie, 'n skildery of selfs vir aftrede.

Die grootste deel van ontsparing het egter te make met aftrede en daarom word hierdie onderwerp verder in hoofstuk 7 behandel.

5.9 Gevolgtrekking

Wanneer 'n belegging gemaak of bates aangekoop gaan word is dit noodsaaklik dat daar besluit word watter kundige advies nodig is en wie die beste advies op die betrokke gebied kan gee. Dit sou nie raadsaam wees om koste aan advies te spaar indien die swakker advies 'n veel laer opbrengs sou voortbring nie. Aan die einde van die dag is die beste opsie egter dat elke persoon in 'n meerdere of mindere mate leer om sy eie beleggingsadviseur te wees. Dit kan verwesenlik word deur gereeld na te lees in die finansiële pers en met soveel moontlik kundiges daaroor te gesels. Hierdeur sal koste nie net gespaar kan word op die langtermyn nie maar sal meer bevrediging ook uit die beleggings verkry word. So 'n persoon sal ook beter ingelig wees sodat enige onetiese skemas maklik identifiseer kan word.

HOOFSTUK 6

SKULD- EN KREDIETBESTUUR

6.1 Inleiding

Skuld of krediet is om geld, bates of dienste nou te verkry en dan in die toekoms daarvoor te betaal (Kapoor et al., 1994:149). Volgens Blue (1986:55) is skuld oortrek met meer emosies, misverstande en onkunde as enige ander persoonlike finansiële bestuur gebiede.

Die inleiding in *Finansies en tegniek* van 23 Januarie 1998 (Schoombie, 1998:18) lui: “ Vir SA gaan 1998 weer ‘n moeilike jaar wees, met stadige groei. Een van die groot redes daarvoor is die groot skuldlas.” Dit is egter slegs wanneer daar na sekere persentasies gekyk word, dat die omvang van die skuldlas besef word. Die artikel maak melding dat kredietverlening aan die private sektor tot die BBP reeds tot 65.6 % gestyg het. In vergeleke daarmee is Suid-Afrikaanse huishoudings se skuld las net onder 68% van die besteebare inkomste (Schoombie, 1998:18). Met die bogenoemde op die tafel is die rede vir skuld en kredietbestuur voor die hand liggend. Dit maak eenvoudig ‘n groot deel uit van die deursnithuishouding in Suid-Afrika se uitgawes.

6.2 Voordele en nadele van krediet

Om skuld te kan bestuur, is dit noodsaaklik dat die voordele en nadele bekend is. Die voordele moet benut word en nadele sover moontlik verminder of vermy word. Die volgende voordele en nadele is deur Ike Mathur (1989:203) gegee.

6.2.1 Voordele

- Dit is gemaklik. Groot bedrae kontant hoef nie byderhand gehou te word nie. Aankope kan deur die maand geskied waarna vereffening aan die einde van die maand op een slag kan geskied.
- Dit kan gebruik word om ander, soms onbekombare, duur items aan te koop. Krediet bied die geleentheid dat die koste oor ‘n termyn versprei kan word.

- Gebruik in noodgevalle. Noodsaaklike of onvoorsiene uitgawes kan betaal word selfs wanneer daar nie op die spesifieke oomblik voldoende kontant beskikbaar is nie.
- Dit bied beskerming teen inflasie. Gedurende tye van hoë inflasie kan die pryse van goedere vinniger styg as wat die rentekoers is. Dit is dus goedkoper om die items dadelik te koop en die rente te betaal.

6.2.2 Nadele

- Oorbesteding is moontlik. 'n Persoon kan, wanneer krediet beskikbaar is, maklik meer geld uitgee as wat sy inkomste is. Die gebruik van 'n begroting is dus van uiterste belang.
- Krediet dra by tot inflasie. Wanneer mense op krediet koop gebruik hulle eintlik toekomstige inkomste om huidige besteding aan te gaan. Wanneer daar dan nie aan die huidige vraag voldoen kan word nie, styg pryse, wat lei tot inflasie.
- Daar is hoë koste aan krediet verbode. Rentekoerse is hoog en die bedrag aan rente betaal kan maandeliks 'n groot deel van die gesin se uitgawes uitmaak.

6.3 Tipies Krediet

Tielman de Villiers (1991:29) verduidelik aan boere dat dit belangrik is om die regte tipes krediet vir die regte behoeftes te gebruik. Dit is egter net so op individue van toepassing. 'n Groot fout wat mense maak, is om die verkeerde vorm van finansiering te gebruik. Hulle koop byvoorbeeld nuwe meubels vir R 4 000 deur middel van die bankoortrekking. Die man se salaris word elke maand die 15de in die bankrekening inbetaal, maar die woning se paalement van R 1 500, word al die eerste dag van die maand afgetrek. Dit is duidelik dat indien die man 'n fasiliteit van R 5 000 het, hulle 'n kontantvloeioprobleem tussen die eerste en die vyftiende van die maand sal hê. Dit kan ook wees dat hulle die meubels op die normale kredietkaart gekoop het en dat die reëling is dat die volle bedrag aan die einde van die maand van die tjekrekening verhaal word. Dit sou hulle ook 'n kontantvloeioprobleem gee.

6.3.1 Langtermynkrediet

Langtermynskuld is daardie skuld wat gewoonlik oor 'n tydperk van meer as 'n jaar terugbetaalbaar is en kan hoofsaaklik in die volgende kategorieë verdeel word:

6.3.1.1 Verbande

Individue gebruik normaalweg verbande om eiendom te finansier. Dit strek meestal oor 'n tydperk van 20 tot 30 jaar en dra rente wat heelwat laer as ander tipes skuld is. Baie individue kan teen die bank se primakoers en selfs laer, leen. Die verband behels egter dat die bank die woning as sekuriteit neem sodat, indien die persoon nie kan betaal nie, die bank die woning kan verkoop om hul koste en agterstallige rente te verhaal.

Verbandregistrasiekoste is relatief hoog en daarom is dit nie wenslik om gereeld nuwe verbande te registreer nie. Dit is praktyk dat die rente maandeliks op die uitstaande kapitaalsaldo bereken word. Daar word ook normaalweg van die persoon vereis om lewensversekering oor die uitstaande saldo van die verband op te neem. De Lange (1997:55) stel voor dat goedkoop versekering oor die volle bedrag van die verband gekry moet word; dat verskeie kwotasies ingewin moet word en die persoon nie noodwendig instem om versekering by die verbandhouer te koop nie.

Meeste banke bied vandag die keuse dat kapitaal wat gedelg is, weer onttrek kan word. Dit mag dwaas klink, maar soos later bespreek kan dit, indien dit goed bestuur word, baie voordelig wees.

6.3.1.2 Afbetalingsverkoopsooreenkomste (huurkoop) en bruikhuur

Motorskuld is normaalweg die naasgrootste skuld en in baie gevalle die grootste skuld wat 'n huishouding het. Dit is normaalweg baie duur finansiering. Die rente beloop normaalweg 'n koers wat tussen prima, prima plus en hoër is. Meubels en sekere toerusting kan ook op die wyse gefinansier word. Veral waar die finansiering nie deur die bank gereël word nie, moet die koper seker maak watter rentekoers hy gaan betaal. Baie besighede sal slegs die paalement en die termyn bekend maak sonder om die rentekoers te noem.

Die rente word gewoonlik by die aanvang van die kontrak, by die prys gevoeg. Die koper moet dan 'n "boete" betaal wanneer die skuld voor die verwagte termyn afgelos word.

Afbetalingsverkoopsooreenkomste behels normaalweg dat 'n persoon 'n deposito moet betaal en dan word die res oor 'n gespesifiseerde termyn gedelg. Die item wat aangekoop is dien gewoonlik as sekuriteit vir die kredietverlener.

'n Bruikhuur word volgens RE 115 (RPK) as volg uitgeken:

- Die bate word die eiendom van die huurder na verloop van die tydperk.
- Die huurder het geleentheid om die bate teen 'n nominale bedrag aan te koop
- Die huurtermyn is meer as 75 % van die nuttige lewensduur van die bate
- Wanneer die huur verdiskonteer word is dit meer as 90% van die markwaarde van die bate.

By 'n bruikhuur hoef 'n deposito nie betaal te word nie. Die koper kan ook reël dat 'n reswaarde (die finale bedrag wat by aflossing betaalbaar is) ingesluit word. Dit verlaag die paaiement, maar beteken dat 'n finale delging gemaak moet word om die bate te kan behou.

Met dié tipe aankope bly die bate tegnies die bank se eiendom totdat die skuld gedelg is.

6.3.2 Korttermynkrediet

Korttermynkrediet behoort slegs as oorbruggingsfinansiering te dien waar 'n tydelike kontantvloeioprobleem ontstaan het.

6.3.2.1 Persoonlike lenings

Persoonlike lening kan vir verskeie doeleindes aangegaan word. Die bank vereis egter in meeste gevalle een of ander vorm van sekuriteit, wat die finansieringsvorm nie altyd geskik maak nie.

6.3.2.2 Oortrokke fasiliteit

Lucas de Lange (1997:55) sê dat 'n oortrokke fasiliteit die naasgoedkoopste manier van finansiering is. Volgens Laurie (1989:37) is die bankoortrekking een van die beste maniere om skuld te maak. Persone wat goeie kredietrekords het, kan vir rentekoerse wat aansienlik laer as die huurkoop of kredietkaart koerse is, kwalifiseer. Indien geld so geleen word, het die persoon 'n verdere voordeel, naamlik dat hy dan 'n kontantkoper word, wat om afslag kan meeding.

'n Wesenlike nadeel en risiko verbonde aan oortrokke fasiliteite, wat nie uit die oog verloor moet word nie is dat dit op aanvraag terugbetaalbaar is.

6.3.2.3 Kredietkaart

Daar is verskeie kostes aan 'n kredietkaart verbonde. Eerstens is die transaksiekoste vir die kaarthouer min aangesien die winkelier reeds 'n persentasie, gemiddeld 2.5% van die transaksiewaarde (Anon, 1996:55), aan die bank betaal. Verder is belastingheffings op elke transaksie betaalbaar. Derdens is daar die jaarlikse koste en laastens rente. In Suid-Afrika is 30 % van alle kaarthouers persone wat die rekeninge aan die einde van die maand 100 % vereffen (Anon, 1996:56).

Kredietkaarte kan 'n baie duur finansieringvorm wees, aangesien die rentekoerse daaraan verbonde baie hoog is. Aan kredietkaarte is ook gewoonlik 'n fasiliteit gekoppel wat die begrotingsfasiliteit genoem word. Dit beteken dat jy die kans gegun word om die skuld oor 'n termyn af te betaal. Die begrotingsfasiliteit se rente is baie hoër as die normale kredietkaartrente en is dus een van die duurste vorme van krediet, wat liefs dus vermy moet word (De Lange, 1997:55).

Dit is waar dat die kredietkaarte 'n aantal dae gratis krediet verskaf. 'n Amerikaanse tydskrif *Kiplinger's Personal Finance Magazine* het egter bevind dat een van die groot foute wat mense maak is om te veel rente te betaal (De Lange , 1996:39). Dit gebeur dikwels dat mense vergeet om die kredietkaartrekening te vereffen en dan onnodige rente betaal.

6.3.2.4 Mikrolenings

Mikrolenings is finansieringsmiddele wat die afgelope paar 'n jaar sterk oplewing getoon het. Dit is veral gemik op die laerinkomstegroepe en persone wat nie vir krediet by die normale finansiële instellings kwalifiseer nie. Die kredietverskaffers gaan gewoonlik 'n maandelikse kontrak met die persoon aan en hef rente wat aansienlik hoër is as ander finansiële instellings. Die rede is dat hulle 'n soveel groter risiko dra. Vir die deursnitpersoon behoort hierdie vorm van finansiering, weens die hoë rentekoerse, byna nie 'n opsie te wees nie.

6.4 Redes waarom mense onnodig skuld maak

Mense maak skuld omdat hulle iets wil koop wat hulle nie nou kan bekostig om kontant te koop nie. Volgens De lange (1997:60) verskaf dit aan sommige mense 'n soort opwinding - net soos

om verslaaf te wees aan opkikkers en drank. Volgens hom het inkomste ook nie veel te make met die skuldsindroom nie. Dit is baie seker dat om skuld te maak oor kultuur-, rasse- en selfs inkomstegrense heen, gaan.

De Lange (1997:60) sê dan ook dat baie mense gekondisioneer is om op sleutelwoorde te reageer. Daar kan maar net gedink word aan woorde soos : “Winskoop”, “Uitverkoop” en “Lae Prys”. Dié woorde word dus effektief as manipulasietegniek gebruik. Hy stel voor dat elke persoon moet vasstel op watter woorde hy reageer en moet dan konsentreer om homself daarteen te verweer.

Volgens ‘n artikel in *Finance Mail* het die reële inkomste van huishoudings in 1981-1987 met byna 2% per jaar afgeneem (Anon.1988:40). Gesinne wat hul lewensstandaard wou handhaaf moes dus ontspar of skuld aangaan.

6.5 Wenke vir ‘n goeie kredietrekord en maklike kredietverlening

Om geld by ‘n bank te kan leen moet die persoon uit die bank se oogpunt, kredietwaardig wees. Johan van der Merwe (1994:4) verduidelik dat deur ‘n paar maklike stappe te volg in die proses by die aansoek om ‘n lening die hele proses vergemaklik en baie meer gunstig kan wees. Volgens hom moet die volgende in ag geneem word en moet die lener die inligting al saam met die aansoek aan die finansiële instelling beskikbaar kan stel :

- Die rede waarom vir die lening of krediet aansoek gedoen word.
- Hoeveel geld benodig word.
- Die geskiedenis van die besigheid of die persoon se kredietgeskiedenis.
- Hoe daar beplan word om die lening terug te betaal en 'n berekening wat toon dat dit moontlik is.
- Finansiële state moet beskikbaar wees, verkieslik deur ‘n gekwalifiseerde rekenmeester voorberei.
- Die bank moet verder voel dat die persoon aan wie die lening gemaak word die tipe persoon is aan wie hulle graag ‘n lening wil maak.

Deur die bogenoemde voor te berei voor daar om die lening aansoek gedoen word sal dit nie alleen ‘n goeie indruk op die bank maak nie, maar terselfdertyd die proses bespoedig.

Die beste beplanning sal egter nie help as 'n persoon 'n swak kredietgeskiedenis het nie. In die *Erntrepreneur* (Anon, 1994:3) word die volgende wenke gegee vir die opbou en behoud van 'n goeie kredietrekord :

- Die persoon moet kan onderskei tussen dinge wat hy graag wil hê en wat hy moet hê. Baie luukses kan die oorsaak raak van skuld wat onbekostigbaar raak.
- Wanneer daar bereken word hoeveel skuld deur die gesin bekostig kan word, byvoorbeeld by die aankoop van 'n woning is dit beter om slegs die broodwinner se inkomste in ag te neem en nie die totale inkomste nie. Op die manier sal die gesin, selfs wanneer omstandighede die een persoon noodsaak om nie meer te werk nie, kop bo water kan hou.
- Die noodsaaklikheid van begrotings word duidelik uit die feit dat besighede wat hul sake beplan, 'n 80% kleiner kans het op mislukking. Dit is egter belangrik dat die begroting realisties is en daarby gehou word.
- Laastens is dit belangrik om met krediteure in kontak te bly. Die persoon moet hulle nie probeer vermy nie, maar soos voorheen genoem, eerder reëlings tref indien sake moeilik is. Bankrotskap en administrasie moet slegs as laaste wanhoopsdade gesien word aangesien dit 'n goeie kredietrekord vir goed kan beskadig. Daar moet egter ook op gelet word dat waar die persoon 'n voorstel vir 'n kwytskeldingsoorekoms aan 'n skuldeiser maak, dit gronde kan bied vir sekwestrasie (Nagel, 1992:337).

Ten laaste moet gewaarsku word teen die uitweg van likwidasie(bankrotskap) en administrasie (waar die adminstrateur maandeliks 'n deel van die persoon se salaris tussen krediteure verdeel). Daar kan onder andere twee redes hiervoor aangevoer word nl:

- Alhoewel dit nie altyd duidelik uitgespel word nie, is daar groot koste aan verbonde en
- wanneer dié uitweg gevolg word, sal dit vir die persoon bykans onmoontlik of baie moeilik word om in die toekoms skuld te kan maak, weens die swart kol op die kredietrekord en kredietgeskiedenis, self al sou dit noodsaaklike skuld wees.

C.J. Nagel(1992:348) vat die gevolge van insolvensie soos volg saam:

- Die insolvent mag onder andere nie die volgende ampte beklee nie : lid van statutêre rade of parlement, maatskappydirekteur (sonder toestemming van hof), kleinhandelaarsbesigheid bedryf of in diens daarvan staan sonder kurator se toestemming.

- Mag nie 'n dranklisensie verkry nie.
- Kontrakte wat tot nadeel van sy boedel strek is vernietigbaar.

Verder is die verkryging van krediet tydens sekwestrasie 'n misdryf (Nagel,1992:364).

6.6 Hoe om "uit skuld te kom "

Harry Laurie (1991:44) noem enkele stappe in die proses om van skuld verlos te word. Die eerste stap vir 'n persoon is om te weet en te erken hoe groot sy skuld is. Dit is dus nodig om 'n lys van al die skuld te maak waarop die tipe skuld, balans op daardie stadium, termyn asook maandelikse paalement gelys word. Vervolgens moet die rente wat op die skuld betaal word vasgestel word. Dit behoort die persoon te oortuig dat hy baie geld onnodig aan rente afstaan en behoort as afskrikmiddel te dien vir verdere skuld.

Ten tweede moet daar aktief begin word om die skuld af te los. Daar moet 'n besluit geneem word om elke maand 'n spesifieke bedrag te delg. Dit moet verkieslik so groot moontlik wees, aangesien die skuld dan vinniger gedelg kan word. Laurie (1991:44) stel voor dat waar uitgawes nie elke maand dieselfde is nie, tekorte in die delging van een maand die volgende maand opgemaak moet word.

Om die bedrag wat gedelg kan word te bepaal is dit nodig om vas te stel waarop, en hoeveel, spandeer word. Soos in hoofstuk 3 vervat, kan 'n begroting wat so na as moontlik aan die werklike toedrag van sake is, opgestel word. Die uitgawes word in drie kategorieë verdeel nl. vaste uitgawes, veranderlike en vermybare uitgawes. Alhoewel dit seker die maklikste is om aan die laaste twee kategorieë se uitgawes te sny is die groot uitgawes egter onder die eerste afdeling. Dit mag selfs nodig wees om een motor te verkoop of te verhuis. Dit is ook nie altyd nodig om alle vermybare uitgawes soos vakansies en etes uit te sny nie (De lange, 1996:48). Baie kan soms gedoen word deur bloot die uitgawes te beperk of in te kort.

Laurie (1991:44) stel voor dat kredietkaarte middeldeer geknip word en daar van daardie oomblik af net met kontant gekoop word. Hy stel verder voor dat waar 'n persoon finansiële probleme ondervind, hy met sy skuldeisers daarvoor onderhandel. Administrasie en likwidasie is meestal nie vir hulle voordelig nie, daarom sal meeste skuldeisers gewillig wees om reëlins met die persoon te tref. In hierdie tyd behoort daar ook geen beleggings gemaak te word nie aangesien daar weinig beleggings is wat 'n hoër opbrengs as die skuld sal lewer.

Persone word ook gewaarsku teen persone wat aanbied om skuld te konsolideer of af te los (De Lange,1997:44). Dit kan maklik gebeur dat hulle poog om oor soveel moontlik bates beheer te kry en dat hulle die persoon se belange nie meer daarna eerste stel nie.

6.7 Skuldbestuur

Skuld word bestuur wanneer dit verantwoordelik gebruik word en dit vir die skuldenaar werk, en nie omgekeerd nie. Waar skuld gemaak is om inkomste te genereer, byvoorbeeld 'n verband om eiendom te bekom wat verhuur word, kan die rente afgetrek word van die inkomste vir belastingdoeleindes.

Ike Mathur (1989:206) sowel as Kapoor et al. (1994:157) stel voor dat 'n gesin of persoon se skuldpaaiemente, kapitaal en rente ingesluit, (huisverband paaiemente uitgesluit) nie meer as 20% van die maandelikse inkomste na belasting, moet beloop nie. Indien die persoon dus 'n salaris van R 5 000(R 5 900 - R 900 belasting) kry behoort skuldpaaiemente nie meer as R 1 000 te wees nie. 'n R 1 000 paaiement op 'n rentekoers van 24 % oor vyf jaar sal dit vir die persoon moontlik maak om 'n motor van R 34 760, na in agneming van die deposito, te koop. Dit beteken dat indien die gesin ook klere of meubels op krediet koop 'n goedkoper motor gekoop sal moet word. In hoofstuk 4 is melding gemaak dat verband skuld nie meer as 25 % van die gesin se maandelikse inkomste voor aftrekkings moet wees nie. Uit die riglyne kan dus vasgestel word dat die gesin se skuld delging, as % van besteebare inkomste, as volg sal wees:

Bruto salaris	R 5 900
Minus belastings	R 900
Besteebare inkomste	R 5 000
Maandelikse verband paaiement	R 1 475 (25 % van R 5 900)
Ander maandelikse skuld paaiemente	R 1 000 (20 % van R 5 000)
Totale maandelikse skuld paaiemente	R 2 475
Skuldpersentasie	49.5 % (R 2 475/R 5 000)

Die riglyne behoort in Suid-Afrika dus daartoe te lei dat skuld betalings tot maandelikse besteebare inkomste ongeveer 50 % is van besteebare inkomste.

Wenke vir vinnige delging van skuld

Die volgende wenke kan aangewend word om skuld vinniger te delg sonder om ernstige beperkings op die gesin se begroting te plaas:

- Betaal in bonusmaande of waar addisionele inkomste toeval 'n dubbele paaieiment
- Betaal elke vier weke 'n paaieiment in plaas van elke maand
- Betaal die eerste paaieiment onmiddelik. Sodoende word die rente op die paaieiment vir die res van die termyn gespaar.

6.7.1 Gebruik goedkoop krediet

Soos reeds gemeld is verbande relatief goedkoop skuld. Dit is dus duidelik dat dit effektief gebruik moet word. De Lange (1997:55) stel voor dat 'n persoon die groots moontlike verband moet registreer, al word al die geld nie noodwendig opgeneem nie. Dit kan dus moontlik wees om addisionele geld uit die verband te onttrek om groot kapitaalaankope soos meubels of selfs 'n motor te doen, omdat die rentekoers so laag is. Die effektiewe gebruik van 'n verband kan as volg geïllustreer word:

Geld onttrek uit verband om tweede motor te koop

Kosprys van voertuig	R 20 000
Rentekoers op verband	22 %
Rentekoers op huurkoop	27 %
Termyn	60 maande
Maandelikse paaieiment indien huurkoop aangegaan is :	R 610
(PV = 20 000, I = 27/12, N = 60)	
Maandelikse paaieiment indien van die kapitaal wat reeds op die verband gedeelg is, gebruik is :	R 552
(PV = 20 000, I = 22/12, N = 60)	

Die verskil in rentekoerse kan aan die einde van die dag aansienlike verskille aan die rente uitgawe maak. Dit is egter belangrik dat wanneer die kapitaal onttrek word, die terugbetaling oor 'n redelike termyn (byvoorbeeld die termyn van die huurkoop, of lewensduur van die bate, of selfs vinniger) gemaak word sodat die kapitaalverpligtinge nie ophoop nie. Dit is ook belangrik dat die addisionele betaling elke maand gemaak sal word.

Uit die bogenoemde kan afgelei word dat dit voordelig is om addisionele kapitaal op die verband beskikbaar te hê. Dit kan vinniger bereik word indien die persoon maandeliks 'n klein ekstra betaling op die verband maak. Dié voordeel blyk uit die volgende:

Verband van	R 200 000
Termyn	20 Jaar
Rentekoers	22 %
Paalement	R 3 714

Indien die persoon die volgende bedrag elke maand ekstra betaal sal die termyn van die verband soos volg afneem :

Bedrag ekstra betaal	Termyn
R 50	16.8 Jaar (PV 200 000, I = 22/12, PMT = 3 714)
R 100	14.9 Jaar
R 250	11.9 Jaar

Dit is duidelik dat selfs net 'n klein bietjie ekstra 'n verskil maak. Die rede is dat die ekstra bedrag suiwer kapitaal is en terselfdertyd die rente wat betaal moet word, verminder. Soms mag persone wonder watter termyn hulle vir die verband moet kies. Uit die volgende vergelyking blyk dit dat na 'n sekere punt die paalement nie regtig in vergeleke met die termyn, wesenlik afneem nie.

Termyn	Paalement
10 Jaar	R 4 134 (PV 200 000, N = 10x12, I = 22/12)
15 Jaar	R 3 812
20 Jaar	R 3 714
25 Jaar	R 3 682
30 Jaar	R 3 672

Geld wat nie dadelik benodig word nie, soos bv. voorlopige belasting kan ook op die verband inbetaal word totdat dit benodig word.

6.7.2 Bank- en kredietkaartrekonsiliasies

Bankrekonsiliasies behels die vergelyking van die bankstaat en die kasboek. Die vergelyking is noodsaaklik om te vergewis dat die instellings slegs transaksies deur die betrokke persoon aangegaan teen sy rekening hef, en om te verseker dat alle deposito's te boek gestel is. Rekonsiliasies is ook 'n instrument vir batebestuur. Dit is dus noodsaaklik dat alle dokumentasie vir aankope en deposito's gebêre word sodat bewys gelewer kan word indien foute voorkom.

Voordat die bankrekonsiliasie opgestel word, moet alle transaksie soos debietorders, bankkoste en rente te boek gestel word. Die rekonsiliasie kan as volg verduidelik word:

Saldo volgens die bankstaat

Min : tjek/aankope reeds aangegaan wat nog nie op die bankstaat verskyn nie

Plus : enige deposito's wat nog nie op die bankstaat verskyn nie.

Plus/Min : enige verskille tussen die bankstaat en kasboek as gevolg van foutiewe inskrywings deur die bank. (Slegs foutiewe inskrywings deur die bank word in ag geneem aangesien foute in die kasboek reggestel moet word.)

Nadat die bogenoemde berekeninge gedoen is, behoort die saldo wat bereken is, in ooreenstemming met die kasboek te wees.

Voorbeeld:

Transaksies op Bankstaat

Saldo oorgebring	R 600.00
Tjek 002	R 250.00
Tjek 003	R 120.00
Bankkoste	R 10.00
Rente verdien	R 5.00
Saldo	R 225.00

Transaksies in kasboek

Saldo oorgebring	R 500.00
Tjek 002	R 250.00
Tjek 003	R 120.00
Tjek 004	R 100.00
Bankkoste	R 10.00
Rente ontvang	R 5.00
Deposito	R 300.00
Saldo	R 325.00

Rekonsiliasie

Saldo Bankstaat	R 225.00
Min uitstaande tjeks	
001 (vorige maand)	R 100.00
004	R 100.00
Plus Uitstaande deposito's	R 300.00
Foute	<u>R 0.00</u>
Saldo volgens kasboek	<u>R 325.00</u>

6.8 Gevolgtrekking

Daar is al baie spottenderwys verwys na skuld, soos dat “My knieë is seer ná besoek aan die bankbestuurder”. Dit is volgens Lucas de Lange (1996:57) die gevaar van ons tyd - skuld maak van ‘n persoon die slaaf van die kredietverlener. Wanneer skuld handuitruk is dit ‘n vernederende manier van leef, want die geldskietter moet telkens smekend in die oë gekyk word. Die emosionele ervaring kring uit op alle aspekte: werk, gesinslewe en vryetyd. Die emosionele aspekte is sonder dat rand en sent genoem word, reeds genoeg rede om skuld, hoe klein ook al, van die begin af te bestuur.

‘n Goue reël is, maak skuld net om iets te koop as dit nodig is en dan slegs as dit ‘n bate soos ‘n woning of motor is. Vir verbruikbare items soos vakansies, klerasie en kruideniersware behoort dié reël te geld : Dit word nie gekoop tensy daar kontant in die hand is nie.

HOOFSTUK 7

AFTREDE- EN BOEDELBEPLANNING

7.1 Inleiding

In 1998 leef Suid-Afrikaners in 'n Suid-Afrika waarin die onus al meer op die individu geplaas word om verantwoordelikheid te neem vir sy aftrede voorsiening. Dit blyk ook uit die regering se besluit om die opbrengste van pensioenfondse te belas. Die regering bied nie meer die beskerming en bevoordeling van die fondse, wat algemeen as 'n veilige aftrede voorsiening gesien is nie.

Die volgende paragrawe beklemtoon die noodsaaklikheid van vroegtydige aftredebeplanning en gee agtergrondinligting aangaande moontlike opsies. Die leser word bekend gestel aan behoefte bepaling tegnieke wat aan elke individu sy huidige situasie ten opsigte van aftrede beplanning toon. Die laaste stap in persoonlike finansiële beplanning, naamlik boedelbeplanning, die afsluiting van aftredebeplanning, word aan die einde van die hoofstuk aangespreek.

7.2 Noodsaaklikheid vir aftredebeplanning

In 'n opname wat deur Ou Mutual gedoen onder werkende mense wat die ouderdom van 65 bereik het, het getoon (Ou Mutual, 1990:3):

- 47 % is afhanklik van familieleden
- 31% is verplig om aan te hou werk
- 16% is afhanklik van 'n staatspensioen
- 6% is finansiëel onafhanklik.

Detail van die profiel was ongelukkig nie in die studie gepubliseer nie.

Ook volgens De Jongh (1997:36) kan slegs ongeveer 6 % van alle Suid-Afrikaners finansiëel onafhanklik aftree. Alec Hogg (1998:1) sê weer dat slegs 1 uit tien finansiëel onafhanklik sal wees. Hy voer aan dat die rede daarvoor is dat min pensioenfondse groei bied wat naby aan die inflasiekoers is. Vir die gemiddelde persoon in Suid-Afrika sal die opbrengs uit die werkgewer se pensioenfonds slegs sowat een derde van die benodigde jaarlikse inkomste bied. Ongeag die

redes en persentasies, wat duidelik blyk is dat die meerderheid persone wat elke dag in die straat afloop, aftredebeplanning nodig het.

Vrae wat gereeld afgevra word is : watter maand van die jaar om af te tree, hoeveel van die geld in kontant as enkelbedrag geneem moet word en hoe die geld belê moet word. (Falkena en Luus 1995:7). Vroegtydige beplanning van aftrede is noodsaaklik aangesien dit die tydperk verleng en so dit makliker bekostigbaar maak. Hoe vroeër die persoon begin, hoe laer sal die lewensdekkingpremies ook wees. (Basson, 1992:50)

Volgens Hooper (1995:23) kan mense verwag dat hulle nie in diens van organisasies sal staan nadat hulle die ouderdom van 55 bereik het nie. Die hoofredes wat hiervoor aangevoer kan word, is die voortdurende regstellende aksie, asook die neiging om persone op vroeë pensioen te plaas ten einde poste vir bevordering en uiteindelik nuwe werkseleenthede te open Dit het tot gevolg dat net soveel vroeër begin beplan moet word aan die aftrede.

Uit 'n advertensie van Sanlam kan die volgende tendens gesien word rakende die noodsaaklikheid van vroegtydige begin. Die advertensie is genoem “Uitstel kos geld”

Ouderdom	Jare uitgestel	Fonds se waarde op 65	Prys van uitstel
40	Geen	R 893 711	Geen
41	1	R 745 670	R 148 041
42	2	R 621 059	R 272 652
43	3	R 516 134	R 377 577
44	4	R 428 083	R 465 628
45	5	R 354 254	R 539 457

Die berekening was gegrond op 'n R 100 premie met 15 % groei per jaar en 'n 15 % bonusgroei veronderstelling.

7.3 Aftredevoorsieningsmoontlikhede

Aftredevoorsieningsmoontlikhede is byna net so talryk soos die sand aan die see. Die hoofkategorieë word egter vervolgens bespreek. Die persoon wat die opsies oorweeg moet egter die volgende punte as vereistes vir 'n doeltreffende opsie in ag neem :

- Dit moet nie aan 'n vaste termyn gekoppel wees nie
- Dit moet deursigtig vir hom wees
- Die moet buigsaam wees
- Die persoon moet bewus wees van die kostestruktuur

7.3.1 Pensioenfondse

'n Pensioenfonds is 'n fonds wat bona fide ingevolge die Wet op Pensioenfondse opgerig is en deur die Registrateur van Pensioenfondse en die Kommissaris van Binnelandse inkomste goedgekeur is. Die doel van die fonds moet wees om aftreevoordele aan werknemers, of afhanklikes van afgestorwe persone te betaal.

Pensioenfondse vorm die basis van menige persone se aftredebeplanning. Dit is egter nie die gevaar nie. Die probleem is dat meeste persone onder die indruk is dat die pensioen genoegsame aftredevoorsiening is. Die eerste stap om die probleem aan te spreek, is om uit te vind hoe die persoon se maandelikse pensioen saamgestel gaan word. 'n Algemene formule volgens Ou Mutual (1990:3) is :

Jare diens \times 2% van die gemiddelde salaris oor die laaste drie jaar.

Die invloed van 'n kort dienstermyn kan duidelik uit die volgende blyk:

Drie persone tree af : Mnr. A het 50 jaar diens, Mnr B. 25 jaar en Mnr. C 10 jaar. Al drie se salarisse vir die laaste drie jaar was as volg :

1996	R 90 000
1997	R 100 000
1998	R 110 000

Die gemiddelde salaris vir die afgelope 3 jaar is dus R 100 000. Volgens die formule sal elke persoon dus die volgende ontvang :

Mnr A 50 \times 2% van R 100 000	= R 100 000 per jaar
Mnr B 25 \times 2% van R 100 000	= R 50 000 per jaar
Mnr C 10 \times 2% van R 100 000	= R 20 000 per jaar

Mnr. C sal dus R 90 000 per jaar minder verdien as voor aftrede. Selfs mnr A met 50 jaar diens sal R 10000 minder verdien.

Pensioenfondse betaal hoogstens een derde van die pensioenopbrengs in kontant as enkelbedrag uit. Die res word gebruik om 'n maandelikse pensioen aan te koop. Dit kan beteken dat die maandelikse pensioen met een derde verminder word. Teen hierdie tyd is die verskil tussen vóór en ná aftredeinkomste al aansienlik laer. 'n Verdere negatiewe uitwerking op die pensioenbedrag is die feit dat baie persone voor aftrede nie-pensioendraende toelaes ontvang. Dit beteken dat daar nie pensioengeld elke maand op die toelaes afgetrek word nie. Indien Mnr. A dus by aftrede 'n gemiddelde salaris van R 100 000 oor die afgelope drie jaar gehad het waarvan R 25 000 'n vervoertoelaag was, wat nie pensioen draend was nie, bring dit sy jaarlikse pensioen met 'n verdere R 25 000 af.

'n Voordeel is dat pensioenfondse verpligte bydraes is. Die probleem is dat, wanneer geld vir aftrededoeleindes bedoel gespandeer is, dit nie maklik vervang kan word nie. As gevolg van die verpligte aard is pensioenfondse volgens Bartholomew (1995:33) steeds die beste opsie. Dit blyk egter uit die bogenoemde berekeninge dat dit nie 'n genoegsame opsie is nie.

7.3.2 Voorsorgfondse

Anders as by pensioenfondse word die totale voordeel by aftrede aan die lid uitgekeer. Die nuutste tendens is die beweging na voorsieningsfondse (Bartholomew, 1995:32). Die logika daaragter blyk die feit te wees dat baie afgetredenes op afgeleë landelike plekke woon waar dit nie altyd maklik is om die maandelikse pensioen te bekom nie (Bartholomew, 1995:32). Alhoewel dié redenasie meriete het, blyk dit nie geldig te wees nie aangesien dié persone ook ver van banke en ander finansiële dienste is om hul voorsorgfondsuitbetaling te bestuur. Die meer aanvaarbare redenasie is dat die persoon dan 'n groot som geld tot sy beskikking het om sy aftrede mee te bestuur. Dit kan meer voordelig wees as om in 'n maandelikse pensioen ingedwing te word (Bartholomew, 1995:32).

Negatiewe elemente verbonde aan die oorskakeling vanaf 'n pensioen na 'n voorsorgfonds is dat die makelaar dalk nie objektief is nie, weens die kommissie-inkomste ontvang uit oorskakeling. Verder mag die werkgewer dit ook aanmoedig omdat hy in die geval van die voorsorgfonds 'n kleiner aanspreeklikheid het. By implikasie dra die lid dat 'n groter risiko.

Verdere sake om in ag te neem is dat indien die persoon uit die pensioenfonds bedank, sodat fondse na die voorsorgfonds oorgeplaas word, belasting volgens die formule van die Ontvanger

van Inkomste vir uitrede uit fondse betaalbaar is(Verwys ook 7.4). Volgens Batholomew (1995:32) is dit nie ernstig indien die persoon minder as vyf jaar diens het nie, maar persone met dienstermyne in die omgewing van 15 jaar kan 'n groot deel van hul fondswaarde aan belasting afstaan. Daar is ook die moontlikheid dat die werkgewer se bydraes to die fonds verbeur of gedeeltelik verbeur mag word. Verder kan dit gebeur dat persone met baie jare diens, wat egter op 'n lae salarisskaal is nie genoegsame fondswaarde opgebou het om self 'n pensioen te koop nie. (Bartholomew, 1995:32)

7.3.3 Gekoopte pensioen.

Aangekoopte pensioen kan gebruik word om tekorte in inkomste aan te vul . Dit behoort aan die volgende vereiste te voldoen(Falkena en Luus) :

- moet tot dood uitbetaal
- moet ook voordele aan eggenote bied
- aan inflasiegekoppel wees

In meeste gevalle sal die aangekoopte pensioen die vorm van 'n uitredingsaanuïteit aanneem. Dié tipe polis is nie afkoopbaar nie en word behou tot die ouderdom van minstens 55.

7.3.4 Uitgestelde vergoeding

Hierdie tipe vergoeding het daarmee te make dat werkgewers hul werknemers wil beloon vir lang diens. Daar ontstaan 'n fisiese ooreenkoms tussen die werkgewer en werknemer ten opsigte van die bedrag en gebeurtenis waarby so 'n bedrag betrokke gaan wees. Die betaling word gewoonlik by wyse van 'n versekeringspolis voorsien. Enige bedrag so ontvang, word ingesluit in die bruto inkomste van die werknemer. Sekere enkelbedragvrystellings kan egter bewerkstelling word, afhangend wat die aftredestruktuur.

7.4 Belastingoorwegings

Met die verandering in belastingwetgewing beteken dit dat dit nie regtig meer saak maak in watter maand van die jaar 'n persoon aftree nie. Die hoogste gemiddelde belastingkoerse oor die afgelope twee jaar word gebruik. Dit kan wel handig wees vir 'n persoon om dit te weet sodat die belasbare inkomste vir die jaar voor aftrede ook tot die minimum beperk word.

'n Bedrag van R 120 000 is belastingvry by aftrede, tensy die persoon meer as 26 jaar diens het. Dit sal dus raadsaam wees om die maksimum belastingvrye bedrag te neem en die restant as pensioen te neem. Dit is voordelig aangesien die marginale belastingkoers ná aftrede gewoonlik laer as vóór aftrede is.

'n Persoon moet oorweeg wanneer sy marginale belastingkoers die hoogste gaan wees. Indien dit voor aftrede hoër is is dit raadsaam om bydraes te maak wat aftrekbaar is vir belasting en ná aftrede belas te word teen die laer koers. Indien die persoon egter ná aftrede, bv. weens opbrengs op beleggings, 'n hoër marginale koers gaan hê, mag dit nodig wees om beleggings soos effektetrusts en uitkeerpolis te verkies sodat die opbrengs ná aftrede belastingvry verkry kan word (Carroll, 1996:24).

Dit mag vir 'n persoon wat vir homself werk voordelig wees om die besigheid in die vorm van 'n beslote korporasie of maatskappy te bedryf. Hy kan dan 'n eenmansvoorsorgfonds stig waartoe die maatskappy dan 'n bydrae van 20% van sy jaarlikse vergoeding kan maak. Die bydrae is aftrekbaar vir belasting en kan feitlik belasting vry belê word.

Die Ontvanger van inkomste laat sekere aftrekkings toe ten opsigte van enkelbedrae wat by aftrede ontstaan.

- Die belasbare gedeelte van die enkelbedragvoordeel sal belasbaar wees teen die gemiddelde belastingkoers bereken vir die jaar van toevalling of die voorafgaande jaar, welke die hoogste is. Waar die belastingpligtige 'n aangeslane verlies het tydens die jaar van toevalling, word alle inkomste belas teen die gemiddelde belastingkoers wat van toepassing was op die vorige jaar se aanslag, onderhewig aan 'n minimum belastingkoers van 17%.
- Ná ontvangs van die enkelbedrag soos hierbo beskryf, word alle annuïteite belas as inkomste.
- Werknemers (met betrekking tot pensioen- en voorsorgfondse), sluit in vennote van professionele of ander firmas wat by die fonds aangesluit het terwyl hulle werknemers was.
- Die voorstelle van die Katz Kommissie met betrekking tot bogenoemde fondse is steeds onder oorweging en sal nie van toepassing wees voor die 1999 belasting jaar nie.
- Daar word voorgestel dat enkelbedragbetalings vanuit publieke-sektor fondse (onderhewig aan die beskerming van sekere gevestigde regte) op dieselfde basis belasbaar sal wees as die privaatsektorfondse met ingang 1 Maart 1998.

- Waar enige bedrag oorgeplaas word op of na 12 Maart 1997 vanaf 'n publieke-sektor pensioenfonds na 'n publieke sektor of privatektor voorsorgfonds vir die voordeel van enige persoon, sal twee derdes van die bedrag belasbaar wees op die dag van oorplasing.
- Hoogstens 1/3 van die totale waarde van annuïteite kan as 'n enkelbedrag hanteer word.

Die verskille tussen die belastingbepalings van die onderskeie fondse is uiteengesit in Bylae B.

Belastingvrye gedeelte van enkelbedrag

Die belastingvrye gedeelte van 'n enkelbedrag word bereken ooreenkomstig twee formules in die Tweede Bylae, bekend as formule

"A" en formule "B", wat as volg omskryf word:

FORMULE A: $Y = 15/1 * N/50 * 1/3 * \text{gemiddelde salaris}$

waar: Y = Die bedrag wat bereken word en dan "C" in formule "B" sal wees.

N = 1) die aantal voltooide jare (beperk tot 50)

2) in die dienstermyn van die belastingpligtige of

3) in die tydperk van lidmaatskap tot die fonds.

Gem. salaris = die hoogste gemiddelde salaris wat werlik tydens enige vyf agtereenvolgende jare verdien is in die diens van die werkgewer by wie hy tydens sy lidmaatskap werksaam was. (maksimum R 60 000).

FORMULE B: $Z = C + E - D$

waar: Z = Die belastingvrye gedeelte van die enkelbedrag.

C = Die bedrag bereken in formule "A".

D = Aftrekkings wat in vorige jare toegestaan is t.o.v. enkelbedrae wat ontvang is as gevolg van aftrede, maar nie as gevolg van bedanking nie. (Waar die enkelbedrag van 'n getroude vrou voorheen by haar man se inkomste ingesluit is, sal die enkelbedrag by "D" ingesluit word by die berekening van die belastingvrye gedeelte van die enkelbedrag in haar man se hande).

E = Bedrae nie voorheen as aftrekking toegelaat nie.

Belasting op enkelbedrag

Veranderinge in die Inkomstebelastingwet in 1995 het tot gevolg gehad dat 'n nuwe formule ontstaan het waarvolgens die belasbare gedeeltes van enkelbedrae belas word.

Die formule is:

$$Y = (A / (B + D - (C + L))) \times (B - L) + (L \times R)$$

waar: Y = Belasting

A = Belasting op $B + D - (C + L)$ voor enige kortings of die oorgangsheffing

B = Belasbare inkomste vir die jaar

C = Enkelbedrag inkomste ingesluit in belasbare inkomste ontvang voor 1 September 1995

D = Die bedrag ten opsigte van 'n bydrae to 'n uittredings annuïteit wat voortgespruit het uit die ontvangste van die enkelbedrag.

L = Enkelbedrag inkomste ontvang op of na 1 September 1995

R = Die grootste bedrag wanneer die formule $R = A / B + D - (C + L)$ op die huidige en vorige jaar se belasbare inkomste toegepas word.

Waar die belastingtydperk vir die huidige jaar korter as 12 maande is as gevolg van insolvensie en dood word die formule slegs toegepas op die huidige jaar van aanslag.

Waar die bedrag by L ingesluit groter is as die belasbare inkomste vir die jaar, word die belasting bedrag bereken as die grootste van:

- 17 %
- R soos bereken vir die voorafgaande jaar

7.5 Behoeftebepaling

Volgens Alec Hogg(1998:1) is hy baie gelukkiger om self sy beplanning te doen as om iets so belangriks soos sy aftredebeplanning aan iemand anders oor te laat. Dit mag in sekere opsigte reg wees, en daarom word sekere riglyne in die studie verskaf. Dit kan egter nie skade doen om eie berekening met dié van 'n adviseur te vergelyk nie. Die adviseur moet ook met oorleg gekies word, veral as die bedrae substansieel is. Die persoon kan let op die adviseur se kwalifikasies, verwysings asook registrasie by rade soos ILPA.

Die belangrikste vraag vir individue in Suid-Afrika is of hul genoeg geld sal hê om in redelike gemak af te tree. Die probleem is dat 'n verkeerde besluit vandag astronomiese gevolge kan hê vir die toekoms (Corlett, 1998:100-101).

Die datum van aftrede kan 'n groot rol speel in die gehalte van die lewenstyl na aftrede (Carlett, 1998:101).

TABEL 7.1 BEHOEFTE OP VERSKILLENDE AFTREE OUDERDOMME

Ouderdom	Aantal keer waaroor die persoon oor sy jaarlikse salaris moet beskik om op die ouderdom af te tree.
30	26
35	25
40	23
45	22
50	21
55	18
60	17
65	15
70	13
75	10

Falkena (1995:8)

Ou Mutual(1998:C3) en Hooper (1995:23) stel die volgende stappe in die proses voor:

7.5.1 Bepaal aftree inkomste benodig

Deur 'n eenvoudige inkomste en uitgawestaat op te stel asof die persoon vandag afgetree het kan die bedrag bepaal word. Die persoon moet egter in ag neem dat sekere uitgawes moontlik ná aftrede sal wegval, byvoorbeeld verbandpaaielemente en pensioenfondshebydraes. Verder mag ander uitgawes moontlik meer word, soos mediese onkoste en koste vir ontspanning, vermaak en vakansies.

7.5.2 Bepaal inkomste beskikbaar by aftrede

Vervolgens moet daar bepaal word welke bedrag die persoon by sy aftrede beskikbaar gaan hê. Dit kan gedoen word deur die pensioen te bereken gebaseer op die huidige salaris van die persoon met die aantal jare diens by beplande aftrede. Indien 'n redelike raming van werklike inkomste by aftrede beskikbaar is kan dit verdiskonteer word met tydwaarde van geld formules na 'n huidige waarde.

Die reëls van individuele pensioenfondse moet hier in ag geneem word. Die persoon moet ook alle ander inkomste hier in ag neem , byvoorbeeld huur ontvang uit verhuur van eiendom en stokperdjie-inkomste.

7.5.3 Bepaling van tekort

Die verskil tussen die inkomste benodig by aftrede en die inkomste beskikbaar na aftrede moet bepaal word. Die tekort moet dan omgeskakel word na 'n huidige waarde kapitaaltekort. Dit word gedoen deur die tekort oor die aantal jare van aftrede tot die verwagte lewensduur te verdiskonteer teen 'n koers wat inflasie en opbrengs op beleggings in ag neem. Die bedrag so bereken toon aan die persoon hoeveel kapitaal hy nodig het by aftrede om in die behoeftes na aftrede te voorsien.

7.5.4 Kapitaal beskikbaar by aftrede.

- Die bedrag hierbo bereken kan verminder word met die huidige waarde van na-belaste kapitaal bedrae wat by aftrede ontvang gaan word.

Die berekening moet volgens De Jong (1997:36) ook die volgende in ag neem:

- Bestaande lewensversekering
- Mediese dekking en uitgawes na aftrede
- Pensioen, voorsorg en annuïteit inkomste en toevalling
- Versekeringspolis
- Aandelebeleggings
- Effektetrustbeleggings
- Eiendom

- Ander vaste bates
- Vaste rente draende beleggings.

7.5.5 Tekorte en maandelikse bydrae

Nadat die bogenoemde stappe gevolg is kan die persoon se tekort of oorskot bereken word, gebaseer op huidige waardes. Volgens Ou Mutual (1998:C3) moet die bedrag dan gedeel word deur die aantal maande tot aftrede om te bepaal welke bedrag die persoon maandeliks moet spaar. 'n Meer akkurate benadering sou egter wees om die tekort met inflasie aan te pas tot aftree-ouderdom en dan te verdiskonteer teen die gemiddelde opbrengskoers op beleggings om die waarde van die maandelikse belegging te bepaal. Aangesien inflasiekoerse en opbrengskoerse op beleggings gereeld wissel, is dit noodsaaklik om hierdie berekenings gereeld te hersien.

Alec Hogg (1998:1) se rowwe beraming bestaan basies daaruit dat 'n persoon R120 000 moet hê vir elke R 1000 inkomste gedurende aftrede verwag asook R 60 000 per R 1000 as noodfonds.

Voorbeeld :

Mnr Nel wil R 5000 per maand verdien. Hy benodig dus:

5 x R 120 000	=	R 600 000
5 x R 60 000	=	<u>R 300 000</u>
Totaal benodig		R 900 000
Bates tans beskikbaar		<u>R 200 000</u>
Benodig nog		<u>R 700 000</u>

Indien die persoon 215 maande oor het tot sy aftrede moet hy dus R 3 255 per maand spaar, gevolge -van rente en inflasie buite rekening gelaat.

7.6 Bestuur ná aftrede

Falkena en Luus (1995:5) stel voor dat persone hul beleggings portefeulje ná aftrede in twee verdeel. Die eerste is risikovrye beleggings wat genoegsame inflasiegekoppelde inkomste sal verskaf om aan 'n aanvaarbare lewensstandaard te voldoen. Dit kan ook bates soos eiendom insluit wat kapitaal groei oor die jare in ag neem.

Die volgende groep beleggings sal bestaan uit meer riskante beleggings wat gebruik kan word om addisionele reserwes op te bou en ook kan dien as erfposisie. Volgens Falkena en Luus (1995:5) is daar egter min Suid-Afrikaners wat genoeg fondse het om ook in dié groep te belê. Die twee persone stel verder voor dat nie meer as 5 % van die totale portefeulje in hoogs riskante beleggings behoort te wees nie.

Volgens Falkena en Luus (1995:8) spandeer ryk mense tot 20% meer ná aftrede as vóór aftrede, terwyl armer mense tot 20% minder spandeer. Uitgawes ten opsigte van behuising, studies, voedsel, klerasie, meubels en aftredebeplanning verminder wel maar daar is ook addisionele uitgawes soos verhoogde mediese koste. Die toekoms is egter altyd onvoorspelbaar en daarom is besparing steeds nodig. Dit kan ook dien om as beskerming teen dalings in reële inkomste of die negatiewe uitwerking van inflasie op uitgawes. Falkena en Luus stel 'n 10% spaarkoers ná aftrede voor wat afneem tot ongeveer 5 % op 82 jarige ouderdom.

Alec Hogg (1998:2) voer verder aan dat persone vóór aftrede hulself reeds moet bekwaam vir die lewe ná aftrede. Hulle kan steeds waarde tot die gemeenskap voeg en selfs 'n aanvullende inkomste verdien. Volgens Swart(1996:36) Is daar 'n aantal sake om in ag te neem by werk na aftrede:

- Die persoon moet sy spanningsvlakke laag hou.
- Die persoon se potensiaal, behoeftes, begeertes en gesondheid moet verder in ag geneem word.
- Indien die persoon moet werk sal sy keuses minder wees.

7.7 Boedelbeplanning

Anders as wat ons normaalweg dink, sluit boedelbeplanning nie net die beheer en verdeling van die boedel by die dood van 'n persoon in nie, maar is dit die hele proses van beheer oor 'n persoon se netto bates gedurende sy lewe. Die hoofdoel van boedelbeplanning is om 'n beperking in boedelgroei te bewerkstellig. Dit kan volgens Ou Mutual (1998:E2) bereik word deur :

- Verkoop van groeibates
- Skenkings
- Oordrag van groeibates na trusts, maatskappye en ander regspersone

7.7.1 Die noodsaaklikheid van boedelbeplanning

Die noodsaaklikheid van boedelbeplanning word soms uit die oog verloor. Die volgende aspekte behoort spesiale aandag te geniet:

- Die opstel van 'n testament. Indien daar geen testament is nie, sal die boedel verdeel word in ooreenstemming met die Wet op Intestate erfreg 81 van 1987 soos gewysig deur die Wet tot wysiging 43 van 1992. Die reëls is basies dat die gade en kinders alles erf. Indien daar nie kinders is nie, erf die ouer alles. Indien die ouers nie meer leef nie, erf die grootouer en syverwante soos broers en susters (Abrie et al 1989:18). Die proses van boedelafhandeling word ook vertrap deur die afwesigheid van 'n testament.
- Die aanwysing van 'n eksekuteur. Dit is noodsaaklik om die gladde en vinnige verloop van die boedelberedding te verseker. Die eksekuteur kan verder omsien na die versorging van die afhanklikes in die tydperk tot die afhandeling van die boedel, asook enige besigheidsbelange.
- Voogde en beheer oor minderjarige kinders. Dit is noodsaaklik om die erfposisie van minderjarige kinders en geestelik gestermdes duidelik te beplan, aangesien gelde direk aan hulle bemaak, sonder enige bepalings, deur die Meester van die hooggeregshof in die Voogdyfonds inbetaal word en deur hom geadministreer word.
- Voorsiening vir die versorging van afhanklikes. Dit kan gedoen word deur genoegsame versekering uit te neem.
- Vermindering van die boedel om belasting te bespaar.

7.7.2 Boedelbeplanningstegnieke

Abrie et al. (1989:148) maak melding van die volgende tegnieke:

7.7.2.1 Testamentêre tegnieke

Testamentêre tegnieke is goedkoop en maklik om toe te pas. Dit is ideaal vir boedels waarvan die waarde nie duurder tegnieke regverdig nie. 'n Element wat soms uit die oog verloor mag word tydens boedelbeplanning is die opstel van 'n testament. Daar is basies 6 metodes van nalating (Anon, 1992:64-76):

- Direkte nalating

Die erforsie word direk aan die erfgenaam nagelaat sonder enige beperking of voorwaardes. Die testateur kan bepalings inbou om die erforsie gelyk te verdeel, byvoorbeeld deur aan die een kind die plaas na te laat en te bepaal dat die erfgenaam van die plaas 'n bedrag gelykstaande aan die helfte van die markwaarde aan die ander moet oorbetal.

'n Persoon kan egter nie 'n bepaling inbou wat die erfgenaam verbied om die erforsie te verkoop of op ander wyse te vervreem sonder dat aanduiding gegee is omtrent wat met die erforsie gebeur indien die voorwaardes nie nagekom word nie.

- Fidei commissum

Eiendom word aan 'n persoon nagelaat word, maar die testateur bepaal dat met die plaasvind van 'n sekere gebeurtenis die eiendom na 'n ander persoon moet gaan. 'n Testateur kan egter die bepalings vir slegs 3 geslagte of veranderinge doen. Die nadeel vir die erfgenaam is dat hy of sy nooit die eiendom ten volle kan benut nie of as sekuriteit mag aanwend nie. Dit kan in geheel nadelig vir die boedel wees.

Dié metode van nalating is veral nuttig by die bewaring van die erfenis vir die nageslagte.

- Fidei commissum residu

Dié tipe nalating verleen aan die erfgenaam volle beheer oor die eiendom. Daar behoort egter met die restant van die eiendom gehandel te word volgens die bepalings van die testateur.

- Vruggebruik

Vruggebruik handel oor die opbrengs op of gebruik van 'n bate. Die testateur kan byvoorbeeld bepaal dat 'n woonstelblok aan die kinders nagelaat word terwyl die eggenote vruggebruik het. Dit sal beteken dat alle huurinkomste die eggenote sal toeval.

- **Annuïteit**

‘n Annuïteit is die reg op ‘n vaste herhaaldelike jaarlikse of maandelikse bedrag. Die testateur kan besluit om eiendom aan persoon A na te laat op voorwaarde dat die persoon ‘n maandelikse annuïteit van R 2000 aan persoon B betaal vir die res van persoon B se lewe.

- **Samevoeging**

Dié vorm van erflating kom baie in Suid-Afrika voor. Dit behels basies dat ‘n man en vrou ‘n gesamentlike testament opstel en aan die langsliewende gade lewensreg, om te beskik oor die boedel tot eie dood, gee.

Die wyse waarop die testateur sy besittings nalaat kan ‘n invloed op die bedrag aan boedelbelasting betaalbaar hê (Kernick, 1997:635). Dit blyk uit die volgende voorbeeld :

Voorbeeld:

Mnr. Nel beskik oor ‘n boedel van R 2 000 000 vandag. Inflasie is 10%. Indien Mev Nel bates van R 300 000 het en 5 jaar na Mnr. Nel sterf sal die boedels tot R 3221 020 en R 483153 gegroei het.

Die volgende kostestrukture soos uiteengesit deur Ou Mutual (1998:E6) is van toepassing:

Opstel van trustakte	R 1 500 - R2 500
Gelde aan trustees vir aanvaarding van kapitaal	1.5% van kapitaal plus BTW
Kommissie op insameling van inkomste	2.5 - 7.5 % van bruto inkomste
Bestuursheffing	1 % per jaar
Finale kapitaalverdeling	2 % van kapitaal
Ander diverse koste	R 370 tot R390 per jaar
Ander kostes:	
Meestersfooi	R 600
Eksekuteursfooi	Maksimum 3.5 % van boedelwaarde 6 % van inkomste van boedel
Boedelbelasting	25 %
Vrystelling van boedel belasting	Aan langsliewende gade bemaak -100 % Ander - R 1 000 000

Mnr Nel kan onder andere die volgende opsies oorweeg:

- 1) Bemaak volle boedel aan eggenote
- 2) Bemaak die volle boedel aan kinders
- 3) Bemaak boedel aan trust
- 4) Bemaak R 1 000 000 aan trust en res aan eggenoot

Koste verbonde:

Opsie	1	2	3	4
Boedelbelasting:				
• Met man se afsterwe	nul	R 250 000(1)	R 250 000(1)	nul
• Met vrou se afsterwe	R 676 043(2)	R 120 788(3)	R 120 788(3)	R 537 165(4)
Eksekuteursfooï	R 199 646(5)	R 86 910(6)	R 86 910(6)	R 143 278(7)
Beraamde trustkoste	nul	nul	R 228 821(8)	R 116 085(9)
Totale koste	R 875 689	R 457 698	R 686 519	R 796 528

Berekeninge:

- 1) $1\,000\,000 \times 0.25$
- 2) $(483\,153 + 3\,221\,020) \times 0.25$
- 3) $483\,153 \times 0.25$
- 4) $(483\,153 + (3\,331\,020/2)) \times 0.25$
- 5) $(2\,000\,000 + 483\,153 + 3\,221\,020) \times 0.035$
- 6) $(2\,000\,000 + 483\,153) \times 0.035$
- 7) $(2\,000\,000 + 483\,153 + (3\,221\,020/2)) \times 0.035$
- 8) $1\,500 + ((3\,221\,020 - 2\,000\,000) \times 0.025) + (3\,221\,020 \times 0.02) + ((2\,000\,000 + 3\,221\,020)/2 \times 0.01 \times 5) + (370 \times 5)$
- 9) $1\,500 + ((3\,221\,020 - 2\,000\,000)/2 \times 0.025) + (3\,221\,020/2 \times 0.02) + ((2\,000\,000 + 3\,221\,020)/2/2 \times 0.01 \times 5) + (370 \times 5)$

Die bogenoemde berekening poog nie om een of ander opsie aan te beveel nie, maar toon wel dat deeglike besinning by die opstel van 'n testament 'n invloed kan hê op dit wat die erfgename aan die einde van die dag ontvang.

7.7.2.2 Vroegtydige tegnieke

Trusts

Met die Katzkommissie se gissings aangaande kapitaaloordragbelasting het dit weer duidelik geword dat persone wat bedoelbelastingstrukture ingestel het, daarop ingestel moet wees dat die trustaktes buigsaam genoeg moet wees om toekennings na die trustees se diskresie te maak of selfs die trust te beëindig sou toestande dit noodsaak (Van der Watt, 1997:27). Van Ryswyck(1996:22) en De Lange (1996:72) maak dieselfde melding van die belangrikheid van buigsame trustaktes weens onsekerhede oor toekomstige wetgewing.

Artikel 3(3)(d) van die Boedelbelasting Wet nommer 45 van 1995 bepaal dat wanneer bates wat in 'n trust gehou word en 'n persoon by sy afsterwe vir alle praktiese doeleindes beheer oor die bates van die trust gehad het, dit van die hand kon sit tot voordeel van homself of die boedel, die bates as deel van sy boedel beskou word. Van Rysstek(1996:22) verduidelik dat waar die persoon die enigste trustee is en terselfdertyd een van die begunstigdes, is hy vir alle praktiese doeleindes in beheer van die trust se bates. Om die werking van die artikel te voorkom behoort finansiële beplanners sorg daarop lê dat die skenker nie die enigste trustee is nie en dat die trust in werklikheid bestaan met gereelde vergadering, besluite en finansiële state (Van Ryswyck, 1996:22). Dit beteken dat geen trustee dus die beheer of vetoreg oor die raad van trustees behoort te hê nie.

Skenking aan 'n trust is egter in die volgende gevalle belasbaar in die skenker se hande (Ou Mutual, 1998:E9):

- Inkomste uit die trust ten gunste van minderjarige kinders
- Inkomste nie aan meerderjarige kinders of ander persone uitbetaal ingevolge die oprigter se voorwaardes nie
- Waar die oprigter hom die reg behou om begunstigdes se regte te verander

Skenkings en oordragte

Tans word boedels, behalwe waar die langsliewende gade die enigste erfgenaam is, teen 25 % belas op die waarde bokant R 1 000 000. Die langsliewende gade se boedel sal dan by afsterwe belas word.

De Lange (1996:72) beveel aan dat persone reeds van 'n vroeë ouderdom af hul boedels so klein moontlik moet hou. Dit kan onder andere bereik word deur die belastingtoegewing, dat elke gade jaarliks R 25 000 kan skenk sonder om geskenkebelasting van 25% te betaal., te benut.

'n Verdere moontlikheid is om die groeibates oor te dra aan 'n trust, maatskappy of beslote korporasie. Daar is egter kostes verbonde aan sodanige skenkings en verkopings (Ou Mutual, 1998:E5):

- Skenking van roerende goed : Geskenkebelasting teen 25 %
- Skenking van onroerende goed Geskenkebelasting teen 25 % plus hereregte
 - Indiwidu 1 % van eerste R 60 000 en 5 % daarna tot R 250 000 en vir bedrae groter as R 250 000 , 8%.
 - Regspersone en trusts : 10 %
- Skenking van aandele Geskenkebelasting teen 25 % asook effektebelasting teen 0.25 % van markwaarde.
- Verkoop van roerende goed Geen koste
- Verkoop van onroerende goed Hereregte
- Verkoop van aandele 0.25 % effektebelasting

Versekering

Persone in privaatspraktyke het dikwels met moeilike omstandighede te make waar een van die vennote of lede sterf. Die ander wil gewoonlik die belang uitkoop maar daar kan baie gekibbel ontstaan, of dit kan selfs gebeur dat die partye nie oor voldoende fondse beskik nie. Volgens Pieter Stephan(1997:24) kan 'n behoorlike koop- en verkoopsooreenkoms, wat deur lewens dekking ondersteun word, die probleem oplos.. Dit beteken dat die partye vooraf ooreen kan kom op die verkoopsvoorwaardes en dat lewensversekering die fondse sal verskaf. In 'n korrek

saamgestelde plan sal elke vennoot of lid 'n polis op elk van die ander se lewens besit in verhouding tot hul belang in die onderneming.(Stephen, 1997:24).

Boedelbeplanning sluit nie net die voorsiening vir belasting, meestersgelde en eksekuteursfooie in nie, maar ook groei, oordrag en beskerming teen belasting. Die kontant vir hierdie koste kan ook voorsien word deur versekering daarvoor uit te neem en sodoende die boedel as te ware onaangeraak laat.

7.7.2.3 Benut die boedel self

Soms kan dit gebeur dat persone deur oordadige boedelbeplanning verhinder word om hul eie geld uit te gee (Van Wyk, 1995:24). Dit kan nie net alleen onregverdig wees teenoor die erflater nie, maar dit kan ook 'n negatiewe uitwerking op erfgename hê. Volgens Van Wyk (1995:24) het 'n Amerikaanse studie in 1992 getoon dat 4.5% van erfgename wat minder as \$ 25 000 geerf het opgehou met werk, terwyl byna 20% van alle persone wat meer as \$ 150 000 geerf het die arbeidsmark verlaat. Van Wyk (1995:24) stel voor dat mense dit miskien oorweeg om hul geld in hul eie lewenstyd op te gebruik. Die probleem soos deur hom opgehaal is egter dat mense nie weet hoe lank hulle gaan leef nie. Dit beteken egter nie dat die opsie in geheel uitgeskakel behoort te word nie. Dit strook ook met wat in hoofstuk 2 gesê is dat mense nie moet opgaan nie, maar slegs moet spaar vir spesifieke behoeftes of aangeleenthede. Hy maak verder ook melding dat dit soms beter kan wees om indien dit finansiële moontlik is, erfgeld reeds voor afsterwe uit te deel, aangesien erfgename op 'n hoë ouderdom die erfporsie minder effektief sal kan aanwend as op 'n jonger leeftyd (Van Wyk,1995:24).

7.8 Gevolgtrekking

Alhoewel individuele korttermyn- en mediumtermyn doelwitte tussen individue en huishoudings verskil, bestaan daar tussen meeste skrywers, navorsers en persoonlike finansiële adviseurs eenstemmigheid oor die langtermyn doelwitte van persoonlike finansiële beplanning. Hulle is dit eens dat dit handel oor die maksimering van langtermyn welvaart van die persoon en sy gesin met hoofdoel finansiële onafhanklikheid ná aftrede (Swart, 1996:156).

Verskeie persone mag moontlik dink dat die R 1 miljoen kerf ver buite hul bereik is. Die feit is egter dat R 370 000 teen 'n 10% inflasie koers oor 10 jaar, R 1 miljoen bereik. R 137 000 bereik

R 1 miljoen oor 20 jaar. 'n Boedel wat tans 'n waarde van R 1 miljoen het sal oor tien jaar met 'n maandeliks saamgestelde inflasie van 10 % R 2.7 miljoen, beloop. Met die R 1 miljoen vrystelling sal boedelbelasting teen 25 % van R 425 000 op die oorblywende R 1.7 miljoen betaalbaar wees. In baie gevalle mag die boedel nie oor die nodige kontant beskik nie en sal bates verkoop moet word. Persone met 'n boedel wat tans R 250 000 werd is en verwag om vir minstens nog 20 jaar te leef word deur die tydskrif *Finance week* (Anon, 1997:37) aangeraai om nou reeds ernstige boedelbeplanning te begin toepas.

Laastens moet elke persoon wat aan aftrede- en boedelbeplanning aandag gee, in gedagte hou dat beplanning nie net vir hom is nie, maar vir die hele gesin en veral die agtergeblewe eggenoot.

HOOFSTUK 8

DIVERSE AANGELEENTHEDE

8.1 Inleiding

Daar is verskeie aspekte wat onlosmaaklik deel is van persoonlike finansiële bestuur en tog gereeld buite rekening gelaat word. In die bladsye wat volg sal sake soos bankfasiliteite, die hof vir klein eise, huweliksvoorwaardekontrakte, versekering en die betrokkenheid van die gesin bespreek word. Die volgende paragrawe werp lig op hierdie onderwerpe en behoort van nut te wees wanneer die aspekte aandag verlang.

8.2 Bankfasiliteite en koste

Banke bied tans verskeie fasiliteite en met toenemende internasionale kompetisie word die produkte al beter en 'n groter verskeidenheid ontstaan. Persone kan deur 'n goeie krediet rekord op te bou op beter fasiliteite en rentekoerse aandring (Hogg , 1998:1). Hy stel ook voor dat persone hul bankfasiliteite en kostestrukture met vriende vergelyk en dan met die bestuurder 'n afspraak maak om te verseker dat die beste opsies beding is. As 'n afspraak met die bestuurder bykans onmoontlik is moet ander banke dalk genader word. Volgens Hogg(1998:1) sal die persoon bykans altyd 'n beter aanbieding kry.

Wat bankfasiliteite betref, is daar egter 'n aantal algemene sake om in ag te neem :

8.2.1 Sekuriteit

Diefstal en bedrog neem daagliks toe. Deur sekere maatreëls te volg kan persone egter die moontlikheid daarvan beperk. Lucas de Lange (1996:57) stel onder andere die volgende maatreëls voor vir tjekrekening en kredietkaarte:

8.2.1.1 Tjekrekening :

- Die tjekboek moet op 'n veilige plek gebêre word. Indien dit maklik bereikbaar is kan tjekblaaie verwyder word en die persoon kan dit dalk net te laat agterkom.
- Die bank moet dadelik in kennis gestel word indien die tjekboek verlore raak.
- Aangesien kontanttjeks so goed soos kontant is, moet dit sover moontlik vermy word.
- Tjekboeke moet persoonlik by die bank afgehaal word.
- Alle tjeks behoort gekruis en “Nie Verhandelbaar” gemerk te word. Dit beskerm die persoon self, sowel as die begunstigde, indien dit in die verkeerde persoon se hande beland.
- Bankstate moet gereeld nagegaan word vir enige vreemde of onverklaarde transaksies en debiete.

8.2.1.2 Kredietkaarte

- Persone moet uiters versigtig wees aan wie hul kredietkaartnommer beskikbaar stel. Veral indien dit aan oorsese persone beskikbaar gestel word kan dit baie moeilik word om die saak reg te stel.
- Kredietkaarte moet liefers nie in obskure besighede gebruik word nie. Dit kan gebeur dat 'n persoon kan probeer om die transaksie dubbeld te boek te stel. Dit gebeur veral in besige maande soos Desember waartydens persone baie inkopies doen. Bankstate moet dus hier ook deeglik nagegaan word.
- Gesteelde kaarte moet onmiddellik aangemeld word. Versekering mag nodig wees om 'n persoon teen diefstal en verliese te verseker.

8.2.1.3 Outomatiese tellermasjiene

- Persone moet altyd so staan dat ander nie kan sien wat hulle insleutel nie.
- Masjiene op verlate plekke behoort liefers vermy te word.
- Daar moet versigtig te werk gegaan word met mense wat hul hulp aanbied, hulp vra, of op enige ander wyse die persoon se aandag probeer trek.
- Gesteelde kaarte moet onmiddellik aangemeld word, aangesien die bank nie vir verlies, voor aanmelding, verantwoordelik is nie.

8.2.2 Nuwe produkte

Die Rand Aksep Bank het begin om 'n leemte in die finansieringsmark te vul. Dit is gedoen deur bloot die persoon se kredietwaardigheid en maksimum bedrag waarvoor gekwalifiseer is, te bereken. Die persoon kan dus geld leen sonder om te spesifiseer waarvoor dit aangewend gaan word. Die rentekoers word bepaal volgens die bank se risikoblootstelling (Van der Kooy, 1997:56).

Pick 'n Pay is ook besig om sterk na vore te tree in die finansiële sektor. Pick 'n Pay bedryf basies 'n spaarrekening met 'n debietkaart fasiliteit. Die diens word gadministreer deur Boland PKS. Die spaarrekening bied heelwat voordele, soos onder andere hoër as normale rente koerse, laer minimum deposito's, bankfasiliteite by elke Pick 'n Pay kasregister en geen maandelikse diensgeld nie (Lloyd, 1998:44).

8.2.3 Ander

Dit kan maklik gebeur dat banke lewensversekering op verbandaansoekers wil afdwing. Die aansoeker het egter die reg om self sy versekering te kies, wat vir hom goedkoper kan uitwerk. Die persoon moet bewus wees daarvan dat die bank nie om dié rede die verband mag weier nie en indien dit sou gebeur, hy by die Raad op Finansiële Dienste beswaar kan maak (Mittner, 1997:32).

8.3 Hof vir klein eise

Die hof vir klein eise is in 1985 ingestel (Anon. 1987:10). Die doel van die hof is om klein eise vinnig, doeltreffend, gerieflik en goedkoop te hanteer.

8.3.1 Voordele

Die eerste voordeel is dat die prosedure van die hof vir klein eise betreklik eenvoudig is en geen regsverteenvoerding word toegelaat nie. Tweedens is die koste aan die eise verbonde, laag (De Lange. 1996:49). Die kommissaris speel 'n aktiewe rol om so die partye by te staan in die verigtinge (De Lange, 1996:49). Dié voordele is ook in die tydskrifte *Educamus* (Anon, 1988:30) en *Entrepreneur* (Anon, 1987:10) aangehaal.

8.3.2 Watter tipe sake kan hanteer word ?

Enige siviele sake waarvan die waarde nie R 3000 oorskry nie kan deur die hof hanteer word (De Lange, 1996:49). Die waarde van eise kan egter verminder word sodat die eisbedrag binne die grense van die hof val (Anon, 1988:30).

8.3.3 Wie kan eise instel en teen wie kan eise ingestel word ?

Enige persoon, behalwe 'n persoon in sy hoedanigheid as verteenwoordiger van 'n maatskappy kan 'n eis instel. Kinders jonger as 18 jaar moet egter deur die ouer of voog bygestaan word (Anon. 1988:30).

'n Eis kan teen enige maatskappy, beslote korporasie of individu ingestel word. Geen eis teen die regering kan egter in die hof vir klein eise ingestel word nie.

8.3.4 Prosedure

Dit is belangrik dat die persoon wat die eis wil instel eers kontak moet maak met die verweerder. Indien die persoon of organisasie nie reageer nie moet 'n skriftelike waarskuwing gestuur word, waarin daar verklaar word dat indien geen reaksie binne veertien dae ontvang word nie, die klaer hom tot die hof van klein eise gaan wend (Anon. 1988:30). Die brief moet persoonlik of per geregistreerde pos afgelewer word. Die klaer moet 'n afskrif behou (Anon, 1988:30).

Indien geen reaksie ontvang is, nie nader die persoon die klerk van die hof vir klein eise en moet die volgende dokumentasie saamgeneem word (Anon 1988:30):

- afskrif van die waarskuwingsbrief
- bewys dat die brief aan die persoon gelever was
- alle ander relevante dokumente ten opsigte van die saak
- die volle name, telefoonnommer en adres van die persoon teen wie die saak gemaak word

Die klerk van die hof berei die dagvaardiging voor en stel die datum en tyd van die verhoor bekend. Die klaer kan die dagvaardiging persoonlik aflewer of teen 'n geringe koste kan 'n boodskapper van die hof dit doen (Anon, 1988:31).

Die volgende voorbereidings moet vir die dag van die hofsitting getref word (Anon, 1988:31):

- 'n Afskrif van die bewys dat die dagvaardiging gelewer is, moet bekom word.
- Alle relevante dokumentasie moet gereed gehou word.
- Indien enige getuies betrokke is moet hulle omtrent die datum en tyd van die hofsitting ingelig word.

8.3.5 Die hofsaak

Die persone moet ten minste 'n halfuur voor die hofsitting 'n aanvang neem by die klerk van die hof rapporteer. Die partye mag nie tydens die sitting die ander partye of getuies onder kruisverhoor neem nie. Die kommissaris sal ook aktief deelneem deur middel van vraagstelling (Anon, 1988:31). In meeste gevalle sal die uitslag onmiddellik gegee word. Indien die klaer die saak wen, sal opdrag aangaande die betaling gegee word. Indien die klaer die saak verloor sal hy die koste dra (Anon, 1986:87). Indien die aangeklaagde nie opdaag nie sal die vonnis teen hom voltrek word (De Lange, 1996:49).

8.4 Huweliksvoorwaardekontrakte

Vir die doel van hierdie studie word gefokus op huwelike wat ingevolge die Huweliksgoedere Wet, Wet 88 van 1984 voltrek is (Henckert, 1994:516). Daar is basies drie huweliksgoederebedelings naamlik: binne gemeenskap van goedere, buite gemeenskap van goedere met afsonderlike boedel en buite gemeenskap van goedere met die aanwasbedeling.

Ongeag die bepalings ten opsigte van binne gemeenskap van goedere huwelike geld die volgende voorwaardes ten opsigte van belasting:

- Die man en vrou word afsonderlik belas, elkeen op sy eie inkomste.
- Skenking tussen gades is nie onderworpe aan geskenkebelasting nie.
- Daar is egter enkele teenvermydingsbepalings, ten opsigte van belasting, wat sekere inkomste aan die ander gade kan toewys (Divaris en Stein, 1998:16):
 - Indien inkomste verdien word uit 'n bate aan 'n ander gade geskenk met die uitsluitlike doel om belasting te bespaar.
 - Indien 'n gade oormatige inkomste uit 'n besigheid, bedryf deur die ander gade, ontvang. Die gade ontvang dus nie redelike vergoeding vir werk wat gelewer word nie.

Die huweliksvoorwaardes waaronder die persone getroud is, kan ná huweliksluiting verander word. Die hof moet egter oortuig word dat daar grondige redes voor is. Verder moet die aansoek deur beide gades gesamentlik ingedien word en moet kennis aan alle skuldeisers gegee word. Die begrip “grondige redes” is egter nog nie omskryf nie (Van Schalkwyk, 1991:352).

8.4.1 Binne gemeenskap van goedere

In die afwesigheid van ‘n huweliksvoorwaardekontrak word die paartjie geag binne gemeenskap van goedere getroud te wees (Henckert, 1992:184).

Volgens die bogenoemde wet is die man en vrou wat binne gemeenskap van goedere getroud is op gelyke vlak. Behalwe vir enkele uitsonderings kan die persone in so ‘n huwelik enige regsgeldige transaksie ten opsigte van die gesamentlike boedel, bates en laste van die persone, aangaan sonder die ander se toestemming (Henckert, 1994:516). Die gades kan egter, onder andere, nie enige vaste eiendom of meubels verkoop of sedgeer of versekeringspolis uitneem sonder die ander persoon se skriftelike toestemming nie, tensy dit in die gewone loop van besigheid deur die gade gedoen, geskied (Anon, 1994:516).

Die gades het gelyke aanspraak op die boedel, behalwe vir erforsies en ander ontvangste uitdruklik uitgesluit, deur die testateur van ‘n ander boedel (Anon, 1992:184). Waar partye egter skuld het by die beëindiging van die huwelik, kan die hof egter anders beslis (Anon, 1992:184). Dit kan met die volgende voorbeeld geïllusstreer word:

Op 1 Januarie 1998 is meneer en mevrou Nel se netto bates na inagneming van skuld, R 400 000 werd. Mnr Nel het in 1995 ‘n erforsie van sy vader ontvang wat uitgesluit is van die boedel. Met inagneming van inflasie is die waarde van die erforsie vandag R 100 000.

	Totale boedel	Mnr Nel	Mev Nel
Saldo 1/1/98	R 400 000		
Minus erforsie	<u>R 100 000</u>	R 100 000	
Netto waarde	R 300 000		
Verdeling 50/50		<u>R 150 000</u>	<u>R 150 000</u>
Waarde van afsonderlike boedels		<u>R 250 000</u>	<u>R 150 000</u>

Die belastinggevolge van hierdie huweliksvoorwaardevorm is minimaal. Die grootste invloed is dat rente inkomste asook inkomste uit die verhuur van vaste eiendom, op gelyke voet tussen die gades verdeel word vir belastingdoeleindes, ongeag deur wie die inkomste verdien is. Inkomste op geërfde bates word egter hiervan uitgesluit (Divaris en Stein, 1998:15).

8.4.2 Buite gemeenskap van goedere (aanwas bedeling)

Vanaf 1984 is alle huwelike wat buite gemeenskap van goedere gesluit is aan die aanwasbedeling onderworpe, tensy dit uitdruklik in die voorhuwelikse kontrak uitgesluit is (Henkert, 1994:520). In hierdie geval behou elke gade sy of haar boedel aan die begin, maar die aanwas of groei word in gelyke dele verdeel. 'n Aanpassing vir inflasie word egter gemaak vir opening boedelwaardes (Anon, 1992:185). Items uitdruklik in die huweliksvoorwaarde kontrak uitgesluit, erforsies en ander uitdruklik uitgesluite inkomste val slegs die betrokke gade toe.

Dit kan as volg geïllustreer word:

Op 1 Januarie 1998 is meneer en mevrou Nel se netto bates, na inagneming van skuld, R 400 000 werd. Mnr Nel het in 1995 'n erforsie van sy vader ontvang wat uitgesluit is van die boedel. Met inagneming van inflasie in die waarde van die erforsie vandag R 100 000. Die waardes van die persone se onderskeie boedels by huweliksluiting, na aanpassing vir inflasie was : Mnr Nel R 100 000, Mev Nel R 50 000.

	Totale boedel	Mnr Nel	Mev Nel
Saldo 1/1/98	R 400 000		
Minus erforsie	R 100 000	R 100 000	
Minus begin boedel	<u>R 150 000</u>	R 100 000	R 50 000
Netto waarde	R 150 000		
Verdeling 50/50		<u>R 75 000</u>	<u>R 75 000</u>
Waarde van afsonderlike boedels		<u>R 275 000</u>	<u>R 125 000</u>

Volgens die tydskrif *Taxpayer* (1992:184) is 'n moontlike nadeel van buite gemeenskap van goederehuwelike dat gades hul boedels na goeddunke kan bemaak en die ander gade moontlike gebrek kan lei. Die wet maak egter voorsiening dat so 'n gade onderhoud van die ander gade se boedel kan eis (Anon, 1992:184).

8.4.3 Buite gemeenskap van goedere (afsonderlike boedels)

In hierdie geval word die bates van die onderskeie boedels gespesifiseer tydens huweliksluiting. Die twee boedels word deurentyd apart gehou en elke bate is dus die party s'n wat dit aangekoop of verdien het.

8.5 Verbruikersake

Met die ontbinding van die verbruikersraad mag dit vir die Suid-Afrikaanse verbruiker voel asof hul in die hande van die besighede oorgelaat is. Goeie nuus is egter dat die Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie op die been gebring is. Die unie het verbruikersopleiding, -inligting en -beskerming ten doel. Die Unie het ook 'n brosjure "The self-help approach to consumer problems" uitgegee om aan verbruikers adresse te gee waar, asook hoe klagte gelê kan word. Kopieë van die vierde uitgawe, 1998 kan bestel word vanaf SANCU, Posbus 27852, Sunnyside Pretoria 0132.

8.6 Versekering

Soos voorheen gestel is, risiko die kans dat 'n verlies, van watter aard ookal, mag voorkom. Daar is volgens Mathur(1989:342) onder andere vier maniere om risiko aan te spreek, naamlik : vermyding van risiko, beheer van risiko, beperking van risiko en die oordrag van risiko.

Versekering het hoofsaaklik te make met risiko-oordrag. As daar nie 'n risiko bestaan het dat dinge met die mens kon gebeur wat hy nie verwag het nie, sou versekering nie noodsaaklik gewees het nie. Die mens leef egter in onseker omstandighede en omdat hy voorbereid wil wees op hierdie onseker omstandighede het versekering ontstaan. Dit werk op die beginsel dat alle slegte dinge nie met almal gebeur nie, maar dat dit terselfdertyd met enigeen kan gebeur. Baie mense dra dus by tot 'n fonds sodat as iets slegs met een gebeur hy uit die fonds uit bygestaan kan word.

Om 'n persoon se versekeringsbehoefte te kan bepaal moet die persoon sy risiko's identifiseer. Op grond van verskeie risiko's kan versekering hoofsaaklik in die volgende hoofkategorieë

verdeel word :

- Korttermyn versekering
- Lewensversekering
- Uitkeerversekering
- Ongeskiktheidsversekering
- Mediese versekering

Die probleem met verskeie versekeringsagente is dat hulle nie onafhanklik staan nie weens die kommissie wat hulle maandelik kan verdien.

8.6.1 Korttermyn versekering

Dit raak die neiging dat persone self hul dekking kan bepaal wat korttermynversekering betref. Dié buigsame benadering bring mee dat die persoon se versekering goedkoper is en selfversekering onderneem kan word. 'n Groep persone wat in dieselfde risikokategorie is, kan dan gesamentlik bydra tot 'n fonds waaruit verliese van enige van die lede vergoed kan word (Anon, 1996:48).

'n Ander nuuttjie is dat bybetalings verhoog word en sodoende kan die premies verlaag word. Die vermindering kan dan in 'n effektrust belê word om op te loop sodat die verhoogde bybetaling gemaak sal kan word. Indien die persoon dus nie eis nie, kan 'n redelike bedrag geld so opgebou word. Die nadeel is egter dat die persoon 'n groot deel van die risiko in die begin dra (Van der Kooy, 1997:88).

'n Algemene reël by korttermynversekering is dat die versekerde in dieselfde posisie as voor die skade geplaas moet word en nie 'n beter posisie nie. Versekerders pas gewoonlik die versekerde waarde vir inflasie aan, maar volgens Mittner(1997,104) is min mense bewus van die ruim afslag wat hulle op hul korttermyn versekeringspremies kan kry. Dit het hoofsaaklik met voertuigpremies te make. Die voertuig se waarde verminder jaarliks en tog word die versekeringswaarde konstant gelaat of self soms verhoog. Die versekering sal egter die boekie of geagte markwaarde uitbetaal. Daar is dus geen sin om die voertuig vir meer te verseker nie. Deur die versekerde waarde van die voertuig gereeld, byvoorbeeld jaarliks of self sesmaandeliks, aan te pas, kan heelwat ten opsigte van versekeringspremies gespaar word.

'n Ander saak wat by korttermyn versekering aandag moet geskiet is, onderverskering. In hierdie geval sal versekeraars die aweryklousule toepas. Dit kan as volg geïllustreer word.:

Gestel mnr Malan verseker sy meubels vir R 50 000. Die vervangingswaarde van die meubels is egter R 75000. Sou daar by Mnr. Malan ingebreek word en R 15 000 se meubels gesteel word, word die eis proporsioneel verminder aangesien Mnr. Malan se huis inhoud onderverseker was.

Voorbeeld:

$$\frac{R\ 50\ 000}{R\ 75\ 000} \times R\ 15\ 000 = R\ 10\ 000$$

R 75 000

Hy sal dus sleg R 10 000 ontvang vir die items van R 15 000 wat gesteel is.

Mittner (1997:104) sê dat persone ook die volgende ten opsigte van korttermynversekering in ag moet neem :

- Persone onder 25 sal meer aan motorversekering betaal
- Eise moet beperk word, aangesien dit tot groter geneisbonusse sal lei.

De Lange (1998:33) stel voor dat persone ook onder andere let op die volgende betreffende korttermynversekering :

- Maak seker dat daar geweet word :
 - Wat gedek word
 - Wat die dekkings voorwaardes is
 - Is die dekking voldoende ?
 - Wat is spesifiek uitgesluit ?
- Persone moet ook nagaan dat hulle wel Sasria dekking vir kwaadwillige saakbeskadiging, soos in onruste, het.

'n Laaste gedagte ten opsigte van korttermynversekering en versekering in die algemeen is dat dit beter is om met die versekeraar te kontak wanneer dit finansiële druk gaan. Die polisvoorwaardes kan moeilik verander of herstruktureer word om meer bekostigbaar te wees, maar ernstige probleme kan ontstaan indien die premies gestaak word en die gesin ernstig daaronder kan lei.

Dit kan gebeur dat persone baie probleme kan voorkom deur korrek op te tree wanneer hul in 'n motorongeluk betrokke is. Mathur (1989:392) stel onder andere die volgende voor:

- Die ongeluk moet nie met die ander partye bespreek word nie.
- Die persoon moet nie skuld erken nie.
- Verkry volledige besonderhede van die ander partye en getuies:
 - Volle name en van
 - Woon en posadres
 - Huis en werk telefoonnommers
 - Identiteitsnommer
- Verkry volledige besonderhede van die voertuie:
 - Maak, model en kleur
 - Registrasienuommer
- Rapporteer die ongeluk aan die polisie- of verkeerskonstabel voordat voertuie verwyder word. Neem die volle besonderhede van die beampte.
- Verkry die saaknommer en, indien moontlik 'n afskrif van die polisieverlag.
- Rapporteer die ongeluk so gou moontlik aan die versekeraar.

Van der Kooy (1997:62) sê in sy artikel dat as persone daarvan oortuig is dat hulle onbillik deur hul versekering behandel word, hulle met die onbudsman vir korttermynversekering moet skakel.

Dit is van uiterste belang dat elke persoon ook versekering sal uitneem teen persoonlike regs aanspreeklikheid. Die persoon, of sy kinders, kan 'n ongeluk veroorsaak waarin iemand kreupel word. Dit kan, volgens Erasmus (1997:13-19), tot 'n realistiese eis van R3 miljoen lei. Indien so 'n eis teen 'n persoon se boedel ingestel is kan hy of sy moontlik die res van sy lewe aan die koste betaal. Die persoon staan verder die risiko om sy of haar bates verloor. Die risiko betreffende die verlies van bates kan ook verminder word deur groot bates, soos, 'n woonhuis, in 'n trust te plaas.

8.6.2 Lewensversekering

Die belangrikste reël by lewensversekering is dat dekking genoeg moet wees om te vervang wat die persoon verdien het wat nou nie meer daar is nie. (Harris, 1998:41). Die dekking behoort voorsiening te maak vir salarisverhoging asook die effek van inflasie.

Die versekering kan volgens Winger en Frasca(1993:302-303) in twee dele verdeel word. Die eerste word die “skoonmaak” koste genoem. Die kostes sluit in :

- Begrafniskoste - dié koste kan duisende rande beloop
- Boedelbelasting - soos voorheen genoem is daar soms nie genoegsame kontant om die boedelbelasting te betaal nie en moet bates soms verkoop word. Dit is dus raadsaam om vroegtydig hiervoor voorsiening te maak.
- Meesters- en eksekuteursgelde - dit is die kostes wat betaalbaar is aan die Meester en die eksekuteur wat die boedel beredder.
- Oormatige mediese koste - dié koste tydens dood is gewoonlik heelwat meer en mediese fondse kan uitgeput raak.
- Uitstaande lenings - dit is raadsaam om die afhanklikes met geen skuld agter te laat nie.

Vervolgings moet daar aandag geskenk word aan die versorging van die agtergeblewenes wat afhanklik was van die oorledene. Dit kan bepaal word deur die lewenskoste van die persoon of persone oor die tydperk wat die persone nog afhanklik sou wees, byvoorbeeld minderjarige kinders, of oor hul oorblywende verwagte lewensduur (eggenoot) te verdiskonteer met behulp van die tydwaarde-van-geldformules. Die koers wat gebruik word is die verskil tussen die verwagte gemiddelde opbrengskoers en inflasiekoers.

Die twee kostes word bymekaar getel om die totale lewensdekking, wat benodig word, te bepaal. Daar moet egter in ag geneem word dat dit vir jonger persone moeilik en soms onmoontlik kan wees om volledig in hul gesinne en eggenote se behoeftes te voorsien.

Daar moet egter, soos met alle versekering, verskillende produkte ondersoek en die kostes met mekaar vergelyk word.



8.6.3 Uitkeerversekering

‘n Artikel in *Finansies en Tegniek*(Anon, 1996:54) meld dat, weens die beperkinge aan versekeringsprodukte gekoppel, dit vir jong mense veel beter is om effektrustbeleggings te maak. Bydraes kan in die geval van versekeringsprodukte byvoorbeeld nie verhoog of verminder word na gelang van hul persoonlike omstandighede nie. Daar word verder gemeld dat ‘n verdere nadeel die kommissie- en administrasiekoste is. Die voorbeeld word gestel dat dit maklik kan

gebeur dat die persoon na twee jaar nog niks gespaar het nie weens die feit dat al die koste eers gedelg word. Die koper van 'n uitkeerpolis is dus vanuit die staanspoor agter die belegger wat 'n ander produk gekies het (Anon, 1996:54). Ander voordele soos lewensdekking kan egter weer ingesluit wees.

Dit is dan juis om dié rede dat ILPA, die organisasie waarin die grootste deel van die land se voorste versekeraars saamgetrek is, oor die kwessie van volle openbaarmaking beraadslaag. Dit kan probleme, soos dat die persoon nie weet waarvoor hy alles betaal nie, grootliks uitkakel (De Lange, 1997:53).

Oor die algemeen mag mense redeneer dat dit juis die beperkinge van uitkeerversekering is wat dit so 'n gedissiplineerde vorm van spaar maak. Dit is egter uiters noodsaaklik dat die persoon vooraf weet waarvoor hy hom inlaat, veral wat die kostes betref en of dit dadelik betaalbaar is of oor die termyn van die polis versprei word (Anon, 1996:54).

De Lange (1997:53) stel voor dat beleggings en versekering geskei moet word. Die rede is dat baie polisse as beleggings verkoop word, sonder dat die koper bewus is van die koste daaraan verbonde (De Lange, 1996:64).

'n Nuwigheid by uitkeerpolis is polisveulings. Dit beteken basies dat waar 'n persoon se polis uitkering nader hy die polis aan iemand anders verkoop vir die uitkeerbedrag of meer. Die ander persoon kan dan besluit om die polis nie te laat uitkeer nie maar verder te laat oloop. Dit hou verskeie voordele vir beide koper en verkoper in (De Lange, 1996:52):

Voordele vir koper

- Daar hoef nie die vyfjaartydperk gewag te word voordat die belastingvrye geld uit die polis onttrek kan word nie.
- Die koper kan 'n verslag van die beleggingsprestasie van die portefeulje waarin die geld belê is, verkry.
- 'n Verdere voordeel is dat die aanvanklike hoë koste van die eerste jaar of twee ook dan reeds verby is.

Voordeel vir verkoper

- Die verkoper kan 'n deel van die premie wat die koper moet betaal, tot 15%, ontvang.

Dit gebeur dikwels dat persone versekeringspolisse as sekuriteit vir oortrokke bankrekening en lenings moet bied. Persone behoort te oorweeg om eerder die polisse te gelde te maak en oortrokke rekening af te los aangesien die polisse laer obrengste verdien as wat betaalbaar is op die oortrokke rekening (Keenan, 1998:48). Alhoewel dit gevaarlik is om hierdie aannames te maak kan die persoon self oorweeg wat die beste opbrengs vir hom sal bied. Die persoon sal ook in ag moet neem watter versekeringsdekking verloor gaan word.

8.6.4 Ongeskiktheidsversekering

Nog 'n risiko wat elke persoon behoort aan te spreek is wanneer die persoon medies ongeskik sou raak vir werk. Die persoon moet dan, soos met lewensversekering, genoegsaam voorsiening maak om die inkomste wat voorheen verdien is, te vervang. Dit moet ook voldoende gestruktureer wees om vir inflasie aan te pas. Ongeskiktheidsdekking kan meestal aan lewens- of uitkeer versekering gekoppel word, teen geringe ekstra koste.

Hospitaalplanne, wat ook gereeld deur versekeraars aangebied word is, so 'n vorm van versekering, alhoewel in meeste gevalle slegs vir 'n beperkte tyd. Indien die persoon vir byvoorbeeld langer as een week siek of in die hospitaal is, betaal die versekering 'n bepaalde bedrag per dag aan die persoon uit. Dit kan veral behulpzaam wees vir persone wat privaatpraktyke het en nie siekteverlof tot hul beskikking het nie.

Dit is aan te bevele om inkomstebeskerming uit te neem. Die voordeel is dat dit aftrekbaar is vir belasting.

8.6.5 Mediese versekering

8.6.5.1 Die noodsaaklikheid van mediese versekering

Daar is min mense wat sal verskil oor die feit dat mediese koste baie hoog is. Volgens Keenan(1997:42) styg gesondheidsorgkoste teen dubbeld die inflasiekoers. Die vigs probleem is ook besig om sy tol te begin eis. 'n Verdere nadelige invloed is dat die verouderde bevolking verdere druk op mediese koste plaas.

Dit alles het druk op mediese fondse geplaas om ook hul tariewe aansienlik te verhoog. Die gevolg volgens Keenan (1997:42) is dat al meer jong mense die mediese fondse verlaat omdat hulle nie bereid is om te dra aan die las van die ouer garde en ander hoë risiko probleemgevalle nie. Dit laat die koste vir die agtergeblewenis net meer styg.

Daar is produkte op die mark waarvan die dag tot dag mediese koste in die hande van die individu val en versekeraars dan slegs dekking bied teen die koste van groot operasies en ander krisisse. Die besparings kan tussen 25% en 50% wees (Keenan, 1997:42). Dieselfde geld egter as vir beleggings : indien die besparing groter is , sal die risiko verbonde uiteraard groter wees.

Met die in agneming van die feit dat 'n hartaanval die ongedekte slagoffer tot R 200 000 kan kos (Keenan, 1997:42), is dit duidelik dat slegs die welgestelstes dit sou kon bekostig om sonder enige mediese fondse of versekering te wees.

8.6.5.2 Mediese spaarplanne

Mediese spaarplanne is deur mediese fondse ingestel ten einde kapitaal vir toekomstige mediese koste te genereer (Anon, 1997:41). Dit beteken basies dat die maandelikse premie verhoog word en die addisionele bedrag dan in 'n spesiale rekening tot voordeel van die lid geplaas word. Die spaargeld kan dan vir bybetalings, wanneer die mediese fonds uitgeput is, of groot mediese koste aangewend word.

8.6.5.3 Nuwe gesondheidswetgewing

Die nuwe voorgestelde gesondheidswetgewing deur Dr. Nkosazana Zuma het onder andere die volgende uitwerking op gesondheidsorg (De Bruin, 1997:37-41):

- 'n Verpligte nasionale gesondheidsversekering word ingestel vir alle persone wat meer as R12000 per jaar verdien. Die geld sal gebruik word om die koste van noodsaaklike dienste in die staatsinstellings te dek.
- Mediese fondse soos dit tans geken word sal dus slegs vir luukse sorg gebruik word.
- Daar is verder sprake dat geld wat mediese fondse in spaarrekeninge belê, belas gaan word.
- Gemeenskappe word verder aangemoedig om meer verantwoordelikheid op hulself te neem wat gesondheidsorg betref.

“Wat betref die uitvoerbaarheid (van die wetgewing op huidige mediese fondse) op die langtermyn is daar die volgende kwessies wat probleme gaan skep as dit nou geïmplementeer word: die eenvormige koers gewaarborgde lidmaatskap-aanvaarding en vrywillige lidmaatskap.”(Johan Human, D&E Health Benefits soos aangehaal in *Finansies en Tegniek*,1997:41). Dit sal beteken dat geen ag op die risikoprofiel van die lid geslaan word nie. Laerisiko lede sal dieselfde premie as hoër risiko lede betaal. Dit sal laerisiko lede aanmoedig om nie aan te sluit nie of die fondse te verlaat. Al die aspekte sal die risikobestuur en finansiële bestuur van die fondse baie bemoeilik.

8.6.6 Professionele voorsieningsvereniging (PPS)

Dit is ‘n vereniging wat professionele persone byeenbring. Die hoofdoel van die vereniging is om siekte, ongeschiktheid, lewens en aftrede dekking of versekering te voorsien.

PPS is ‘n unieke en outonome organisasie wat :

- geheel en al aan sy lede behoort
- uitsluitlik vir gegradueerde professionele persone is
- goeie siekte- en ongeschiktheidsvoordele verskaf
- ‘n belastingvrye enkelbedrag by aftrede betaal
- groeplewensversekering teen lae tariewe kan verskaf
- ‘n uitree-anuïteitskema het wat spesiale dividende aan lede betaal
- mediese fonds voordele bied

Die vereniging gee erkenning aan die volgende professionele beroepe (Anon, 1995:59) : Tandartse medici, advokate, prokureurs, patente-agente, aptekers, argitekte, psigoterapeute, regters, bestek opnemers, professionele ingenieurs, aktuarisse, geoktrooieerde rekenmeesters, landmeters, optometriste, psigoloë, veeartschirurge en lede van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Bou en Beroepsterapeute.

Vanwee die lae eise, uit ‘n laer risiko groep, en lae administratiewe koste kan goeie voordele teen lae premies gebied word. Lede koop dan ook aandele in die vereniging waarop hulle rente en dividende verdien. Verder hou-PPS voordele tred met inflasie en is die maksimum vlak dan ook gekoppel aan lede se inkomste vlak. Kortom bied PPS die beste voordele vir professionele

persone en behoort dit altyd in ag geneem te word. 'n Laaste voordeel is dat makelaars wat vir PPS optree ook streng keuring ondergaan en gereeld geëvalueer word.

8.7 Gevolgtrekking

Verskeie probleme kan uitgeskakel word deur gereeld die bogenoemde areas te ondersoek en waar nodig aan te spreek. Indien 'n persoon dit doen kan probleme as gevolg van noodbesluite en ondeurdagte besluite voorkom word.

Die belangrikheid en noodsaaklikheid betreffende die lees van artikels en berigte rakende finansiële aspekte blyk duidelik te wees. Die finansiële wêreld is een wat voortdurend verander en elke persoon behoort dit sy taak te maak om soveel inligting moontlik in te samel om beter besluite te kan neem.

HOOFSTUK 9

'n PERSOONLIKE FINANSIËLE MODEL

9.1 Inleiding

Die model wat in hierdie hoofstuk behandel word het ten doel om persone by te staan in die bestuur van hul persoonlike finansies. Daar is gepoog om tegnieke vanuit die teorie te inkorporeer in 'n model wat ook vir die individu van hulp kan wees. Die model is so saamgestel dat dit die persoon stelselmatig deur die persoonlike finansiële bestuursproses lei. Die model is voorberei op Microsoft Excel sodat formules en berekeninge gebruik kan word om die sleurtake en berekeninge vinnig en effektief te kan doen.

9.2 Gebruik van die model

Alle inligting wat deur die persoon verskaf moet word word in grys blokke uitgelig. Dit is so gedoen aangesien die model baie inligting self bereken en dit dus nie nodig sou wees om dit te verskaf nie. Die inligting wat die persoon self moet verskaf is dus duidelik identifiseerbaar.

9.2.1 Persoonlike inligting

Aan die begin van die model word daar van die persoon verwag om sekere persoonlike en ekonomiese omgewingsinligting te verskaf wat elders in die model gebruik word. Meeste van die inligting word nodig om berekeninge elders in die model te maak.

Voorbeeld:

VAN EN VOORLETTERS:	Nei JJ
VOLLE NAME:	Josua Johannes
GEBOORTEDATUM :	3/10/68
GESLAG	1 (1 = manlik, 2 = vroulik)
VERWAGTE AFTREE OUDERDOM	55
ID NOMMER :	731003-5005-087
BELASTING NOMMER :	1003058P

GETROUD :	<input type="checkbox"/>	1 Binne gemeenskap
(1=Ja)	<input type="checkbox"/>	0 Buite gemeenskap
INFLASIEKOERS :	<input type="text" value="7.50%"/>	
GEMIDDELDE RENTEKOERS :		
BELEGGINGS	<input type="text" value="15.00%"/>	
SKULD	<input type="text" value="26.00%"/>	
FINANSIËLE JAAR: EERSTE DAG	<input type="text" value="1/9/98"/>	
AFHANKLIKES	GEBORTE DATUM	
Mev. HJ Nel	<input type="text" value="15/4/68"/>	
Janu Nel	<input type="text" value="1/2/95"/>	
Sunica Nel	<input type="text" value="4/7/98"/>	
4		
5		

9.2.2 Huidige stand

Om persoonlike finansiële bestuur toe te pas het die persoon nodig om sy huidige finansiële stand te bepaal. Die persoon word stelselmatig deur die proses geneem en die volgende inligting vervolgens ingevoer :

9.2.2.1 Skuldeisers

'n Lys van Skuldeisers (lenings en krediteure) word opgestel. Die persoon moet die detailinligting verskaf, waarna die model 'n beraming maak van die kapitale bedrag wat steeds uitstaande is. Die uitstaande bedrag word proporsioneel per dag bereken en dus elke dag aangepas. Die moontlikheid bestaan dus dat dit nie noodwendig 100% met die finansiële instelling ooreen sal stem nie, maar dit behoort 'n redelike akkurate syfer te wees. Oor die tydperk behoort die bedrae aan die einde wel ooreen te stem. Die verskil tussen die huidige bedrag uitstaande en die huidige kapitaal uitstaande word gereken as uitgestelde finansieringskoste. Dit is, met ander woorde, die rente wat die finansiële instelling reeds by die koopsom gevoeg het, maar wat hulle nog nie toegeval het nie.

Voorbeeld:

AAN WIE VERSKULDIG	AANVANGS-DATUM	TERMYN (Maande)	RENTE-KOERS (per maand)	PAAIEMENT (R)	BEDRAG GELEEN (R)	UITSTAANDE BEDRAG (R) - BANKSTAAT	UIDIGE SKULD KAPITAAL (R)
Verbande							
INTERNASIONALE BANK	1/3/96	240	2.00%	3 227.85	160 000.00	158 800.00	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					160 000.00	158 800.00	
Afbetalings verkoopsooreenoms							
FINBANK	1/1/96	54	2.17%	774.68	24 500.00	17 042.96	12 764.17
FINBANK	1/1/98	54	2.17%	774.68	24 500.00	35 635.28	21 995.79
					0.00	0.00	0.00
					49 000.00	52 678.24	34 759.97
Bruikhuur							
Geen					0.00	0.00	0.00
					0.00	0.00	0.00
					0.00	0.00	0.00
					0.00	0.00	0.00
Lenings							
INTERNASIONALE BANK	1/7/98	12	2.50%	487.00	5 000.00	3 726.98	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					5 000.00	3 726.98	
Ander							
Geen					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
Korttermynlenings							
Geen					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
Voorskotte							
Geen					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
Krediteure							
PIETERSE MOTORHAWE	1/10/98	1	0.00%	540.00	540.00	324.00	
					0.00	0.00	
					0.00	0.00	
					540.00	324.00	
TOTAAL					214 540.00	215 529.22	
UITGESTELDE FINANSIERINGSKOSTE							17 918.27

9.2.2.2 Bates

Die verskillende bates waaroor die persoon beskik word verskaf. Inligting wat onder andere benodig word is die datum aangekoop, kosprys en in sommige gevalle ook die verwagte lewensduur. Ten opsigte van meubels en toerusting bepaal die sigblad self die huidige waarde en

ouderdom. Verder word die bedrag wat maandeliks gespaar moet word om die bates aan die einde van die beraamde lewensduur te vervang bereken, tesame met die bedrag wat tot op datum reeds gespaar behoort te gewees het.

Voorbeeld:

ITEM	DATUM	KOSPRYS (AANKOOP PRYS)	HUIDIGE WAARDE	HUIDIGE OUDER- DOM	BERAAMDE LEWENS- DUUR	VERVANG WAARDE VANDAG	VERVANG WAARDE TOEKOMS	BYDRAE PER MAAND	BERAAM FONDS WAARDE
	GEKOOP	R	R	JAAR	JAAR	R	R	R	R
Woonhuis									
Smit straat 101	1/3/96	170 000.00	200 000.00						
Water en krag deposito	1/3/96	300.00	300.00						
		<u>170 300.00</u>	<u>200 300.00</u>						
Voertuie									
1992 Opel Kadett 2001	1/1/96	32 000.00	21 500.00						
1995 Uno Fire	1/1/96	32 000.00	30 000.00						
		0.00	0.00						
		<u>64 000.00</u>	<u>51 500.00</u>						
Meubels en toerusting									
SITKAMER									
Geen			0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	R 0.00
			0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	R 0.00
			0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	R 0.00
			0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	R 0.00
WOONKAMER									
Sitkamerstel	Dec-97	1 900.00	1 741.67	0.83	10.00	2 022.15	3 915.96	16.07	R 165.32
Koffietafels	Dec-97	200.00	183.33	0.83	10.00	212.86	412.21	1.69	R 17.40
Muureenhoud	Dec-97	600.00	550.00	0.83	10.00	638.57	1 236.62	5.08	R 52.21
Mat	Dec-97	150.00	141.67	0.83	15.00	159.64	443.83	0.78	R 8.00
Verwarmer	Apr-98	270.00	263.25	0.50	20.00	280.28	1 146.92	0.93	R 5.69
Phillips draagbare cd	May-96	480.00	364.00	2.42	10.00	578.65	989.30	4.06	R 128.66
2 x Potplante	Jan-97	60.00	55.80	1.75	25.00	68.39	365.90	0.14	R 3.20
4 Bane Gordyne	Jan-98	200.00	170.00	0.75	5.00	211.54	287.13	3.55	R 32.75
LG 51 cm TV	Aug-98	1 500.00	1 475.00	0.17	10.00	1 518.81	3 091.55	12.69	R 25.46
			0.00	0.00		0.00	0.00	0.00	R 0.00
EETKAMER									
Eetkamer stel	Dec-97	700.00	583.33	0.83	5.00	745.00	1 004.94	12.42	R 127.76
Eetkamer tafel	Dec-97	100.00	88.10	0.83	7.00	106.43	165.90	1.25	R 12.85
Gordyne	Dec-97	100.00	83.33	0.83	5.00	106.43	143.56	1.77	R 18.25
1 x Potplant	Jan-96	30.00	26.70	2.75	25.00	37.08	182.95	0.07	R 2.62
Landskap skildery	Jul-98	300.00	297.50	0.25	30.00	305.66	2 626.49	0.50	R 1.52
Weef muurbehangsel	Jun-98	120.00	118.67	0.33	30.00	123.03	1 050.59	0.20	R 0.81
KOMBUIS									
Yskas	Mar-98	1 900.00	1 863.06	0.58	30.00	1 984.70	16 634.41	3.19	R 22.74
Ketel	Dec-97	80.00	66.67	0.83	5.00	85.14	114.85	1.42	R 14.60
Gordyne	Dec-97	150.00	125.00	0.83	5.00	159.64	215.34	2.66	R 27.38
Elektrise mes	Jun-98	120.00	117.33	0.33	15.00	123.03	355.07	0.62	R 2.51
Eetstel	Oct-97	450.00	405.00	1.00	10.00	484.93	927.46	3.81	R 47.28
Kastrolle	Dec-97	550.00	527.08	0.83	20.00	585.36	2 336.32	1.90	R 19.55
Eetgery	Dec-97	230.00	223.61	0.83	30.00	244.79	2 013.64	0.39	R 3.97
36 stuk kristal glase	Jan-96	432.00	392.40	2.75	30.00	533.93	3 782.14	0.72	R 26.48
1 Keramiek bak	Jul-98	80.00	79.33	0.25	30.00	81.51	700.40	0.13	R 0.41
4 Items Oondware	Jul-98	120.00	119.00	0.25	30.00	122.26	1 050.59	0.20	R 0.61
Broodblik	Mar-98	70.00	68.64	0.58	30.00	73.12	612.85	0.12	R 0.84

9.2.2.3 Beleggings

Vervolgings word die persoon se beleggings te boek gestel. Die persoon moet inligting rakende die beleggings verskaf. Deur die huidige waarde per eenheid in te voer kan die markwaarde bereken word, waarna die opbrengskoers bereken word.

Die beleggingsregister bevat ook 'n deel waarin die kontantbestuur aandag geniet. Die persoon moet 'n aanduiding gee van wanneer die fondse in die toekoms benodig gaan word deur dit proporsioneel in te deel in langtermyn, mediumtermyn en korttermyn. As riglyne vir die model kan die volgende geneem word:

Korttermyn	< 12 maande
Medium termyn	13 maande tot 3 jaar
Langtermyn	3 jaar en langer

Die indeling sal egter wissel na gelang van elke persoon se behoeftes.

Vervolgens word die beleggings volgens hul aard outomaties aan die termyne toegeken. Dit stel die persoon in staat om te bepaal of die kontantvloei oor die onderskeie termyne genoegsaam is.

Voorbeeld:

ITEM	DATUM GEKOOP	KOSPRYS R	AANTAL	WAARDE/ EENHEID (R)	OUERDOM	MARK WAARDE	OPBRENGS %
Aandele							
Yskorp	1/10/96	2 200.00	700.00	1.55	2.00	1 085.00	-25.34%
	0/1/00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00%
	0/1/00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00%
		<u>2 200.00</u>	<u>700.00</u>			<u>1 085.00</u>	
Effekte trusts							
Interbank inkomste	1/8/97	1 500.00	200.00	8.50	1.17	1 700.00	11.43%
	0/1/00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00%
	0/1/00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00%
		<u>1 500.00</u>	<u>200.00</u>			<u>1 700.00</u>	
Vaste deposito's							
Internasionale bank	0/1/00	2 000.00	1.00			2 000.00	
	0/1/00	0.00	0.00			0.00	
	0/1/00	0.00	0.00			0.00	
		<u>2 000.00</u>	<u>1.00</u>			<u>2 000.00</u>	
Ander							
	0/1/00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00%
	0/1/00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00%
	0/1/00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00%
		<u>0.00</u>	<u>0.00</u>			<u>0.00</u>	
TOTAAL		<u><u>5 700.00</u></u>				<u><u>4 785.00</u></u>	

KONTANTBESTUUR

Fondse	R	% Belê		
		Langterm.	Mediumterm.	Kortterm.
Batevervanging	0.00	100%	0%	0%
Vakansie	500.00	0%	50%	50%
Versekeringsbybetalings	0.00	0%	25%	75%
0	0.00	0%	0%	100%
0	0.00	0%	0%	100%
0	0.00	0%	0%	100%
Opgelope surplus /tekort	-210.76	0%	0%	100%
TOTAAL R - VERDELING	289.24	0	150	139.24

Beleggings	R	R Belê		
		Langterm.	Mediumterm.	Kortterm.
Aandele	2 200.00	2 200.00		
Effekte trusts	1 500.00		1 500.00	
Vaste deposito's	2 000.00			2 000.00
Ander	0.00	0.00		
Korttermynverpligtinge	0.00			0.00
Lopende bates	2 113.63			2 113.63
	7 813.63	2 200.00	1 500.00	4 113.63

Oor/(onder belegging) 2601% Nvt 900% 2854%

Mnr Nel het byvoorbeeld die helfte van die vakansiefonds binne die volgende 3 maande nodig en wil die res eers die daarop volgende jaar gebruik. In die voorbeeld kan ons verder sien dat Mnr. Nel tans baie meer geld belê het as wat aan fondse toegedeel is. Vir baie persone wat met die model begin mag dit die geval wees, aangesien dit die eerste keer mag wees dat daar vir spesifieke doeleindes op die manier begin spaar word.

Voordat die kontantbestuurgedeelte egter toegepas word moet die balansstaat eers volledig voltooi word.

9.2.2.4 Skuldenaars

Die persoon teken alle gelde deur ander aan hom verskuldig aan.

Voorbeeld:

DEUR WIE VERSKULDIG	AANVANGS- DATUM	TERMYN (maande)	RENTEKOERS	PAAIEMENT	BEDRAG GELEEN	HUDIGE SKULD
Debiteure						
Mnr. Malan	1/10/98	3	0.00%	1000	3 000.00	3 000.00
					0.00	0.00
					0.00	0.00
					3 000.00	3 000.00
Voorskotte						
					0.00	0.00
					0.00	0.00
					0.00	0.00
					0.00	0.00

9.2.2.5 Balansstaat

Nadat die bogenoemde voltooi is, het die persoon 'n groot gedeelte van sy balansstaat, wat die huidige finansiële stand toon, reeds voltooi. Die bedrae vanuit die register word outomaties oorgedra na die balansstaat onder die hoof "Registers". Die inligting moet nou deur die persoon oorgedra word na die vorige jaarkolom deur die bedrae een vir een in te sleutel aangesien die register se totale telkemaal bygewerk moet word. Daar is egter sekere inligting wat nog nie verskaf is nie en ingevul moet word in die vorige jaarkolom naamlik :

- Besonderhede van bedrae in die onderskeie bankrekeninge
- Besonderhede rakende bedrae wat reeds vir spesifieke doeleindes gespaar is.

Die persoon se kapitaal word outomaties bereken. Waar bankbedrae negatief is, beteken dit dat die bankrekening oortrokke is.

Voorbeeld:

	Registers	1998	1997
BATES	265 989.39	265 989.39	265 989.39
Nie-Lopende bates			
Woonhuis	257 641.00	257 641.00	257 641.00
Voertuie	170 300.00	170 300.00	170 300.00
Meubels en toerusting	64 000.00	64 000.00	64 000.00
Juweliersware	17 521.00	17 521.00	17 521.00
Persoonlike items	5 500.00	5 500.00	5 500.00
Ander	320.00	320.00	320.00
	0.00	0.00	0.00
Beleggings			
Aandele	5 700.00	5 700.00	5 700.00
Effekte Trusts	2 200.00	2 200.00	2 200.00
Vaste deposito's	1 500.00	1 500.00	1 500.00
Ander	2 000.00	2 000.00	2 000.00
	0.00	0.00	0.00

	Registers	1998	1997
Lopende bates	2 648.39	2 648.39	2 648.39
Debiteure	3 000.00	3 000.00	3 000.00
Voorskotte	0.00	0.00	0.00
Spaarrekening	125.23	125.23	125.23
Lopende rekening	-1 002.50	-1 002.50	-1 002.50
Kredietkaart	325.66	325.66	325.66
Kontant	200.00	200.00	200.00
KAPITAAL EN LASTE	265 989.39	265 989.39	265 989.39
Langtermyn verpligtinge	197 286.95	197 286.95	197 286.95
Verbande	158 800.00	158 800.00	158 800.00
Afbetalingsverkoopsooreenkomste	52 678.24	52 678.24	52 678.24
Bruikhuur	0.00	0.00	0.00
Lenings	3 726.98	3 726.98	3 726.98
Ander	0.00	0.00	0.00
Uitgestelde finansieringskoste	-17 918.27	-17 918.27	-17 918.27
Korttermynverpligtinge	324.00	324.00	324.00
Lenings	0.00	0.00	0.00
Voorskotte	0.00	0.00	0.00
Krediteure	324.00	324.00	324.00
Kapitaal	67 878.44	67 878.44	67 878.44
Opgelope saldo	60 354.05	60 354.05	60 354.05
Aanpassings	0.00	0.00	0.00
Opgelope inkomste (surplus)tekort	7 524.39	7 524.39	7 524.39
(Surplus)tekort huidige jaar	0.00	0.00	0.00
Spaar fondse	500.00	500.00	500.00
Batevervanging	0.00	0.00	0.00
Vakansie	500.00	500.00	500.00
Versekeringsbybetalings	0.00	0.00	0.00
	0.00	0.00	0.00
	0.00	0.00	0.00
	0.00	0.00	0.00

Dit is belangrik dat wanneer 'n bedrag in die kasboek aangeteken word teenoor 'n item wat in een van die registers voorkom, die waarde in die register ook aangepas word. Dit word so gedoen om dubbeld te verseker dat bedrae akkuraat verwerk word. Indien die persoon dit nie doen nie, sal hy 'n foutboodskap in die balansstaat kry wat aantoon dat die balansstaat en registers nie balanseer nie.

9.2.3 Begroting

Vervolgens kan die persoon sy begroting vir die komende jaar voltooi. Die inkomstes (ontvangstes) en uitgawes (betalings) is volgens die onderskeie kategorië soos in hoofstuk 3 en 4 geïdentifiseer, ingedeel. Elke maand se beraamde inkomste en uitgawe word in die onderskeie kolomme ingevul. In die begroting word fisiese kontantvloei in ag geneem. Dit beteken dat nie net rente in ag geneem sal word as uitgawe by die betaling van die motorpaaielement nie, maar wel

die hele paaient. Elke maand se surplus of tekort aan kontant word bereken. Die persoon word ook 'n aanduiding gegee wat die rentegevolge is indien dit aanvaar word dat die kontantvloei almal aan die begin van die maand gaan plaasvind. Die persoon word ook ruimte gegun om aan te dui waar oorplasings van of na beleggings nodig is om rente betalings te beperk en renteverdienste te optimaliseer.

Die begroting maak voorsiening vir een jaar se inkomste en uitgawe. Dit gee ook die % van elke inkomste en uitgawe item tot die geheel.

Voorbeeld:

	Sept.	Okt.	Nov.	Des.
Salaris	12540	12540	12540	12540
Bruto salaris	11500	11500	11500	11500
Motor/ Vervoer toelaag	800	800	800	800
Behuisingstoelaag	0	0	0	0
Onthaaltoelaag	240	240	240	240
Ander toelae	0	0	0	0
Beleggingsinkomste	30	0	10	10
Rente Bank	0	0	10	10
Rente Beleggings	30	0	0	0
Ander inkomste	0	0	0	0
Verjaarsdag	0	0	0	0

UITGAWES

	13195	12385	12375	12535
Vas	10725	9955	9955	10065
SALARISVERWANT				
Belasting	2950	2950	2950	2950
Lidmaatskapfoeie	50	50	50	50
Mediesefondbydraes	450	450	450	450
Pensioenfonds bydraes	710	710	710	710
Werkloosheidsversekering	0	0	0	0
ANDER				
Behuising	3280	3280	3280	3280
Huishulp	100	100	100	100
Motor paaiente	1540	770	770	770
Persoonlike lenings	490	490	490	600
Tuindienste	140	140	140	140
VERSEKERING				
Annuïteite	145	145	145	145
Korttermyn versekering	350	350	350	350
Lewensversekering	0	0	0	0
PPS	75	75	75	75
Uitkeerversekering	145	145	145	145
SPAARPLANNE				
Batevervanging	200	200	200	200
Vakansie	50	50	50	50
Versekeringsbybetalings	50	50	50	50
Veranderlik	2400	2360	2350	2350
Bankkoste	50	50	50	50

Brandstof	200	200	200	200
Bydrae tot huishouding	0	0	0	0
Instandhouding	0	0	0	0
Klerasie	200	200	200	200
Mediese uitgawes	50	50	50	50
Munisipale fooie	450	450	450	450
Offergawes	250	250	250	250
Rente betaal	50	10	0	0
Selfoon	0	0	0	0
Skryfbehoeftes	0	0	0	0
Telefoon	100	100	100	100
Toiletware en skoonheids.	100	100	100	100
Voedsel	950	950	950	950
Ander	0	0	0	0
Vermeybaar	70	70	70	120
Diverse uitgawes	20	20	20	20
Donasies	0	0	0	0
Geskenke	0	0	0	0
Ontspanning en vermaak	50	50	50	100
Ander	0	0	0	0
SURPLUS/(TEKORT)	-625	155	175	15
Beleggings (gemaak)/onttrek	0	2 000.00	-1 000.00	0
Lenings (betaal)/opgeneem	0	0	0	0
Kontant einde van maand:	-976.61	1 178.39	353.39	368.39
Rente: (betaalbaar)verdien:	-10.58	7.36	2.21	2.30

Die begroting vir mnr. Nel het aangetoon, nadat hy die eerste maand voltooi het, dat hy 'n tekort van R625 het. Hy moes dus besluit hoe hy die tekort gaan aanspreek. In dié geval kon hy geld vanuit sy beleggings onttrek om oortrokke rekeninge af te los. Dit is egter nodig dat die uitgawes ook beperk word. Die rente uitgawe is reeds besnoei deur die kontantvloei te verbeter. Verder het hy een van die motors verkoop. Die stappe was genoegsaam om die begroting te laat klop. Die stappe wat nodig is sal van persoon tot persoon wissel.

9.2.4 Kasboek

Die kasboek verteenwoordig die werklike ontvangste en betalings vir elke maand. Wanneer die betrokke maand aanbreek, moet die persoon die begroting aktiveer deur 'n "1" in die blokkie daarvoor gelaat, in te voer. Die begroting word outomaties by die kasboek bygewerk vir die betrokke maand.

Die kasboek word gebruik om begrotingsbeheer toe te pas en ook om die beweging op balansstaatitems aan te teken. Die openingsaldo's soos in die balansstaat ingevoer, word

outomaties in die kasboek in berekening gebring. Wanneer uitgawes betaal word, word dit aangeteken teenoor die item in die kasboek deur eenvoudig:

- F2 te druk,
- na die einde van die lys items te gaan,
- "+" te druk, tesame met die bedrag.
- Die ooreenstemmende balansstaatrekening moet op dieselfde wyse aangeteken word onder die hoof "debiet" of "krediet".

'n Goeie reël om te volg is die volgende:

Bates

Word meer Debiet (DT)

Word minder Krediet (KT)

Laste en Fondse

Word meer Krediet (KT)

Word minder Debiet (DT)

Voorbeeld:

	Surplus (Tekort)	Oorplasinge		Sep-98		
		Na	Van		1	
		INKOMSTESTAAT BALANSSTAAT			Begroot	Afwyking
				DT	KT	
				Netto		= 1
INKOMSTESTAAT						
INKOMSTE	-5.00	0.00	0.00	12 570.00	-5.00	12 565.00
Salaris	0.00	0.00	0.00	12 540.00	0.00	12 540.00
Bruto salaris	0.00	0.00	0.00	11 500.00	0.00	11 500.00
Motor/ Vervoer toelaag	0.00	0.00	0.00	800.00	0.00	800.00
Behuisingstoelaag	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Onthaaltoelaag	0.00	0.00	0.00	240.00	0.00	240.00
Ander toelae	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Beleggingsinkomste	-5.00	0.00	0.00	30.00	-5.00	25.00
Rente Bank	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Rente Beleggings	-5.00	0.00	0.00	30.00	-5.00	25.00
	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Ander inkomste	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Verjaarsdag	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
0	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
0	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
0	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00

	Surplus/ tekort			Begroot	Afwyking	Werklik
UITGAWES	-419.24	0.00	0.00	13 195.00	-419.24	12 775.76
Vas	-343.06	0.00	0.00	10 725.00	-343.06	10 381.94
SALARISVERWANT						
Belasting	0.00	0.00	0.00	2 950.00	0.00	2 950.00
Lidmaatskapfooie	0.00	0.00	0.00	50.00	0.00	50.00
Mediesefondbydraes	0.00	0.00	0.00	450.00	0.00	450.00
Pensioenfonds bydraes	1.50	0.00	0.00	710.00	1.50	711.50
Werkloosheidsversekering	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
ANDER						
Behuising	-52.15	0.00	0.00	3 280.00	-52.15	3 227.85
Huishulp	0.00	0.00	0.00	100.00	0.00	100.00
Motor paaielemente	9.36	0.00	0.00	1 540.00	9.36	1 549.36
Persoonlike lenings	-3.00	0.00	0.00	490.00	-3.00	487.00
Tuindienste	0.00	0.00	0.00	140.00	0.00	140.00
VERSEKERIN						
G						
Annuiteite	0.00	0.00	0.00	145.00	0.00	145.00
Korttermyn versekering	1.23	0.00	0.00	350.00	1.23	351.23
Lewensversekering	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
PPS	0.00	0.00	0.00	75.00	0.00	75.00
Uitkeerversekering	0.00	0.00	0.00	145.00	0.00	145.00
SPAARPLANN						
E						
Onvoorsiene uitgawes	-200.00	0.00	0.00	200.00	-200.00	0.00
Studies	-50.00	0.00	0.00	50.00	-50.00	0.00
Vakansie	-50.00	0.00	0.00	50.00	-50.00	0.00
Voertuiginstandhouding	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Batevervanging	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Ander	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Veranderlik	-62.18	0.00	0.00	2 400.00	-62.18	2 337.82
Bankkoste	4.20	0.00	0.00	50.00	4.20	54.20
Brandstof	-10.00	0.00	0.00	200.00	-10.00	190.00
Bydrae tot huishouding	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Instandhouding	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Klerasie	5.00	0.00	0.00	200.00	5.00	205.00
Mediese uitgawes	-10.00	0.00	0.00	50.00	-10.00	40.00
Munisipale fooie	-49.77	0.00	0.00	450.00	-49.77	400.23
Offergawes	0.00	0.00	0.00	250.00	0.00	250.00
Rente betaal	-2.23	0.00	0.00	50.00	-2.23	47.77
Selfoon	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Skryfbehoeftes	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Telefoon	-1.44	0.00	0.00	100.00	-1.44	98.56
Toiletware en skoonheids.	-2.50	0.00	0.00	100.00	-2.50	97.50
Voedsel	4.56	0.00	0.00	950.00	4.56	954.56
Ander	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Vermeybaar	-14.00	0.00	0.00	70.00	-14.00	56.00
Diverse uitgawes	-8.00	0.00	0.00	20.00	-8.00	12.00
Donasies	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Geskenke	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Ontspanning en vermaak	-6.00	0.00	0.00	50.00	-6.00	44.00
Ander	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Bates	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Kum. begrote surplus /tekort	-625.00					
SURPLUS/(TEKORT)	-210.76	0.00	0.00	-625.00	414.24	-210.76

	HUDIGIE	VORIGE	Verandering	DT	KT
BALANSSTAAT	JAAR	JAAR			
BATES	265 454.63	265 989.39	-534.76	16 903.50	17 438.26
Nie-Lopende bates	257 641.00	257 641.00	0.00	0.00	0.00
Woonhuis	170 300.00	170 300.00	0.00	0.00	0.00
Voertuie	64 000.00	64 000.00	0.00	0.00	0.00
Meubels en toerusting	17 521.00	17 521.00	0.00	0.00	0.00
Juweliersware	5 500.00	5 500.00	0.00	0.00	0.00
Persoonlike items	320.00	320.00	0.00	0.00	0.00
Ander	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Beleggings	5 700.00	5 700.00	0.00	0.00	0.00
Aandele	2 200.00	2 200.00	0.00	0.00	0.00
Effekte Trusts	1 500.00	1 500.00	0.00	0.00	0.00
Vaste deposito's	2 000.00	2 000.00	0.00	0.00	0.00
Ander	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Lopende bates	2 113.63	2 648.39	-534.76	16 903.50	17 438.26
Debiteure	3 000.00	3 000.00	0.00	0.00	0.00
Voorskotte	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Spaarrekening	28.73	125.23	-96.50	8 403.50	8 500.00
Lopende rekening	-297.70	-1 002.50	704.80	8 000.00	7 295.20
Kredietkaart	-768.90	325.66	-1 094.56	200.00	1 294.56
Kontant	151.50	200.00	-48.50	300.00	348.50
KAPITAAL EN LASTE	264 954.63	265 489.39	3 072.82	5 588.21	2 515.39
Langtermyn verpligtinge	195 952.52	197 286.95	2 748.82	5 264.21	2 515.39
Verbande	158 748.15	158 800.00	51.85	3 227.85	3 176.00
AVO's	51 128.88	52 678.24	1 549.36	1 549.36	0.00
Bruikhuur	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Lenings	3 239.98	3 726.98	393.83	487.00	93.17
Ander	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Uitgestelde finansieringskoste	-17 164.49	-17 918.27	753.78	0.00	-753.78
Korttermynverpligtinge	0.00	324.00	324.00	324.00	0.00
Lenings	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Voorskotte	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Krediteure	0.00	324.00	324.00	324.00	0.00
Kapitaal	69 002.11	67 878.44	0.00	0.00	0.00
Opgelope saldo	61 688.48	60 354.05	0.00	0.00	0.00
Aanpassings	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Opgelope inkomste (surplus)tekort	7 524.39	7 524.39	0.00	0.00	0.00
(Surplus)tekort huidige jaar	-210.76	0.00	0.00	0.00	0.00
Spaar fondse	500.00	500.00	0.00	0.00	0.00
Onvoorsiene uitgawes	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Studies	500.00	500.00	0.00	0.00	0.00
Vakansie	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Polsslag	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Batevervanging	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00
Ander	0.00	0.00	0.00	0.00	0.00

Indien die balansstaatitem nie ingevoer is nie, sal die persoon 'n boodskap kry wat sê dat die kasboek uit balans is. Die besparing of oorskrydings word in die eerste kolom van die inkomste en uitgawes getoon. Die volgende twee kolomme kan gebruik word om begrote bedrae tussen

items oor te plaas. Indien mnr. Nel geld gespaar het op die munisipale koste en dit graag wil gebruik om die gesin uit te neem vir ete, kan dit vanaf "munisipale koste" oorgeplaas word na "ontspanning".

Indien 'n item op skuld gekoop is word die uitgawe in geheel erken asook die bron van finansiering, tensy dit 'n bate is. Waar 'n bate betrokke is, word die bate en bron van finansiering aangeteken en die paaielemente in die kasboek gereflekteer. Die lening word aangeteken met volle verantwoording van totale finansieringskoste soos by afbetalingsverkoopsooreenkomste en bruikhuure. Die model pas self die uitgestelde finansieringskoste aan. Vir ander lenings moet die rente soos op die staat van die instelling bygetel word. 'n Dubbelinskrywing soos met ander transaksies is nie nodig nie, aangesien die opgelope kapitaal outomaties aangepas word.

9.2.5 Bankrekonsiliasie

Met die bankrekonsiliasie word die saldo van die bankstaat en die kasboek vergelyk om te verseker dat alle transaksies te boek gestel is en foute nie moontlik op die bankstaat voorgekom het nie. Die werking van die bankrekonsiliasie is in hoofstuk 6 bespreek.

Voorbeeld:

	verw.	Spaarrekening	verw.	Lopende rekening	verw.	Kredietkaart
Bankstaat saldo		28.73		14.85		-1 181.35
Minus uitstaande tjeks/aankope ens.		0.00		312.55		87.55
			T203	112.55	1-Sep-98	87.55
			T205	200.00		
Plus uitstaande deposito's		0.00		0.00		500.00
					27-Sep-98	500.00
Aansuiwerings en foute		0.00		0.00		0.00
Berekende kasboek saldo		28.73		-297.70		-768.90
Werklike kasboek saldo		28.73		-297.70		-768.90
Verskil		0.00		0.00		0.00

9.2.6 Aftredebeplanning

Die stappe soos in hoofstuk 7 beskryf word gevolg. Van die persoon word verwag om sy of haar verwagte inkomstes en uitgawes na aftrede in te sleutel, teen huidige waardes. Die persoon moet ook die verwagte lewensduur invul, soos wat op die afsonderlike onderstaande tabel aangetoon word.

LEWENSVERWAGTING TABELLE

HUDIGE OUDERDOM	MAN Jare oor	MAN Verwagte oud.	VROU Jare oor	VROU Verwagte oud.
20	53.254	73.254	57.467	77.467
21	52.317	73.317	56.535	77.535
22	51.380	73.380	55.602	77.602
23	50.443	73.443	54.668	77.668
24	49.506	73.506	53.733	77.733
25	48.568	73.568	52.799	77.799
26	47.631	73.631	51.864	77.864
27	46.692	73.692	50.928	77.928
28	45.753	73.753	49.992	77.992
29	44.814	73.814	49.056	78.056
30	43.875	73.875	48.120	78.120
31	42.936	73.936	47.184	78.184
32	41.998	73.998	46.248	78.248
33	41.060	74.060	45.311	78.311
34	40.123	74.123	44.376	78.376
35	39.187	74.187	43.441	78.441
36	38.253	74.253	42.508	78.508
37	37.231	74.231	41.565	78.565
38	36.391	74.391	40.644	78.644
39	35.464	74.464	39.714	78.714
40	34.640	74.640	38.787	78.787
41	33.620	74.620	37.861	78.861
42	32.704	74.704	36.938	78.938
43	31.792	74.792	36.018	79.018
44	30.885	74.885	35.100	79.100
45	29.984	74.984	34.187	79.187
46	29.089	75.089	33.276	79.276
47	28.200	75.200	32.370	79.370
48	27.318	75.318	31.468	79.468
49	25.443	74.443	30.570	79.570
50	25.776	75.776	29.677	79.677
51	24.716	75.716	28.789	79.789
52	23.866	75.866	27.906	79.906
53	23.024	76.024	27.028	80.028
54	22.192	76.192	26.156	80.156
55	21.369	76.369	25.290	80.290
56	20.557	76.557	24.431	80.431
57	19.755	76.755	23.579	80.579
58	18.965	76.965	22.734	80.734
59	18.186	77.186	21.897	80.897
60	17.421	77.421	21.069	81.069
61	16.668	77.668	20.250	81.250
62	15.930	77.930	19.442	81.442
63	15.206	78.206	18.645	81.645
64	14.498	78.498	17.860	81.860
65	13.806	78.806	17.086	82.086

'n Inkomstesurplus of - tekort word bereken. Vervolgens moet die persoon die uitkeerdatums en bedrae van polisse invul, asook die bedrag wat verwag word om uitstaande te wees ten opsigte van lenings. Die bedrae word verwerk na huidige bedrae en vorm tesame met die jaarlikse inkomstetekort die kapitaalkort, by aftrede. Die model doen die verwerkings soos in hoofstuk 7 bespreek, en bepaal die addisionele bedrag wat die persoon per maand moet belê om finansiëel onafhanklik af te tree. Daar is egter beperkings aan die model, aangesien die volgende aannames gemaak word:

- Die gemiddelde opbrengskoers op beleggings sal realiseer
- Die inflasiekoers is akkuraat.
- Die persoon sal nie langer as die verwagte lewensduur leef nie.

Voorbeeld:

AFTREDEBEPLANNING

	Per maand	Per jaar
RENTEKOERS	1.25%	15.00%
INFLASIE	0.63%	7.50%
OUERDOM	360.26	30
M		
VERWAGTE OUDERDOM	888	74
TOT AFTREDE	299.7369863	25

INKOMSTE

	6 000.00
Salaris	6 000.00
Bruto pensioen	6 000.00
Motor/ Vervoer toelaag	0.00
Behuisingstoelaag	0.00
Onthaaltoelaag	0.00
Ander toelae	0.00
Beleggingsink:omste	0.00
Rente Bank	0.00
Rente Beleggings	0.00
Ander inkomste	0.00
Verjaarsdag	0.00

UITGAWES

6 927.00

Vas

- SALARISVERWANT
- Belasting
- Lidmaatskapfooie
- Mediesefondbydraes
- Pensioenfonds bydraes
- Werkloosheidsversekering
- ANDER
- Behuising
- Huishulp
- Motor paaielemente
- Persoonlike lenings
- Tuindienste
- VERSEKERING
- Annuïteite
- Korttermyn versekering
- Lewensversekering
- PPS
- Uitkeerversekering
- SPAARPLANNE
- Batevervanging
- Vakansie
- Versekeringsbybetalings

3 927.00

2 667.00

50.00

450.00

0.00

0.00

0.00

0.00

0.00

0.00

0.00

140.00

0.00

0.00

0.00

0.00

0.00

120.00

500.00

0.00

2 550.00

Veranderlik

- Bankkoste
- Brandstof
- Bydrae tot huishouding
- Instandhouding
- Klerasie
- Mediese uitgawes
- Munisipale fooie
- Offergawes
- Rente betaal
- Selfoon
- Skryfbehoeftes
- Telefoon
- Toiletware en skoonheids.
- Voedsel
- Ander

50.00

250.00

0.00

50.00

200.00

250.00

400.00

250.00

0.00

0.00

50.00

200.00

50.00

800.00

0.00

Vermeybaar

- Diverse uitgawes
- Donasies
- Geskenke
- Ontspanning en vermaak
- Ander

450.00

50.00

100.00

100.00

200.00

0.00

SURPLUS/(TEKORT)

maandeliks
jaarliks

-927.00

-11 124.00

Kapitaal tekort - Vandag (Jaarlikse
tekort verdiskonteer oor
lewensduur na aftrede

-115 173.95

Plus - Huidige waarde van toekomstige bedrae
(Polis)

106 705.71

